
ELLEN G. WHITE ESTATE

# DIE GROOT HOOP



ELLEN G. WHITE

**A revealing look at the battle between good and evil — and who wins.**

# Die Groot Hoop

**Ellen G. White**

**2012**

**Copyright © 2021**
**Ellen G. White Estate, Inc.**

# Information about this Book

## Overview

This eBook is provided by the Ellen G. White Estate. It is included in the larger free Online Books collection on the Ellen G. White Estate Web site.

## About the Author

Ellen G. White (1827-1915) is considered the most widely translated American author, her works having been published in more than 160 languages. She wrote more than 100,000 pages on a wide variety of spiritual and practical topics. Guided by the Holy Spirit, she exalted Jesus and pointed to the Scriptures as the basis of one's faith.

## Further Links

A Brief Biography of Ellen G. White
About the Ellen G. White Estate

## End User License Agreement

The viewing, printing or downloading of this book grants you only a limited, nonexclusive and nontransferable license for use solely by you for your own personal use. This license does not permit republication, distribution, assignment, sublicense, sale, preparation of derivative works, or other use. Any unauthorized use of this book terminates the license granted hereby. (See EGW Writings End User License Agreement.)

## Further Information

For more information about the author, publishers, or how you can support this service, please contact the Ellen G. White Estate at

mail@whiteestate.org. We are thankful for your interest and feedback and wish you God's blessing as you read.

# Inhoudsopgawe

Information about this Book . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . i
Inleiding . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . vi
1 — Warrom Is Daar Lyding? . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . 8
Ontevredenheid Onder die Engele . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . 10
Omrgemgáheiá lei tot Rktiern Hebetlie . . . . . . . . . . . . . . . . . . 11
Uit die Hemel Verban . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . 13
'n Argument om die Mens se Onthalwe . . . . . . . . . . . . . . . . . 14
2 — Hoop vir Oorwinning Oor Sonde . . . . . . . . . . . . . . . . . . . 16
Genade van Christus . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . 16
'n Oplettende Vyand . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . 17
Engele kom tot Hulp . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . 18
Beskermede Engele . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . 19
Bose Engele Opponeer God se Planne . . . . . . . . . . . . . . . . . . 20
Gevaar . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . 22
Veiligheid by jesus . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . 22
3 — Gevaarlike Verleidings . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . 23
Waarheid Maak Heilig . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . 24
Bie Hele Bybel is 'n Gids . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . 25
Die Waarheid Verwerp Omdat Dit 'n Kruis Insluit . . . . . . . . 26
Gevaarlike Dwalinge . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . 26
Skeptisisme oor die Bybel . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . 27
VoldoendeBewyse . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . 28
4 — Onverganklike Lewe . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . 31
Die Eerste Lewe . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . 32
Die Kettery oor Ewigdurende Marteling . . . . . . . . . . . . . . . . 33
Sal Almal Gered Word? . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . 34
Voorwaardes Is Gespesifiseer . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . 35
Onvoorbereid Om Die Hemel Binne Te Gaan . . . . . . . . . . . . 36
Twee Bestemmings . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . 37
Die Einde Van Lyding . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . 37
Opstanding tot die Ewige Lewe . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . 39
Onsterflikheid by Jeses se Wederkoms . . . . . . . . . . . . . . . . . 40
5 — Velse Hoop . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . 41
Beroep op Intellek . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . 42

Beroep op die Plesier-Liefhebbers . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . 43
Verbode Kommunikasie . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . 43
Die Bybel Voorgehou as Fiksie . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . 44
Verstaan die Bybel . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . 45
6 - Ware Vrede . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . 47
Ware Volgelinge van Christus . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . 48
Die Wet van Vyheid . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . 49
Oortuiging van sonde . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . 50
Luther Illustreer Hoe om Vergifnis en Verrlossing te Ontvang 51
Maak Vergifnis Ons Vry Van Gehoorsaamheid? . . . . . . . . . . 52
Wat is Heiligmaking? . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . 52
Deur Geloof Alleen . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . 53
Bybelse Heiligmaking . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . 55
Direkte Toegang Tot God . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . 56
7 — Ons Enigste Beskerming . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . 59
Verheffing van Menslike Gesag . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . 60
Die Eerste en Grootste Verantwoordelikheid . . . . . . . . . . . . . . 61
Resulte van Gebedsversuim en Bybelstudie . . . . . . . . . . . . . . 62
8 — Ter Verdediging van die Waarheid . . . . . . . . . . . . . . . . . . 64
Herstelling van die Waarheid . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . 64
Werklike Sabbat Altyd Gedenk . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . 66
Geloof en Moed . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . 68
9 — Ware Hoop . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . 70
Die Oproep om Voor Te Berei . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . 72
Gevaar om Weerstand te bied teen die Evangelie Oproep . . . 73
Satan Probeer om Mense in sy Mag te Hou . . . . . . . . . . . . . . 74
’n Geloop Wat Vas Bly Staan . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . 77
Die Glanspuant Gebeurlenis . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . 77
God se Oienaars sal Nie Mistei word die . . . . . . . . . . . . . . . 78
10 - Die Groot Bevryding . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . 80
Verlossing Kom! . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . 81
Die Dag van die Here . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . 82
Die Koning van die Konings Verskyn . . . . . . . . . . . . . . . . . . 83
Opstanding van God se Volk . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . 84
In die Heilige Stad . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . 85
Die Twee Adams Ontmoet . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . 86
Die Verlostes in Glorie . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . 88
11 - Oorwinning va Liefde . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . 90

Die Finale Aanslag Teen God . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . 91
Vonnis Uitoesoreek Teen Die Rebelle . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . 92
Satan Oorwin . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . 94
Geweldadige Einde van die Goddeloses . . . . . . . . . . . . . . . . . . 96
Ons Finale Woning . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . 96
Die Triemf van God se Liefde . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . 98

# Inleiding

Wanneer rampe, onrus of oorlog skielik ons lewens teister; wanneer ons drome van sukses verpletter word; wanneer siekte en die dood ons geliefde agtervolg - is daar slegs een ding wat ons ons koppe omhoog laat hou en wat vorentoe wys - hoop. Hoop vir ‘n beter more, vir ‘n blink toekoms; vir ‘n gelukkiger dag. Hoop dat die lewe uit meer bestaan as wat ons nou sien en voel.

Hierdie boek is ‘n geskiedenis van hoop. Hoewel dit geskryf is binne die styl en historiese konteks van die 19de eeu, bied dit skerpe insigte vir die 21 ste eeu. Dit is die geskiedenis van ‘n God van liefde, ‘n God wat ingetree het om mense te beskerm en te red, selfs nog voordat hulle bestaan het. Toe lyding en die dood ingetree het in die wêreld, het God nie net eenkant gestaan en die vernietiging bekyk nie. Hy het ‘n plan onthul om mense te red - en die plan is vandag in volle werking.

Die mens se geskiedenis is vol van verhale van diegene wat vir hulself die reg toege-eien het om die Bybel se leerte verduidelik en uitte brei. Hoop en vrede is herhaaldelik versteur deur manne wat voorgee dat hulle in Gods naam en in Sy gesag optree. Die wêreld is verduister deur misverstand oor wie God regtig is, en selfs twyfel oor Sy bestaan.

Maar God se liefde vir mense het nie verflou nie.

[5] Nieteenstaande wat oor Hom gesê is, en die leer van sommiges wat beweer hulle praat namens Hom, kan die waarheid oor God in Sy Woord gevind word - deur almal wat met ope harte daarna soek.

Soek u na waarheid - na vrede - na hoop? Waar sal u begin? Dit blyk of nasies neig na oorlog. Die wêreldekonomie is byna aan flarde. Natuurrampe en die ‘vergiftigde’ ekologie ding mee om die omgewing ‘n finale nekslag toe te dien. Die globale klimaat blyk buite beheer te wees. Dit blyk nie meer dat die wysheid van mense ‘n veilige toekoms of enige hoop op geluk kan bied nie.

Maar ons is glad nie sonder hoop nie! Volg God se spoor deur die mens se geskiedenis en kyk self na Sy aanbod om ons te red.

Ontdek die waarhede wat ons uitkoms gee van die duiwel se leuens. Ontdek waarhede wat vandag u lewe kan verander, en u hoop kan gee op ‘n ewige lewe.

En verder, kyk vorentoe, deur die Skrif se profesieë, na die geskiedenis wat nog nie opgeteken is nie. Sien hoe God se greep op ons hande al hoe sterker word namate die wêreld verkrummel. Ons toekoms is seker as ons hand in Syne bly.

Maak nie saak wat vandag in u persoonlike lewe of in die wêreld om ons plaasvind nie - u kan Groot Hoop hê vir more. Maak vandag u hart oop vir die Groot Hoop wat God vandag vir u bied.

[6] # 1 — Warrom Is Daar Lyding?

Baie sien die werk van die bose, met sy smart en verwoesting, en vra hoe dit moontlik kan wees onder die soewereiniteit van Een wie oneindig is in wysheid, krag en liefde. Diegene wie ontvanklik is vir twyfel, neem dit aan as verskoning om die woorde van die Heilige Skrif te verwerp. Tradisie en wanvertolking het die leer van die Bybel oor God se karakter, die eienskappe van Sy regering en die beginsels waarop God met sonde handel, in vertwyfeling gebring.

Dit is onmoontlik om die oorsprong van sonde so te verduidelik dat die bestaan daarvan redelik kan wees. Voldoende begrip aangaande die oorsprong en finale beskikking van sonde, bestaan nietemin, om die volle manifestering van God se welwillendheid en geregtigheid te verstaan. God was in geen opsig verantwoordelik vir sonde nie; daar was geen arbitrêre onttrekking van goddelike genade nie, geen gebrek in die goddellike regering, wat aanleiding tot rebellie kon gee nie.

Sonde is 'n indringer vir wie se teenwoordigheid geen rede voorsien kan word nie. Om dit te verskoon is om dit te verdedig.
[7] Indien verskoning vir sonde gevind kan word, sal dit nie langer as sonde beskou word nie. Sonde is die uitwerking van 'n beginsel wat teenstrydig is met die wet van liefde, wat die fondament is van die goddellike regering.

Voor die intrede van sonde was daar vrede en vreugde dwarsdeur die heelal. Liefde vir God was die belangrikste, liefde vir mekaar onbevooroordeeld. Christus die Enigste Seun van God was een met die Ewige Vader in natuur, in karakter en in doel - die enigste wese wat toeganklikheid geniet tot die raad en planne van God. "Want in Hom is alle dinge geskape wat in die hemele en op die aarde is, wat sienlik en onsienlik is, trone sowel as heerskappye en owerhede en magte." Kolossense 1:16. Die wet van liefde is die fondament van die regering van God, die geluk van alle geskape wesens is onderworpe aan hulle ooreenstemming met die beginsels van geregtigheid. God

put geen genot uit geforseerde getrouheid nie en Hy bied aan almal vryheid van wil, sodat elkeen Hom vrywilliglik kan dien.

Maar daar was een wie gekies het om sy vryheid te misbruik. Sonde het by hom ontstaan, wie naas Christus, die meeste deur God vereer is. Voor sy val, was Lucifer die eerste van die bedekkende gerubs, heilig en onbesoedel. "So spreek die Here Here: Jy was die seëlring van eweredigheid, vol wysheid en volmaak in skoonheid. Jy was in Eden, die tuin van God; allerhande edelgesteentes was jou bedekking Jy was 'n gerub met uitgespreide vlerke wat beskut en Ek het jou gestel op 'n heilige berg; 'n god was jy; jy het gewandel tussen vurige gesteentes. Jy was volkome in jou weë van die dag af dat jy geskape is, totdat daar ongeregtigheid in jou gevind is. Hoogmoedig het jou hart geword oor jou skoonheid; jy het jou wysheid verderwe weens jou glans." "Omdat jy jou hart gemaak het soos die hart van 'n god." "En jy het in jou hart gesê: Ek wil opklim in die hemel, my troon verhef bo die sterre van God en sit op die [8] berg van samekoms in die uithoeke van die Noorde." "Ek wil klim bo die hoogtes van die wolke, my gelykstel met die Allerhoogste!" Esegiël 28:12-17; 28:6; Jesaja 14:13,14.

'n Smagting na die eer wat die Vader geskenk het aan Sy Seun het hierdie prins van engele laat aspireer om mag te verkry wat die prerogatief van Christus alleen was. Onenigheid het nou die hemelse harmonie geskend. Selfverhoging het voorbodes van onheil wakker gemaak in die gedagtes van hemelse wesens vir wie God se heerlikheid die belangrikste was. Die hemelse raadsvergaderings het by Lucifer gepleit. Die Seun van God het vir hom die goedheid en regverdigheid van die Skepper en die heilige karakter van Sy wet uitgewys. Deur af te wyk van die onderhouding van God se wet, het Lucifer sy Skepper onteer en vernietiging oor homself gebring. Die waarskuwing het egter slegs teenkanting uitgelok. Lucifer het toegelaat dat sy jaloesie op Christus seëvier.

Trots het die begeerte vir oppergesag versterk. Die groot eerbewyse wat Lucifer ontvang het, het geen dankbaarheid teenoor die Skepper ontlok nie. Lucifer het aspireer om God se gelyke te wees. Die Seun van God was egter die Soewereine Opperhoof in die hemel, een in mag en gesag met die Vader. In al die raadsvergaderings van God was Christus 'n deelnemer, maar Lucifer was nie toegelaat om deel te wees van goddellike besluitnemings nie. "Waarom," het

hierdie magtige engel gevra, “moet Christus die oppergesag geniet? Hoekom moet Hy op hierdie wyse bo Lucifer vereer word?”

## Ontevredenheid Onder die Engele

Lucifer het sy plek in die teenwoordigheid van God verlaat en ontevredenheid onder die ander engele aangemoedig. Met geheimsinnige geheimhouding, onder voorwendsel van eerbied vir God en
[9] deur sy eintlike doei te verberg, het Lucifer gepoog om ontevredenheid te verwek aangaande die wette wat hemelse wesens onderworpe aan was, deur voorte hou dat hierdie wette onnodige beperkings opgeiê het. Aangesien engeie heilige wesens is, het Lucifer daarop aangedring dat engele slegs hul eie vrye wil moes eerbiedig. God het onregverdiglik opgetree deur die hoogste eer aan Christus te gee. Lucifer het beweer dat hy nie sy selfverhoging nagestreef het nie, maar dat sy doel was om vryheid vir al die inwoners van die hemel te verkry sodat hulle ‘n hoër vlak van bestaan of seifverwesenliking kon bereik.

God was geduldig met Lucifer. Lucifer was nie degradeer van sy verhoogde posisie nie, selfs nie nadat hy begin het om valse steilings voor die engele te maak nie. Keer op keer was vergifnis vir hom aangebied, onderworpe aan sondebelydenis en onderwerping aan gesag. Pogings wat slegs deur oneindigende liefde voortgebring kan word, is aangewend om Luciferte probeer oortuig van sy foute. Onvergenoegdheid was nooit voorheen in die hemel geken nie. Lucifer het persoonlik aanvanklik ook nie die werklike natuur van sy gevoelens verstaan nie. Omdat dit bewys was dat sy ontevredenheid ongegrond
[10] was, is Lucifer oortuig dat die goddellike eise regverdig was en dat
[11] hy dit voor die volle vergadering in die hemel moes erken. Indien Lucifer dit gedoen het, kon hy moontlik homself en baie ander engele gered het. Indien Lucifer bereid was om terug te keer na God en tevrede gewees het om die posisie en plek in te neem wat God vir hom aangewys het, sou Lucifer weer in sy amp aangestel geword het. Trots het Lucifer egter verbied om homseif te onderwerp. Hy het volgehou dat hy geen behoefte gehad het om skuldbelydenis te doen nie en het besluit om homself ten volle te verbind tot die groot stryd met sy Skepper.

Ai die kragte van sy meesterbrein is nou aangewend vir misleiding, om die simpatie van die engele te verkry. Satan het aangevoer dat hy onregverdiglik en verkeerdelik beoordeel is en dat sy vryheid geskend was. Lucifer het wegbeweeg van wanvoorstelling van die woorde van Christus na direkte valsheid, deur die Seun van God te beskuldig van ‘n pian om hom voor die inwoners van die hemel te wil verneder.

Almal wie hy nie kon oorhaal na sy kant toe nie, het hy beskuldig van onverskilligheid teenoor die belange van hemelwesens. Hy het hom toe gewend na wanvoorstelling van die Skepper. Oit was sy beleid om die engele te verwar met subtiele argumente aangaande God se bedoelings. Enige iets eenvoudigs het hy omsluit in geheimsinnigheid en deur kreatiewe verdraaiing het hy twyfel gesaai oor duideiike en eenvoudige stellings van God. Sy hoë posisie het groter gesag gegee aan sy wanvoorstellings. Baie engele is oorreed om saam met hom te verenig in rebellie.

### Omrgemgáheiá lei tot Rktiern Hebetlie

God het in sy wysheid besluit om Satan toe te laat om voort te gaan met sy planne, totdat die gees van onvergenoegdheid vererger het en aktiewe opstand gevolg het. Dit was noodsaaklik vir sy planne [12]
om ten volle te ontwikkel, sodat die ware bedoelings deur almal identifiseer kon word. Lucifer was baie bemind deur die hemelse wesens en sy invloed oor hulle was baie sterk. God se regering het nie alleen die hemelwesens ingesluit nie, maar van al die wêrelde wat Hy geskape het; en Satan het gedink dat indien hy die engele kon oorreed en saamsnoer in rebellie, hy ook die ander wêrelde kon oorreed.

Deur gebruik te maak van sofistery en bedrog, was sy krag om te mislei baie groot. Selfs die lojale engele kon nie sy karakter ten volle ontleed of begryp wat die uiteindelike gevolge van sy werke sou wees nie.

Satan was so hoog vereer en al sy optredes so omsluit in geheimsinnigheid, dat dit moeilik was vir die engele om die werklike toedrag van sake te kon onderskei. Tensy dit ten volle ontwikkel is, kan die werklike onheil van sonde nie besef word nie. Selfs heilige engele kon nie die gevolge onderskei en voorsien, wat die afskaffing

van die goddellike wet(te) sou inhou nie. Satan het aanvanklik voorgegee dat hy hom beywer het om God se eer te bevorder en dat hy die beste belange van al die

[13] In Sy hantering van sonde, kan God alleenlik geregtigheid en waarheid gebruik. Satan kon gebruik wat God nie kon gebruik nie naamlik - vleitaal en bedrog. Die ware karakter van die usurpator (gewelddadige inbesitnemer) moet deur almal verstaan word. Hy moet tyd gegun word om homself te manifesteer deur sy onheilige planne.

Vir die verdeeldheid wat sy eie planne veroorsaak het in die hemel, het Satan vir God as die oorsaak blameer en beskuldig. Alle boosheid het hy toegeskryf as die resultaat van goddeliike bestuur. Vir daardie rede was dit belangrik dat hy sy voorgenome veranderings van goddellike wetgewing moes demonstreer. Sy eie werke moet hom veroordeel. Die heelal moet die bedrieër ontmasker sien.

Selfs nadat besluit is dat Satan nie langer in die hemel kon bly nie, het Oneindige Wysheid nie vir Satan vernietig nie. Die getrouheid van God se skepsels moet berus op oortuiging van God se regverdigheid. Die inwoners van die hemel en ander wêrelde, wat
[14] onbekend en onvoorbereid was om die gevolge van sonde te verstaan, sou op daardie tydstip nie God se genade en regverdigheid begryp het, indien God vir Satan sou vernietig het nie. Indien God vir Satan onmiddellik uitgewis het, sou ander skepsels God gedien het uit vrees en nie uit liefde nie Die invloed van die bedrieër sou ook nie ten volle vernietig gewees het nie en ook sou die gees van rebellie nie uitgeroei gewees het nie. Vir die beswil van die heelal deur die oneindigheid heen, moes Satan sy planne meer volledig tot uitvoer bring, sodat sy aanklagte teen die goddellike regering deur alle geskape wesens in werklike perspektief gesien kan word.

Satan se rebellie moes vir die heelal getuig van die verskriklike resultate van sonde. Satan se heerskappy sal die vrugte vertoon, waar goddellike gesag verwerp word. Die geskiedenis van hierdie verskriklike eksperiment van rebellie, is bedoel om 'n ewigdurende beveiliging vir alle heilige en redelike wesens te wees, om hulle van sonde en die dood (straf vir sonde) te red.

Toe dit aangekondig is dat die usurpator en al sy simpatiseerders uit die hemel gewerp moes word, het die rebelle leier vermetel sy minagting van die Skepper se wet verklaar. Hy het die goddellike

wetlike gesag verwerp as ‘n beperking van vryheid en het sy doelstelling om die afskaffing van die wet te verseker, bevestig. Hy het verklaar dat indien die hemelwesens bevry word van hierdie beperking op vryheid, hulle moontlik ‘n verhoogde vlak van bestaan sal kan bereik.

## Uit die Hemel Verban [15]

Satan en sy gevolg het vir Christus die skuid vir die rebellie gegee; indien hulle nie berispe was nie, sou hulle nooit gerebelleer het nie. Weerbarstig en uitdagend, terwyl hulle godlasterlik aanspraak maak dat hulle onskuldige slagoffers is van onderdukkende gesag, is die aartsrebel en sy simpatiseerders uit die hemel verban. Sien Openbaring 12:79.

Satan se gees is steeds besig om rebellie op aarde te inspireer in die kinders van ongehoorsaamheid. Net soos Satan beloof hulle vryheid aan mense, deur oortreding van God se wet. Teregwysing [16] van sonde wek steeds haat op. Satan verlei die mens om hulself te regverdig en om die simpatie van andere te soek vir hul sonde. In plaas daarvan om foute te korrigeer, verwek hulle verontwaardiging teenoor die teregwyser, asof hy/sy die oorsaak was van die oortreding, sonde of probleem.

Deur dieselfde wanvoorstelling van die karakter van God, soos wat hy gedoen het in die hemel, deur Hom te beskou as wreed en tiranies, het Satan die mens ook oorreed om te sondig.

Hy het verklaar dat God se onregverdige beperkings tot die val van die mens gelei het, soos wat God se beperkings tot sy eie rebellie gelei het.

In die verbanning van Satan uit die hemel, het God sy regverdig- [17] heid en eer verklaar. Maar toe die mens gesondig het, het God bewys gelewer van Sy liefde, deur Sy eie Seun te stuur om vir die gevalle mensdom te sterf. Deur die versoeningsbloed word die karakter van God openbaar. Die kragtige argument van die kruis demonstreer dat sonde geensins toegeskryf kan word aan die regering van God nie. Gedurende die Verlosser se aardse bediening, is die groot bedrieër ontmasker. Die vermetelde godslastering van sy versoek dat Christus aan hom hulde bring, die onvermoeide kwaadwilligheid wat jag op Hom gemaak het van plek tot plek, wat die harte van priesters en

mense inspireer het om Sy liefde te verwerp en te skreeu, "Kruisig hom! Kruisig hom!" - al hierdie gebeure het die verwondering en verontwaardiging van die wêreld verwek. Die prins van sonde het al sy kragte en sluheid aangewend om Jesus te vernietig. Satan het die mense en sy agente aangewend om die Veriosser se lewe te vul met lyding en smarte. Die opgekropte vure van jaloesie, afguns, haat en wraaksug het uitgebars op Golgota teen die Seun van God.

Nou het Satan se skuld uitgekom sonder verskoning. Hy het sy ware karakter getoon. Satan se aanklagtes gevul met leuens teen die goddellike karakter het nou duidelik aan die lig gekom. Hy het God aangekia van die verhoging van Homself deur gehoorsaamheid te vereis van Sy skepsels en het verklaar dat terwyl die Skepper noukeuriglik selfverioëning van almal verlang het, Hy Homself nie selfverioëning beoefen het nie en geen opofferings gemaak het nie. Nou is dit egter onteenseglik bewys dat die Regeerder van die heelal die grootste opoffering gemaak het wat liefde kan maak, "naamlik dat God in Christus die wêreld met Homself versoen het." 2 Korinthiërs 5:19. Sodat sonde vernietig kon word het Christus Homself verneder en tot die dood toe gehoorsaam gebly.

## [18] 'n Argument om die Mens se Onthalwe

Die hemel het God se regverdigheid openbaar gesien. Lucifer het die stelling gemaak dat die sondige ras onbevrybaar was. Maar die straf vir die sonde het op Hom geval wie gelyk was aan God en die mens was vry om die geregtigheid van Christus aan te neem en deur berou en vernedering te triomfeer oor die mag van Satan.

Maar dit was nie alleen om die mens te red dat Christus aarde toe gekom het om te sterf nie. Hy het gekom om aan die wêreld te demonstreer dat God se wet onveranderlik is. Die sterfte van Christus bewys dat God se wet onveranderlik is en dat regverdigheid en genade die fondamente is van die regering van God. In die finale oordeel sal dit gesien word dat geen rede vir sonde bestaan nie. Wanneer die Regter van die wêreld vir Satan sal vra, "Waarom het jy teen My rebelleer?" sal die veroorsaker van alle sonde sal geen verskoning kan aanbied nie.

[19] In die Verlosser se laaste uitroep, "Dit is volbring!" is die doodsklok van Satan gelui. Die groot stryd1 wat so lank in proses was,

was toe beslis, die finale uitwissing van sonde was verseker. "Want kyk, die dag kom en dit brand soos 'n oond.

Dan sal al die vermeteles en almal wat goddeloosheid bedrywe, 'n stoppel wees; en die dag wat kom, sal hulle aan die brand steek, sê die Here van die leërskare; sodat dit vir hulle geen wortel of tak sal oorlaat nie." Maleagi 4:1.

Nooit sal onheil weer manifesteer nie. Die wet van God sal gehuldig word as die wet van vryheid. 'n Getoetste en beproefde skepping sal nooit weer van hul getrouheid teenoor Hom wie se karakter manifesteer het as peillose liefde en oneindige wysheid, afstand doen nie.

[20] # 2 — Hoop vir Oorwinning Oor Sonde

En ek sal vyandskap stel tussen jou en die vrou, en tussen jou saad en haar saad. Hy sal jou die kop vermorsel en jy sal hom in die hakskeen byt.” Genesis 3:15. Hierdie vyandskap is nie natuurlik nie. Toe die mens God se wet oortree het, het sy natuur sondig geword, in harmonie met Satan. Gevalle engele en goddelose mense het verenig in desperate kameraadskap. Indien God nie ingegryp het nie, sou Satan en die mens ‘n alliansie gevorm hetteen die Hemel en die hele menslike familie sou verenig het in opposisie teenoor God.

Toe Satan verneem het dat vyandskap sal bestaan tussen homself en die vrou en tussen sy saad en haar saad, het hy besef dat op een of ander wyse sou die mens bemagtig word om sy krag te weerstaan.

## Genade van Christus

Christus doen ‘n inplanting in die mens, wat vyandskap stel tussen hom en Satan. Sonder hierdie bekerende genade en vernuwende krag, sou die mens voortgegaan het om ‘n slaaf te bly en altyd gereed
[21] wees om Satan se bevele te gehoorsaam. Maar die nuwe beginsel in die siel veroorsaak konflik; die krag wat Christus vrystel bemagtig die mens om die Satan te weerstaan. Om sonde te verafsku eerder as om dit lief te hê, vertoon ‘n beginsel wat afkomstig is van bo.

Die antagonisme tussen Christus en Satan was merkwaardiglik vertoon in die wêreld se ontvangs van Jesus.

Die reinheid en heiligheid van Christus het die haat van die goddelose teen hom ontketen.

Sy selfverloëning was ‘n ewigdurende teregwysing van ‘n trotse, wellustige mensdom. Satan en bose engele het verenig met bose mense teen die Kampvegter vir waarheid. Dieselfde vyandskap manifesteer teen Christus se volgelinge. Almal wie versoeking weerstaan sal die gramskap van Satan uitlok. Christus en Satan kan nie harmoniseer nie. “En almal wat ook godvrugtig wil lewe in Christus Jesus, sal vervolg word.” 2 Timoteus 3:12.

Satan se agente is daarop uit om Christus se volgelinge te mislei en om hulle af te rokkel van hul getrouheid. Hulle verdraai die Skrif om hul doelwitte te bereik. Die gees wie Christus laat doodmaak het, motiveer die bose magte om Sy volgelinge te vernietig. Al hierdie gebeure is voorspel in daardie eerste profesie; "En Ek sal vyandskap stel tussen jou en die vrou en tussen jou saad en haar saad."

Waarom is dit dat Satan nie 'n groter weerstand ontmoet nie? Omdat die soldate van Christus so min werklike kontak met Christus het. Sonde vir hulle is nie walglik soos dit vir hul Meester was nie. Hulle ontmoet nie sonde met gedetermineerde weerstand nie. Hulle is verblind vir die karakter van die prins van duisternis. Menigtes weet nie dat hul vyand 'n magtige generaal is wat oorlog voerteen Christus nie. Selfs predikante wie die evangelie verkondig, ignoreer die bewyse van sy aktiwiteite. Dit wil voorkom asof hulle selfs sy bestaan ignoreer.

## 'n Oplettende Vyand [22]

Hierdie oplettende vyand stel homself bekend in elke huishouding, in elke straat, in die kerke, in nasionale rade, in geregshowe, verwar, mislei, verlei en oral vernietig hy die siele en liggame van mans, vroue en kinders. Hy verbrokkel families, saai haat, onenigheid, ophitsing en moord. Dit wil voorkom of die wêreld aanvaar dat God hierdie dinge bepaal het en dat hulle moet bestaan. Almal wie nie volgelinge van Christus is nie, is slawe van Satan. Wanneer Christene vereniging met die goddelose kies, stel hulle hulself bloot aan versoeking. Satan verberg homself en trek sy misleidende sluier oor hulle oë.

Aanpassing by onkerklike tradisies verander die kerk na die wêreld, nooit die wêreld na Christus nie. Familiariteit met sonde sal veroorsaak dat dit minder weersindwekkend is. Wanneer ons pligshalwe in versoeking kom, kan ons seker wees dat God ons sal beskerm; maar indien ons onsself aan versoeking blootstel, sal ons vroeër of later swig.

Die verleier werk dikwels suksesvol deur hulle wie die minste verdink word dat hulle onder sy beheer staan. Talente en kultuur is gawes van God, maar indien hulle weglei van God af, word hulle

vangstrikke. Baie persone van kulturele intellek en aangename maniere, is dikwels gepoleerde instrumente in die hande van Satan.

Moet nooit die geinspireerde waarskuwings deur die eeue heen tot vandag toe vergeet nie:

[23] "Wees nugter en waaksaam, want julle teëstander, die duiwel, loop rond soos 'n brullende leeu en soek wie hy kan verslind." "Trek die volle wapenrusting van God aan, sodat julle staande kan bly teen die liste van die duiwel." 1 Petrus 5:8; Efesiërs 6:11. Ons groot teenstander is besig om voor te berei vir sy laaste veldtog. Almal wie Jesus volg sal in konflik wees met hierdie vyand. Hoe duideliker en meer nougeset die Christen die goddellike voorbeeld navolg, hoe meer verseker is dit dat hy/sy 'n teiken vir die aanvalle van Satan sal word.

Satan het Christus aangeval met verskriklike en subtiele versoekings; maar hy was in elke konflik teruggedryf. Daardie oorwinnings maak dit moontlik vir ons om te triomfeer. Christus sal krag gee aan elkeen wat dit soek. Geen persoon kan sonder toestemming deur Satan oorweldig of oorrompel word nie. Die verleier het geen mag om die wil te beheer of om die siel te forseer om te sondig nie. Satan kan rampspoed bewerkstellig maar nie verontreiniging forseer nie. Die feit dat Christus oorwin het behoort Sy volgelinge te inspireer om met moed te veg in hierdie stryd teen Satan en die sonde.

## Engele kom tot Hulp

Engele van God en bose geeste word duidelik openbaar in die Skrif en is deurvleg in menslike geskiedenis. Heilige engele wat "... vir diens uitgestuur word ter wille van die wat die saligheid sal beërwe." (Hebreërs 1:14.) Engele word deur baie beskou as
[24] geeste van die dooies. Maar die Skrif voorsien bewyse dat engele nie liggaamlose geeste van die dooies is nie.

Voor die skepping van die mens het engele reeds bestaan, want toe die fondamente van die aarde gelê was, het "die móresterre saam gejubel en al die seuns van God getuig." Job 38:7. Na die val van die mens, is engele gestuur om die boom van die lewe op te pas nog voordat 'n mens gesterf het. Engele is superieur teenoor die mens, want: "U het hom 'n weinig minder gemaak as 'n goddellike wese en hom met eer en heerlikheid gekroon." Psalm 8:6.

Soos die profeet gesê het, “Toe sien ek en ek hoor ‘n stem van baie engele rondom die troon”.

“Loof die Here, sy engele, kragtige helde wat Sy woord volbring, aan die gehoorsaamheid van die stem van Sy woord!” “Loof die Here, al sy leërskare, sy dienaars wat sy welbehae doen!”

“Die hemelse Jerusalem en tienduisende engele ...” Openbaring 5:11; Psalm 103:20, 21; Hebreërs 12:22. As God se boodskappers word hulle uitgestuur, “in aansien soos ‘n bliksemstraal”, so vinnig is hul vlug. Die engel wat by die Verlosser se graf verskyn het, se voorkoms was “... soos weerlig en sy kleding wit soos sneeu.” “En uit vrees vir hom het die wagte gebewe en soos dooies geword.” Toe Sanherib God gelaster het en Israel bedreig het, “... het die engel van die Here uitgetrek en in die laer van die Assiriërs honderd-vyf-entagtig duisend verslaan.” Esegiël 1:14; Mattheus 28:3, 4; 2 Konings 19:35.

Engele word uitgestuur op sendings van genade na die kinders van God. Na Abraham met beloftes van seën; na Sodom om Lot van verdoemenis te red; na Elia wie sterwend was in die woestyn; na Elisa met strydwaens en perde van vuur toe hy omsingel is deur sy
vyande; na Daniël in die leeukuil; na Petrus toe hy verdoem was [25]
tot die dood in Herodus se tronk; na die gevangenes in Fillippi; [26]
na Paulus in die nag van die stormwind (orkaan) op die see; om Cornelius se verstand ontvanklik te maak vir die evangelie; om Petrus uit te stuur met ‘n boodskap van verlossing na die heidense vreemdeling - so het heilige engele God se mense versorg.

## Beskermede Engele

’n Beskermengel is aangestel vir elke volgeling van Christus. “Die engel van die Here trek ‘n laer rondom die wat Hom vrees en red hulle uit.” So het die Verlosser gesê toe hy gepraat het van die wie in Hom glo: “Want Ek sê vir julle dat hulle engele in die hemel altyd die aangesig sien van My vader wat in die hemel is.” Psalm 34:8; Mattheus 18:10. God se mense wie altyd blootgestel is aan die waaksame boosaardigheid van die prins van die duisternis, word verseker van die onophoudelike beskerming van engele. Hierdie versekering word gegee aangesien daar magtige agente van die bose

is om teen te staan - talryke, gedetermineerde en onvermoeibare agente van bose magte.

## Bose Engele Opponeer God se Planne

Bose geeste, wie in die begin sondeloos was, was gelyk in natuur, krag en glorie met die heilige engele wie nou God se boodskappers is. Maar as gevolg van sonde, het hulle nou kragte saamgesnoer tot die oneer van God en vernietiging van die mensdom. Verenig met Satan in rebellie, verleen hulle samewerking in oorlogvoering teen die goddellike gesag.

Ou Testamentiese geskiedenis vermeld hierdie gevalle engele se bestaan, maar gedurende die tyd van Christus se lewe op aarde, het hierdie bose geeste se krag op die mees treffende wyses gemanifes-
[27] teer. Christus het aarde toe gekom om die mensdom te red en Satan was vasbeslote om die wêreld te regeer. Satan het daarin geslaag om afgodediens dwarsdeur die wêreld te vestig, behalwe in Palestina. Na die enigste land wat nog nie heeltemal geswig het onder die verleier se aanslae nie, het Christus gekom, met sy arms van liefde uitgestrek, met uitnodiging aan almal om vergifnis en vrede van Hom te ontvang. Die bose geeste het besef dat indien Christus se missie suksesvol sou wees, hulle heerskappy oor die aarde vinnig tot ‘n einde sou kom.

Dat mense deur demone in besit geneem is, word duidelik in die Nuwe Testament bevestig. Persone wie deur bose geeste in besit geneem is, het nie bloot gely as gevolg van natuurlike siektes nie, maar Christus het die direkte teenwoordigheid en betrokkenheid van
[28] bose geeste in mense identifiseer. Die demone by Gadara, ellendige maniakke, verwronge, skuimende, woedende demone, het hulle self geweld aangedoen en almal wie hulle genader het se lewens in gevaar gestel. Bosegeesgevulde mense se bloeiende, verwronge liggame en geestesversteurde breine was ‘n baie bevredigende skouspel vir die prins van die duisternis. Een van die demone wat ‘n slagoffer beset het, het op ‘n vraag van Jesus uitgeroep: “My naam is Legio, want ons is baie.” Markus 5:9.

In die Romeinse leër het ‘n legioen bestaan uit tussen drie tot vyf duisend man. Op die bevel van Jesus het die bose geeste hul slagoffers verlaat en toe was die slagoffers se geestestoestand be-

teueld, intelligent en sagsinnig. Die demone het in ‘n trop varke ingevaar en die varke die see ingedryf. Vir die inwoners van Gadara was hierdie verlies aan varke egter groter as die seëning wat Jesus op hulle uitgestort het; die goddellike Geneesheer was verplig om die plek te verlaat. Sien Mattheüs 8:23-34. Deur die blaam vir hulle verlies op Jesus te plaas, het Satan die selfsugtige vrese van die mense opgewek om hulle daarvan te weerhou om na Sy woorde te luister.

Christus het die bose geeste toegelaat om die varke te vernietig as ‘n teregwysing vir die Jode wie met onrein diere geboer het met die [29]
oog op winsbejag. Indien Jesus nie die bose geeste bestraf het nie, sou hulle nie net die varke nie, maar ook hul oppassers en eienaars die see ingedryf het.

Bowendien het Jesus hierdie gebeure laat plaasvind sodat die dissipels ook kon sien en getuig van Satan se wreedaardige magsbeoefening oor mens sowel as dier, sodat hulle nie deur sy listige planne mislei sou word nie. Dit was ook Christus se bedoeling dat die inwoners Sy krag moes ervaar en besef dat Hy die mag van sonde kan verbreek en Satan se slagoffers kan bevry. Alhoewel Jesus self vertrek het, het die mense wie so wonderbaarlik gered is, agtergebly om die genade van hul Weldoener bekend te maak.

Ander gevalle is ook opgeteken. Die dogter van die SieroFeniciese vrou, wie ernstiglik deur ‘n duiwel getreiter is, wat Jesus uit haar verdryf het deur Sy woord (Markus 7:25-30); ‘n jongeling wie deur ‘n bose gees beset was wat hom stom gemaak het, “en dikwels het hy hom selfs in die vuur en in die water gegooi om hom dood te maak” (Markus 9:17-27); of die man, wie geteister was deur ‘n gees van ‘n onreine duiwel, wie die Sabbatsrus by Kapernaum versteur het (Lukas 4:33-36) - almal was genees deur die Verlosser. In feitlik
elke geval, het Christus die demoon aangespreek as ‘n intelligente [30]
entiteit, wie beveel is om nie langer sy slagoffer te folter nie. Die aanbidders van Kapernaum het met mekaar gepraat en gesê:“Wat vir ‘n woord is dit, dat Hy met gesag en mag die onreine geeste gebied, en hulle gaan uit!” Lukas 4:36.

Met die doel om bonatuurlike kragte te kan verkry, het sommige
mense die satanistiese invloede verwelkom. Hierdie mense het na- [31]
tuurlik geen konflik met demone gehad nie. Uit hierdie geledere was individue wie ‘n gees van waarsêery gehad hetSimon Magus, Elimas

die towenaar en die slavin met die waarsêrsgees wie vir Paulus en Silas in Filippi gevolg het. Sien Handelinge 8:9; 18; 13:8; 16:16-18.

## Gevaar

Niemand is in groter gevaar as hulle wie die bestaan van die duiwel en sy engele ontken nie.

Baie slaan ag op hul teorieë terwyl hulle veronderstel dat hulle hul eie wysheid volg. Soos wat ons die eindtyd nader, wanneer Satan met sy grootste krag sal poog om te mislei, versprei hy oral die geloof dat hy nie bestaan nie. Dit is Satan se beleid om homself te verberg en sy modus operandi te verswyg.

Die groot misleier vrees dat ons vertroud sal raak met sy listige planne. Om sy ware karakterte vermom het hy gesorg dat hy sodaniglik voorgestel word, sodat minagting en bespotting in die proses ontketen kan word. Satan is tevrede om voorgestel te word as belaglik, as misvormd of half dier en half mens. Hy is tevrede om sy naam te hoortydens vermaak en bespotting. Omdat hy homself vermom het met volmaakte vernuf, word die vraag wyd en in die algemeen gevra:"Bestaan daar werklik so 'n wese?" Dit is omdat Satan geredelik die gedagtes van niksvermoedende massas kan beheer, wie onbewus is van sy invloed en sy geheime magte, wat alleenlik deur die Woord van God aan ons openbaar gemaak word, sodat ons daardeur op ons hoede kan wees.

## Veiligheid by jesus

Ons kan skuiling vind en bevryding verkry in die superieure krag van ons Verlosser. Met versigtigheid beveilig ons ons wonings met
[32] boute en slotte om ons eiendom en ons lewens te beskerm teen bose mense, maar ons dink selde aan die bose geeste, teen wie se aanvalle ons in ons eie krag, geen verdediging het nie. Indien toegelaat kan hulle ons gedagtes verwar, ons liggame pynig, ons besittings en ons lewens vernietig. Maar hulle wie Christus volg is veilig onder Sy toesig. Engele wie uitmunt in krag word gestuur om te beskerm. Die bose magte kan nie deur die wapenrusting en verskansing deurbreek wat God om Sy mense as beskerming geplaas het nie.

## 3 — Gevaarlike Verleidings [33]

Die groot stryd tussen Christus en Satan sal binnekort beëindig word en die bose een verdubbel sy pogings om die werk wat Christus in belang van die mensdom gedoen het, te vernietig. Om mense in duisternis en onberouvol te hou totdat die Veriosser se bemiddeling afgehandel is, is die doelwit wat Satan wil bereik. Wanneer daar middelmatigheid in die kerk heers, is Satan nie bekommerd nie. Maar wanneer siele vra, "Wat moet ek doen om gered te kan word?" dan is Satan op die grond om sy krag met Christus se krag te probeer ewenaar en om die invloed van die Heilige Gees te probeer verydel.

Tydens een geleentheid toe die engele gekom het om voor God te verskyn, het Satan ook die vergadering bygewoon, nie om voor die Ewige Koning te buig nie, maar om sy kwaadwillige planne teen die regverdiges te bevorder. Sien Job 1:6. Satan is teenwoordig wanneer manne vergader om te aanbid, wanneer hy ook ywerig werk om die gedagtes van die aanbidders te probeer bestuur. Wanneer hy God se boodskapper sien die Skrif ondersoek, neem hy kennis van die onderwerp wat aangebied sal word. Dan implimenteer hy sy sluheid [34]
en uitgeslapenheid sodat die boodskap nie by die persone kan uitkom wie hy besig is om te mislei op daardie tydstip nie. Die een wie die waarskuwing die meeste nodig het sal aangespoor word tot een of ander besigheidstransaksie of sal deur 'n ander rede verhoed word om die boodskap te ontvang.

Satan omhul die Here se dienaars met aktiwiteite van die duisternis om hulle te vermoei en te belas. Hy hoor hulle gebede vir goddelike genade en krag om die betowering van onverskilligheid en gemaksug te verbreek. Dan kom Satan met hernieude ywer om die mensdom te verlei met vraatsugtigheid of selfvergenoegdheid, of iets dergeliks, sodat hul ontvanklikheid verswak word en hulle nie hoor wat hulle veronderstel is om te hoor nie.

Satan weet dat almal wie gebed en Bybelstudie versuim, oorrompel sal word deur sy aanslae. Daarom bedink hy elke moontlike plan om die menslike gedagtes te boei. Satan se helpers is altyd aktief

besig wanneer God aan die werk is. Hulle sal die mees entoesiastiese, selfverlonende dienaars van Christus voorhou as misleid of as misleiers. Dit is hulle taak om die motiewe van elke edele daad te verdraai, om insinuasies te versprei en om suspisie in die gedagtes van die onervare individue te saai. Dit sal egter duidelik sigbaar word wie se kinders hulle is, wie se voorbeeld hulle volg en wie se werk hulle doen. "Aan hulle vrugte sal julle hulle ken." Mattheus 7:16. Verwys ook na Openbaring 12:10.

### Waarheid Maak Heilig

Die groot bedrieër het baie dwaalleringe voorberei om die verskillende voorkeure van hulle wie hy wil ruïneer, te kan akkommodeer. Dit is Satan se plan om die kerk te infiltreer met onopregtes
[35] en onwedergebore elemente wat twyfel en ongeloof in die kerk sal aanmoedig. Baie wie geen ware geloof in God het nie aanvaar sekere beginsels van die waarheid en word beskou as Christene, wie in die proses in staat gestel word om onwaarhede as skriftuurlike doktrines bekend te stel. Satan weet dat die waarheid wat in liefde ontvang word, die siel heilig maak. Daarom beywer hy hom om die waarheid te vervang met valse teorieë, verdigsels en ander evangelie. Van die begin af, het dienaars van God moes wedywer met valse leermeesters, nie alleenlik boosaardige mense nie, maar ook inprenters van bedrog, wat fataal is vir die siel. Elija, Jeremiah en Paulus het hulle opsetlik verset teen leermeesters wie mense weggelei het van die Woord van God af. Daardie liberaliteit wat 'n korrekte geloof as onbelangrik beskou, het geen guns verkry by hierdie verdedigers van die waarheid nie.

Die vae en verbeeldingryke vertolkings van die Skrif en teenstrydige teorieë in die Christen wêreld, is die werk van ons groot
[36] vyand, wie gedagtes wil verwar. Die onmin en verdeeldheid tussen kerke is tot 'n groot mate te wyte aan die verdraaiing van die Skrif, om 'n gunsteling teorie(ë) te ondersteun.

Om valse leerstellings in stand te hou, fokus sommiges op skrifgedeeltes wat van die konteks verwyder is of deur 'n halwe vers te kwoteer om 'n stelling te maak, terwyl die oorblywende gedeelte bevestig dat die betekenis die teenoorgestelde is. Met die slinksheid van die slang, verskuil hulle hulself agter onsamehangende uitlatings

om vleeslike begeertes te pas. Andere gryp syfers en simbole aan en interpreteer dit sodaniglik as om by hul voorkeure te pas, met min agting vir die getuienis van die Skrif as sy eie interpreteerder om dan hulle valshede as leerstellings van die Bybel aan te bied.

## Bie Hele Bybel is 'n Gids

Wanneer studie van die Bybel aangepak word sonder 'n gebedvolle, leergierige gees, dan sal selfs die eenvoudigste skrifgedeeltes verdraai word van hul werklike betekenis. Die hele Bybel moet vir lesers aangebied word net soos dit saamgestel is.

God het die onfeilbare profesieë beskikbaar gemaak; engele en Christus Homself het aan Daniël en Johannes bekend gemaak "... wat binnekort moet gebeur..." Openbaring 1:1. Belangrike sake wat handel oor ons verlossing is nie bekend gemaak op 'n wyse wat die eerlike soeker na die waarheid sal verwar en mislei nie.

Die Woord van God is eenvoudig vir almal wie dit bestudeer met 'n gebedvolle hart.

Deur liberaliteit[1] word mense verblind vir die listige planne van hul vyand. Hy slaag om die Bybel te onderdruk deur menslike spekulasies; die wet van God word ter syde gestel; en die kerke staan [37]
onder slawerny van die sonde, terwyl hulle aanspraak maak dat hulle vry is.

God het toegelaat dat 'n vloedgolf van lig op die aarde uitgestort word deur wetenskaplike ontdekkings.

Maar selfs die slimste mense, indien nie gelei deur die Woord van God nie, word verward in hul pogings om die verwantskap tussen die wetenskap en openbaring te ondersoek.

Menslike kennis is gedeeltelik en onvolkome; daarom is baie onbevoeg om hul wetenskaplike idees met die Skrif te

harmoniseer. Baie aanvaar blote teorieë as wetenskaplike feite en hulle dink dat God se Woord getoets moet word deur die "kennis" soos dit verkeerdelik genoem word. 1 Timotheus 6:20 (1983 Vertaling). Omdat hulle nie die Skepper en Sy werke deur natuurlike wette kan verduidelik nie, word Bybelgeskiedenis as onbetroubaar beskou. Hulle wie die Ou en Nuwe Testamente betwyfel gaan te dikwels 'n

[1] Ruimhartige aanvaarding of verdraagsaamheid van sienswyses ongeag of dit met die Bybel saamstem of nie.

stap verder deur God se bestaan te betwyfel. Deur hulleself van hul anker los te maak, verval hulle in ongeloof.

Dit is ‘n meesterstuk van Satan se misleidings om die mens besig te hou om te bespiegel oor dit wat God nie bekend gemaak het nie. Lucifer het ongelukkig geword omdat al die geheime van God se planne nie aan hom toevertrou is nie, sodat hy dit wat wel bekend gemaak is verontagsaam het.

Nou bearbei Satan hom daarvoor dat die mense besiel word met
[38] dieselfde gees en vertei hy die mensdom om die direkte beveie of gebooie van God te verontagsaam.

## Die Waarheid Verwerp Omdat Dit ‘n Kruis Insluit

Hoe minder geestelik en self-verloënend die leerstellings, hoe groter die goedkeuring waarmee dit ontvang word. Satan is gereed om aan die hart se begeertes te voorsien en hy smeer misleiding af in die plek van waarheid. Dit was hoe die pousdom mag verkry het oor die sienswyses van mense. En aangesien die waarheid verwerp word omdat dit ‘n kruis insluit, volg Protestante dieselfde pad. “Maar daar was ook valse profete onder die volk, net soos daar onder julle valse leraars sal wees wat verderflike ketterye heimlik sal invoer en ook die Here wat hulle gekoop het verloën en ‘n vinnige verderf oor hulleself bring.” 2 Petrus 2:1. Hy wie die een misleiding met skok en ontsteltenis aanskou, sal ‘n ander een geredelik aanvaar. [2]

## Gevaarlike Dwalinge

Onder die mees suksesvolle agentskappe van die groot bedrieër, is die wonderleuens van spiritualisme. Indien die mens die waarheid verwerp word hy ‘n prooi van misleiding.

’n Ander dwaling is die leerstelling wat die goddellikheid van Christus ontken, wat beweer dat Hy geen bestaan gehad het voor Sy advent na hierdie wêreld nie. Hierdie teorie weerspreek die stellings van ons Verlosser met verwysing na Sy verhouding met die Vader en Sy vorige bestaan. Dit ondermyn geloof in die Bybel as ‘n openbaring van God. Indien die mens die getuienis van die Skrif

[2] In die volledige boek, Die Groot Stryd, sal lesers die storie vind van hoe die meeste van die Christen wêreld geleidelik afgedwaal het van die leringe van die Bybel.

oor die goddellikheid van Christus verwerp, is dit nodeloos om met hulle te argumenteer, want geen argument, ongeag hoe onweerlegbaar, sal hulle kan oortuig nie. Geen een wie hierdie dwaalleer glo, besit 'n ware begrip van Christus of vir God se plan vir die mens se verlossing nie.

Nog 'n dwaalleer is die geloof dat Satan nie bestaan as 'n werk- [39]
like entiteit nie en dat die naam bloot gebruik word om die mens se bose gedagtes en begeertes te verteenwoordig.

Die lering dat die tweede advent van Christus Sy koms na elke individu is by afsterwe, is 'n plan om die mens se gedagtes weg te neem van Sy persoonlike koms op die wolke in die hemel. Pasop vir vals christusse en as hulle sê .. Kyk hy is in die binnekamer.. ."(Matteüs 24:23-26); en baie het verlore gegaan deur hierdie misleiding te aanvaar.

Wetenskaplikes beweer dat daar geen werklike antwoord op gebed kan wees nie; omdat dit 'n verbreking van die natuurwette sou wees, sal dit 'n wonderwerk wees en wonderwerke bestaan nie.

Die heelal word regeer deur vasgestelde wette en God self doen
niks teenstrydig met hierdie wette nie. Derhalwe beweer hulle dat [40]
God onderworpe is aan Sy eie wette - asof goddellike wette goddelike vryheid kan of sal uitsluit.

Is wonderwerke nie deur Christus en sy apostels gedoen nie? Dieselfde Verlosser is net so gewillig om na gebede van geloof te luister soos wat hy was toe Hy sigbaar tussen mense beweeg het.

Die natuurlike werk saam met die bonatuurlike. Dit is deel van God se plan om aan ons te gee, in antwoord op die gebed van geloof, dit wat Hy nie sal gee indien ons nie daarvoor vra nie.

## Skeptisisme oor die Bybel

Valse leerstellings onder kerke verwyder landmerke wat vasgestel is deur die Woord van God. Min verander deur die verwerping van 'n enkele waarheid. Die meerderheid verwerp een waarheid na die ander, totdat hulle ongelowiges word.

Die dwaalleringe van populêre teologie het reeds baie siele tot skeptisisme gedryf. Dit is onmoontlik vir hulle om leerstellings te aanvaar wat hul begrip vir regverdigheid, genade en welwillendheid

beledig. Omdat dit voorgehou word as Bybelse leerstellings, weier hulle om dit te aanvaar as die Woord van God.

[41] Die Woord van God word met wantroue beskou omdat dit sonde bestraf en veroordeel. Hulle wie onwillig is om die Bybel se vereistes na te kom, poog om die Bybel se gesag ongedaan te maak. Baie word ongelowiges om pligsversuiming te regverdig. Ander wie gemaksugtig is om enigiets te bereik wat selfverloëning mag verlang, poog om ‘n persoonlike reputasie vir superieure wysheid te vestig, deur die Bybel te kritiseer.

Baie beskou dit as ‘n deug of voortreflikheid om aan die kant van ongeloof, skeptisisme of ongehoorsaamheid te staan. Maar, onder hierdie voorkoms van openhartigheid sal selfvertroue en trots gevind word. Baie put genot indien hulle iets in die Bybel kan vind wat vir ander ‘n kopkrapper of raaisel kan bied. Sommiges skaar hulle aanvanklik aan die verkeerde kant, bloot omdat hulle strydvrae, twispunte en geskille geniet. Maar deur openlik ongeloof te uiter, skaar hulle hulself by die ongoddellike.

## VoldoendeBewyse

God het in Sy Woord voldoende bewyse van Sy goddeilike karakter gegee. Steeds is dit vir ons beperkte verstandelike vermoëns onmoontlik om ten volle die bedoelings van die Oneindige Een te kan verstaan. “Hoe ondeurgrondelik is sy oordele en onnaspeurlik is sy weë.” Romeine 11:33. Ons kan steeds Sy grenslose liefde en genade, verenig met oneindigende krag, identifiseer. Ons Vader in die hemel sal soveel as wat nodig is aan ons bekend maak; verder as dit moet ons die Hand wat almagtig is vertrou, die Hart wat vol liefde is.

[42] God sal nooit alle moontlike redes vir verskoning vir ongeloof verwyder nie. Almal wie hake soek om hul ongeloof aan op te hang, sal dit vind. Almal wie weier om te gehoorsaam voordat alle besware verwyder is, sal nooit tot die lig kom nie. Die onhernieude hart is in konflik met God. Maar geloof word inspireer deur die Heilige Gees en sal floreer soos dit gekoester word. Geen mens kan sterk word in geloof, sonder gedetermineerde poging nie. Indien die mens hom verbind tot vittery, sal hy vind dat twyfel al meer bevestig sal word.

Maar hulle wie twyfel en wantrou in die versekering van Sy genade, onteer God. Hulle is soos onproduktiewe bome wat die sonlig van ander plante afsluit, wat veroorsaak dat hulle verlep en vrek onder die ysingwekkende skaduwee. Die lewenswerk van hierdie mense sal verskyn as 'n nimmereindigende getuienis teen hulle.

Daar is slegs een weg om te volg vir hulle wie eerlik begeer om van twyfel ontslae te raak. In plaas van om te bevraagteken dit wat hulle nie verstaan nie, laat hul eerder aandag skenk aan die lig wat reeds op hulle skyn en hulle sal nog meer lig ontvang.

Satan kan 'n vervalsing aanbied wat so naby aan die waarheid skyn te wees, dat dit hulle sal mislei wie bereid is om mislei te word, wie begeer om die opoffering wat deur die waarheid vereis word, te ontwyk. Maar dit is onmoontlik vir Satan om enige persoon onder sy mag te hou, wie eerlik begeer om die waarheid ten alle koste te wil ontdek. Christus is die waarheid. "Die waaragtige lig wat elke mens verlig, was aan kom in die wêreld." "En as iemand gewillig is om die wil van God te doen, sal hy weet of hierdie leer van God af kom, en of Ek uit my eie praat. Johannes 1:9; en 7:17 (1983 Vertaling).

Die Here veroorloof Sy dienaars om onderworpe te wees aan [43]
erge beproewing, nie omdat Hy genot put in hierdie teëspoed nie, [44]
maar omdat dit essensieël is vir hul finale oorwinning. [45]

Hy kan ook nie, konsekwent en getrou aan Sy eie glorie, hulle beskerming verleen teen versoeking nie, omdat die doel van die beproewing is om hulle voor te berei om al die verleidelikhede van die bose te kan oorwin. Geen bose mense of duiwels kan God se teenwoordigheid uitsluit van Sy dienaars nie, indien hulle hul sondes bely en aflê en Sy beloftes opeis. Elke sigbare of geheime versoeking kan suksesvol weerstaan word. "Nie deur krag of deur geweld nie, maar deur My gees, sê die Here van die leërskare." Sagaria 4:6.

"Wie is dit wat julle sal kwaad aandoen as julle julle beywer vir wat goed is?" 1 Petrus 3:13.

Satan is goed bewus dat die swakste siel wie in Christus is, meer as gelyke is vir die leërskare van die duisternis. Daarom poog Satan om die soldate van die kruis van hul sterk vesting af weg te lok, terwyl hy 'n hinderlaag voorberei, gereed om almal te vernietig wie op sy terrein inbeweeg. Slegs in vertroue op God en onderhouding van al Sy gebooie, kan ons veilig wees.

Geen mens is veilig vir ‘n dag of ‘n uur sonder gebed nie. Smeek God in gebed vir wysheid om Sy woord te verstaan. Satan is ‘n ekspert in aanhaling van die Skrif en deur plasing van sy interpretasie op sekere skrifgedeeltes, hoop hy om daarmee te veroorsaak dat ons struikel. Ons moet studeer met nederigheid van hart. Terwyl ons deurlopend moet waak teen die aanvalle van Satan, moet ons onophoudelik bid in geloof: . en lei ons nie in versoeking nie...” Mattheus 6:13.

# 4 — Onverganklike Lewe [46]

Satan, wie ‘n rebellie ontketen het in die hemel, het daarna gesmag om ook die aardbewoners te verenig in sy oorlog met God. Adam en Eva was volkome gelukkig in gehoorsaamheid teenoor die wet van God - in teenstelling met die aanspraak wat Satan gemaak het in die hemel, dat God se wet verdrukkend was. Satan was gedetermineerd om Adam en Eva se sondeval te verseker met die doel om ‘n koninkryk op die aarde te vestig in opposisie teenoor die Allerhoogste.

Adam en Eva was gewaarsku teen hierdie gevaarlike vyand, maar hy het in die donker gewerk en sy planne verdoesel. Satan het die slang as sy medium gebruik, wat toe ‘n skepsel met ‘n boeiende voorkoms was, wie Eva aangespreek het: “Is dit so dat God gesê het: Julle mag nie eet van al die bome van die tuin nie?” Eva het dit gewaag om in gesprek met hom te tree en het ‘n prooi van sy slinksheid geword. “En die vrou antwoord die slang: Van die vrugte van die bome van die tuin mag ons eet, maar van die vrugte van die boom wat in die middel van die tuin is, het God gesê: Julle mag daarvan nie eet nie en dit nie aanroer nie, anders sal julle sterwe. Toe [47]
sê die slang vir die vrou:Julle sal gewis nie sterwe nie; maar God weet as julle daarvan eet, julle oë sal oopgaan, sodat julle soos God sal wees deur goed en kwaad te ken.” Genesis 3:1-5.

Eva het geswik onder versoeking en deur haar invloed was Adam in sonde verlei. Hulle het die woorde van die slang aanvaar; hulle het hul Skepper wantrou en het Hom verdink dat Hy hul vryheid beperk het.

Wat het Adam ontdek was die betekenis van die woorde,

“Die dag as jy daarvan eet sal jy sekerlik sterf”? Was Adam bedoel om in ‘n hoër vlak van bestaan in te beweeg? Adam het gevind dat dit nie die betekenis was van God se stelling nie. God het verklaar dat as straf vir sy sonde, moes die mens terugkeer na die aarde toe. “Want stof is jy en tot stof sal jy terugkeer.” Genesis 3:19. Die woorde van Satan, “... julle oë sal oopgaan,” was slegs

waar deurdat hulle oë geopen is om hulle dwaasheid te kon onderskei. Hulle het nou onheil leer ken en het die bitter vrugte van hul oortreding geproe.

Die boom van die lewe het die krag van ewigdurende lewe gehad. Adam sou voortgegaan het om gratis toegang tot hierdie boom te geniet en om vir ewig te kon bly leef, maar toe hy gesondig het, was hy afgesny van die boom van die lewe en was nou onderworpe aan die dood. Onsterflikheid was nou verlore deur sy oortreding. Daar kon nou geen hoop meer vir die gevalle menslike ras wees nie, as God nie deur die opoffering van Sy Seun, weer onsterflikheid binne hul bereik geplaas het nie. “En so die dood tot alle mense deurgedring het, omdat almal gesondig het, en “Jesus Christus wat die dood tot niet gemaak het en die lewe en die onverderflikheid aan die lig gebring het deur die evangelie.” Slegs deur Christus kan onsterflikheid verkry word. “Hy wat in die Seun glo het die ewige lewe; maar hy wat die Seun ongehoorsaam is, sal die lewe nie sien nie.” Romeine 5:12; 2 Timotheus 1:10; Johannes 3:36.

[48] **Die Eerste Lewe**

Die een wie lewe belowe het deur ongehoorsaamheid, was die groot bedrieër. Die verklaring deur die slang in Eden - “Julle sal gewis nie sterwe nie” - was die eerste preek in verband met die onsterflikheid van die siel. Hierdie verklaring, wat uitsluitend rus op die gesag van Satan, word van die kansels af in die wêreld verkondig en word ontvang deur die meerderheid van die mensdom, so geredelik as wat ons eerste ouers dit ontvang het. Die goddelike verklaring, “Die siel wat sondig, die moet sterwe” (Esegiël 18:20) word verdraai tot: Die siel wat sondig, sal nie sterf nie, maar sal vir ewig lewe! Indien die mens na sy sondeval toegelaat sou word om van die boom van die lewe te eet, sou sonde onsterflikheid verkry het. Daar is egter nie een lid van Adam se gesin wie toegang verkry het tot hierdie

lewegewende vrug nie. Derhalwe is daar geen onsterflike sondaar nie. y Na die sondeval, het Satan opdrag gegee aan sy engele om die geloof in te skerp dat die mens onsterflik is, en om hul verder te lei om te glo dat die sondaar dan in ewige ellende sal bly leef. Die
[49] prins van die duisternis stel God nou voor as ‘n wraaksugtige tiran,

wie verklaar dat Hy almal in die hel sal gooi, almal wie Hom nie tevrede stel nie en dat terwyl almal wriemel in ewigdurende vlamme, dat hul Skepper met genoegdoening op hulle sal neerkyk. So stel Satan die Weldoener van die mens met al sy eie eienskappe voor. Wreedaardigheid is satanies. God is liefde. Satan is die vyand wie die mens tempteer om sonde te doen en dan vernietig hy hom as dit moontlik is. Hoe onverenigbaar met liefde, genade en geregtigheid is hierdie leerstelling dat die goddelose dooies ewigdurend in ‘n helse vuur gemartel sal word; dat vir die sondes van ‘n kortstondige aardse lewe, hulle pyn en lyding sal moet verduur vir solank as wat God sal lewe!

Waar in God se Woord word so ‘n leerstelling gevind? Moet die gevoelens van gewone mense verruil word vir die wreedheid van barbare? Nee, dit is nie die onderwysing van die Bybel nie.

“Sê vir hulle sowaar as wat Ek leef, spreek die Here Here gewis, Ek het geen behae in die dood van die goddelose nie, maar daarin, dat die goddelose hom bekeer van sy weg en lewe. Bekeer julle, bekeer julle van julle verkeerde weë! Waarom tog wil julle sterwe, o huis van Israel?” Jesaja 33:11.

Verlustig God Hom in die aanskouing van ewigdurende martelary? Vergas God Homself met die gekreun en geskreeu en lyding van skepsels wie Hy in die vlamme hou? Kan hierdie aaklige geluide musiek wees in die ore van Oneindige Liefde? 0, verskriklike godslastering! God se heerlikheid word nie versterk deur sonde so te laat voortbestaan deur die oneindige eeue heen nie.

## Die Kettery oor Ewigdurende Marteling

Die dwaalleer van ewigdurende martelary het ‘n bose uitwerking. Die godsdiens van die Bybel, vol van liefde en goedheid, is verduister deur bygeloof en gekleed met verskrikking. Satan het die karakter [50]
van God in vals kleure geskets. Onse genadige God word gevrees en selfs gehaat. Die skrikwekkende beskouings van God wat deur die wêreld versprei word deur die prediking vanaf die kansels het miljoene skeptici en ongelowiges tot gevolg.

Ewigdurende martelary is een van die valse leerstellings, die “wyn van die grimmigheid van haar hoerery” (Openbaring 14:8; 17:2) wat Babilon al die nasies laat drink. Predikers van Christus

het hierdie kettery van Rome verkry soos ook die valse leerstelling oor die valse sabbat.’ As ons afwyk van God se Woord en valse leerstellings aanvaar omdat ons voorvaders dit verkondig het, dan val ons onder die oordeel wat in Openbaring uitgespreek word oor Babilon; dan drink ons van die wyn van haar onsedelikheid.

’n Ander groot groep word gedryf na ‘n teenstellende wanvoorstelling. Hulle sien dat die Skrif God voorstel as ‘n God van liefde en ontferming en kan nie glo dat Hy sy skepsels wil verdoem tot ‘n ewigdurende, brandende hel toe nie. Hulle glo dat die siel natuurlik onsterflik is en hulle glo dat die totale mensdom gered sal word. Derhalwe kan die sondaar leef in selfsugtige genot, God se vereistes minag, en nogtans in guns deur Hom ontvang word. So ‘n leerstelling, wat God se genade erken maar Sy geregtigheid ignoreer, kan alleenlik die sinnelike hart tevrede stel.

## Sal Almal Gered Word?

Die wat glo in universele verlossing verdraai die Skrif. Die vermeende prediker van Christus herhaal die leuenagtigheid wat deur die slang in Eden verkondig is, “Julle sal gewis nie sterf nie.” “Julle oë sal oopgaan, sodat julle soos God sal wees deur goed en kwaad te ken.”

[51] Hy verklaar dat die mees veragtelike sondaars - die moordenaar, die dief, die egbreker - na die dod, onsterflike saligheid sal ontvang. ‘n Bevredigende sprokie beslis, geskik om die sinnelike hart te verheug!

Indien dit waar sou wees dat die siele van almal na die dood direk hemel toe vaar, kan ons net sowel die dood eerder as die lewe begeer. Baie is deur hierdie geloof gelei om ‘n einde aan hul eie lewens te maak. Oorrompel deur probleme en teleurstelling, kan dit maklik voorkom om die draad van die lewe te breek en om dan op te styg na die saligheid van die ewige lewe.

God het in Sy Woord afdoende bewyse gegee dat Hy oortreders van Sy wet sal straf. Is God te genadig om geregtigheid oor die sondaar te laat geskied? Kyk na die kruis op Golgota. Die dood van die Seun van God bevestig dat die “gevolg van sonde die dood is” (Romeine 6:23), dat elke oortreding van God se wet vergelding moet ontvang. Christus die sondelose het sonde vir die mens geword. Hy

het die skuld vir die oortreding en die straf van die sonde ontvang [52] totdat Sy hart gebreek is en Sy lewe afgelê is - sodat sondaars bevry kon word. En elke persoon wie weier om deel te neem aan hierdie verkryging van geregtigheid teen so 'n geweldige koste, moet self in sy eie persoon die skuld en straf vir sy oortredings ontvang.

## Voorwaardes Is Gespesifiseer

.. Aan die dorstige sal Ek gee uit die fontein van die water van die lewe, verniet." Hierdie belofte is alleenlik vir die wie dors het. "Hy wat oorwin sal alles beërwe; en Ek sal vir hom 'n God wees en hy sal vir My 'n seun wees." Voorwaardes is gespesifiseer. Om alles te erf moet ons die sonde oorwin!

"En dit nie goed sal gaan met die goddelose nie." Prediker 8:13. Die sondaar maak bymekaar vir homself: "Maar ooreenkomstig jou [53] verhardheid en onbekeerlike hart vergader jy vir jou toorn as 'n skat in die dag van die toorn en die openbaring van die regverdige oordeel van God; wat elkeen sal vergeld na sy werke." Romeine 2:5,6,9.

"Want dit moet julle weet dat geen hoereerder of onreine of gierigaard, wat 'n afgodedienaar is, 'n erfdeel het in die koninkryk van Christus en van God nie." "Salig is die wat Sy gebooie doen, sodat hulle reg kan hê op die boom van die lewe en ingaan deur die poorte van die stad. Maar buite is die honde en die towenaars en die hoereerders en die moordenaars en die afgodedienaars en elkeen wat leuens liefhet en doen." Efesiërs 5:5, Openbaring 22:14,15.

God het aan die mensdom 'n verklaring uitgereik oor Sy metode om met sonde te handel. "Hy verdelg die goddelose", "maar die oortreders word tesame verdelg; die toekoms van die goddelose word afgesny." Psalm 145:20; Psalm 37:38. Die gesag van die goddellike regering sal rebellie uitroei, maar vergeldende geregtigheid sal konsekwent wees met die karakter van God as 'n genadige, welwillende, heilige wese.

God forseer nie die wil nie. Hy verkry geen plesier uit slaafse gehoorsaamheid nie. Hy begeer dat die skepsels van Sy handewerk Hom sal liefhê omdat Hy liefde waardig is. Hy wil dat Sy skepsels Hom sal eerbiedig omdat hulle 'n intelligente waardering het vir Sy wysheid, geregtigheid en welwillendheid.

Die beginsels van die goddellike regering is in harmonie met die Verlosser se voorskrif, "Julle moet julle vyande liefhê". Mattheus 5:44. God laat geregtigheid geskied oor die goddelose vir die beswil
[54] van die heelal en selfs ook vir die beswil van hulle op wie Sy oordeel voltrek word. Hy sou hulle gelukkig gemaak het as Hy kon. Hy omsingel hulle met tekens van Sy liefde en agtervolg hulle met aanbiedinge van Sy genade. Alhoewel hulle deurlopend Sy geskenke ontvang, onteer hulle die Gewer. Die Here is lankmoedig met hul perversiteit; maar sal Hy hierdie rebelle vasketting aan Sy sy, hulle forseer om Sy wil te doen?

## Onvoorbereid Om Die Hemel Binne Te Gaan

Hulle wie Satan gekies het as hulle leier, is nie bereid om in God se teenwoordigheid in te gaan nie. Trots, misleiding, sedeloosheid en wreedheid is vasgelê in hul karakters. Kan hulle die hemel binnegaan om saam met hulle te wandel wie hulle hier op aarde gehaat het? Die waarheid sal nooit welgevallig wees vir 'n leuenaar nie; sagmoedigheid sal nie selfagting tevrede stel nie; reinheid is nie aanvaarbaar vir die korrupte nie; onselfsugtige liefde is nie aantreklik vir die selfsugtige nie. Watter genot kon die hemel bied aan hulle wie vasgevang is in selfsugtige belangstellings?

Kon hulle wie se harte gevul is met haat vir God, van waarheid en heiligheid, meng met die hemelse menigte en inval by hulle lofgesange? Jarelange proeftydperk was aan hulle vergun, maar hulle het nooit die gedagtes onderrig om reinheid lief te kry nie. Hulle het nooit die taal van die hemel aangeleer nie. Nou is dit te laat.

'n Lewe van rebellie teen God het hulle ongeskik gemaak vir die hemel. Die hemelse reinheid en vrede sal marteling wees vir hulle; die glorie van God sal 'n verterende vuur wees vir hulle. Hulle sal
[55] smag daarna om te vlug van daardie heilige plek en sal eerder verdelg word, sodat hulle verberg kan wees vir die gesig van Hom wie vir hulle sondes gesterf het sodat hulle gered kan word. Die bestemming van die goddeloses is bepaal volgens hul eie keuses. Hul uitsluiting uit die hemel is vrywilliglik en geregverdig en genadiglik van die kant van God. Soos die waters van die Sondvloed sal die vure op daardie groot dag God se uitspraak bevestig, dat die goddeloses

ongeneeslik is. Hulle wil is uitgeoefen deur rebellie. Wanneer die lewe beëindig is, is dit te laat om hulle gedagtes van oortreding te verander na gedagtes van gehoorsaamheid, van haat na liefde.

## Twee Bestemmings

"Want die loon van die sonde is die dood, maar die genadegawe van God is die ewige lewe in Christus Jesus ons Here." Lewe is die erfporsie van die regverdiges maar dood is die deel van die goddeloses. "Die tweede dood" word in kontras geplaas met die ewige lewe. Romeine 6:23; Openbaring 20:14.

As gevolg van Adam se sonde, het die dood van toepassing geword vir die totale menslike ras. Almal is bestem vir die graf. Deur die verlossingsplan sal al die dooies uit hul grafte opgewek word.

"Dat daar 'n opstanding sal wees van die dode, regverdiges sowel as onregverdiges"; "Want soos hulle almal in Adam sterwe, so sal hulle ook almal in Christus lewend gemaak word"; "Want daar kom 'n uur wanneer almai Sy stem sal hoor en sal uitgaan, die wat goed
gedoen het, tot die opstanding van die lewe en die wat kwaad gedoen [56]
het, tot die opstanding van die veroordeling." Handelinge:24:15; 1 Korinthiërs 15:22; Johannes 5:28,29.

## Die Einde Van Lyding

Hulle "wat waardig geag word" van opstanding tot die lewe is "geseënd en heilig"; en "Salig en heilig is hy wat deel het aan die eerste opstanding; oor hulle het die tweede dood geen mag nie." Lukas 20:35; Openbaring 20:6. Maar hulle wie nie vergifnis verseker het deur berou en geloof nie, moet ontvang "beloning vir die sonde" en "straf", elkeen volgens sy werke, wat eindig in die "tweede dood."

Aangesien dit onmoontlik vir God is om die sondaar in sy sondes [57]
te red, ontneem Hy hom van die bestaan wat sy oortredings verbeur het en waarvan hy homself onwaardig bewys het. "En nog 'n klein rukkie en die goddelose sal daar nie meer wees nie; ja, jy sal ag gee op sy plek, maar hy sal daar nie meer wees nie" en "... word asof hulle nooit bestaan het nie." Psalm 37:10; Obadja 16.

Hulle verval in ewige vergetelheid.

So sal ‘n einde aan sonde gemaak word. “U het gaan sit op die troon, o regverdige regter! U het die heidene gedreig, die goddelose laat omkom, hulle naam uitgedelg vir ewig en altyd.” Psalm 9:5,6.

Johannes het in die Openbaring ‘n universele lofsang gehoor, sonder enige wanklanke. Geen verlore siele maak hulle skuldig aan godslastering terwyl hulle ineenkrimp in ewige foltering nie. Geen ellendeling in die hel se krete sal meng met die liedere van die regverdiges, wie gered is nie.

Saam met die leuen van natuurlike onsterflikheid is daar ook die leerstelling dat die dooies hul bewustheid behou. Soos met ewige marteling, is hierdie leuen ook nie skriftuurlik nie, ook teenstrydig met ons rede en ons menslikheid.

Volgens die populêre mening, is die verlostes in die hemel bewus van alles wat plaasvind hier op aarde. Maar hoe kan dit geluk voorsien aan die dooies om bewus te wees van die probleme van die lewendes, om te sien hoe hulle hartseer, teleurstellings en lyding moet ervaar? En hoe weersinwekkend die geloof dat sodra die asem die liggaam verlaat het, dat die siel van die onboetvaardige oorgelewer is aan die vlamme van die hel?

Wat sê die Skrif hiervan? Die mens besit geen bewussyn as hy dood is nie. “Sy gees gaan uit, hy keerterug na sy aarde toe; op daardie dag is dit met sy planne gedaan.” “Want die lewendes weet
[58] dat hulle moet sterwe, maar die dooies weet glad niks nie.” “Hulle liefde sowel as hulle haat, ook hulle naywer, het lankal verdwyn, en hulle het vir ewig geen deel meer aan alles wat gebeur onder die son nie.” “Want die doderyk sal U nie loof nie, die dood U nie prys nie; die wat in die kuil neerdaal, sal op u trou nie hoop nie. Die lewende, die lewende, die sal U loof, soos ek vandag” “Want in die dood word aan U nie gedink nie; wie sal U loof in die doderyk?” Psalm 146:4; Prediker 9:5,6; Jesaja 38:18,19; Psalm 6:5. Op Pinksterdag het Petrus verklaar van Dawid “dat hy gesterf het en ook bergrawe is en sy graf is by ons tot vandag toe.” “Want Dawid het nie in die hemele opgevaar nie.” Handelinge 2:29,34. Die feit dat Dawid in die graf bly tot die dag van opstanding, bewys dat die regverdige nie by dood hemel toe gaan nie.

## Opstanding tot die Ewige Lewe

Toe Jesus op die punt was om Sy dissipeis te verlaat, het Hy nie vir hulle gesê dat hulle binnekort by Hom sou wees nie: "Ek gaan om vir julle plek te berei." "En as Ek gegaan en vir julle plek berei het, kom Ek weer en sal julle na My toe neem." Johannes 14:2,3. Paulus vertel ons verder, "Want die Here self sal van die hemel neerdaal met 'n geroep, met die stem van 'n aarts-engel en met geklank van die basuin van God; en die wat in Christus gesterf het, sal eerste opstaan. [59]
Daarna sal ons wat in die lewe oorbly, saam met hulle in wolke weggevoer word, die Here tege-moet in die lug; en so sal ons altyd by die Here wees. Bemoedig mekaar dan met hierdie woorde. "1 Tessalonisense 4:16-18. Met die koms van die Here, sal die kettings van die graf gebreek word en die "dooies in Christus" sal opgewek word tot die ewige lewe. [1]

Almal sal geoordeel word volgens die dinge wat opgeteken is en beloon word volgens die werke wat hulle gedoen het. Hierdie oordeel vind nie plaas by die dood nie "omdat Hy 'n dag bepaal het waarop Hy die wêreld in geregtigheid sal oordeel." "Kyk, die Here het gekom met Sy tienduisendtalle, om gerig te hou oor almal." Handelinge 17:31; Judas 14,15.

Maar indien die dooies alreeds die hemel geniet of brand in die vlamme van die hel, wat is die nut dan van 'n toekomstige oordeel? God se Woord kan verstaan word deur eenvoudige mense. Maar watter opregte intellek kan óf wysheid óf geregtigheid sien in hierdie teorie? Sal die regverdiges die aanprysing ontvang, "Mooi so, goeie en getroue dienskneg, oor weinig was jy getrou, oor veel sal ek jou aanstel. Gaan nou in die vreugde van jou heer." terwyl hulle reeds in Sy teenwoor-digheid was vir baie eeue?

Sal die goddeloses uit die hel teruggeroep word om hul straf van [60]
die Regter te ontvang, "Gaan weg van My julle vervloektes, in die ewige vuur wat berei is?" Mattheus 25:21, 41.

Die teorie van die onsterflikheid van die siel was een van daardie valse leerstellings wat Rome geleen het van die heidendom. Martin Luther het dit ingesluit by "gedrogtelike fabels wat deel vorm van

[1]'Vir meer inligting oor die Sabbat, verwys na Hoofstuk 8 van hierdie boek.

die Romeinse mishoop van pouslike verordeninge.” [2] Die Bybel leer dat die dooies slaap tot en met die opstanding.

## Onsterflikheid by Jeses se Wederkoms

Salige rus vir die vermoeide opregtes! Tyd, of dit lank of kort is, is maar slegs ‘n oomblik vir hulle. Hulle slaap; hulle word wakker gemaak deur die trompet van God, tot glorieryke saligheid. “... Want die basuin sal weerklink, en die dode sal onverganklik opgewek word.” “Want hierdie verganklike moet met onverganklikheid beklee word, en hierdie sterflike moet met onsterflikheid beklee word.” .. Dan sal vervul word die woord wat geskrywe is: Die dood is verslind in die oorwinning.” 1 Korinthiërs 15:52-54.

Uitgeroep uit hul sluimer, begin hulle weer dink waar hulle opgehou het. Die laaste sensasie was die angs van die dood; die laaste gedagte, dat hulle geval het onder die krag van die graf. Wanneer hulle opgewek word uit die dood, sal hul eerste blye gedagte eggo in die triomferende uitroep: “Dood, waar is jou angel? Doderyk, waar is jou oorwinning?” 1 Korinthiërs 15:55.

[2]’E. Petavel, The Problem of Immortality, bl. 255.

## 5 — Velse Hoop [61]

Die leervan natuurlike onsterflikheid is aanvanklik geleen uit heidense filosofie en in die duisternis van die groot afvalligheid was dit inkorporeer in die Christelike geloof, en het dit die waarheid "maar die dooies weet glad niks nie" (Prediker 9:5), onderkruip. Menigtes glo dat die geeste van die dooies, is die "... dienende geeste wat vir diens uitgestuur word, ter wille van die wat die saligheid sal beërwe". Hebreërs 1:14.

Die mening dat geeste van die dooies terugkeer om die lewendes te bedien, het die weg gebaan vir moderne spritualisme. Indien die dooies bevoorreg word om kennis te ontvang wat hul persoonlike vorige kennis verreweg oorskry, waarom keer hulle nie terug aarde toe om die lewendes te kan onderrig nie? Indien geeste van die dooies oor hul vriende op aarde sweef, waarom kommunikeer hulle dan nie met die lewendes nie? Hoe kan persone wie glo in die mens se bewustheid in die dood, "goddellike lig" wat deur verheerlikte geeste gekommunikeer word, verwerp? Hierdie is 'n kanaal waardeur Satan werk, wat heilig geag word. Gevalle engele van die geesteryk verskyn as boodskappers.

Die prins van boosheid het die krag om afgestorwenes voor [62]
mense te laat verskyn. Hierdie namaaksel is perfek en word nageboots met wonderlike duidelikheid. Baie word bemoedig met die versekering dat hul geliefdes die hemel geniet. Sonder vermoede van enige gevaar, verleen hulle hul ore uit aan "verleidende geeste en leringe van duiwels." 1 Timoteüs 4:1.

Diegene wie glo onvoorbereid graf toe is, beweer dat hul gelukkig is en dat hulle verhewe posisies in die hemel beklee. Die kastige besoekers van die wêreld van geeste uiter soms waarskuwings wat korrek bewys word. Dan, sodra vertroue gewen is, bied hulle leerstellings aan wat die Bybel geskrifte ondermyn. Die feit dat hulle soms sekere waarhede bevestig en met tye toekomstige gebeure akkuraat voorspel, projekteer 'n beeld van betroubaarheid en hul valse leerstellings word aanvaar.

Die wet van God word eenkant toe geskuif en die Gees van genade verag. Die geeste ontken die goddelikheid van Christus en plaas die Skepper op ‘n vlak gelykstaande aan hulself.

Terwyl dit waar is dat die resultate van bedrog dikwels voorge-
[63] hou is as werklike manifestasies, is daar ook duidelike vertoon van bonatuurlike krag, die direkte werk van bose geeste. Baie glo dat spiritualisme bloot menslike swendelary is.

Wanneer hulle van aangesig tot aangesig gebring word met manifestasies wat hulle nie anders nie as bonatuurlik moet erken, sal hulle mislei word en dit beskou as die groot krag van God.

Deur Sataniese hulp het Farao se towenaars die werk van God vervals. (Verwys na Exodus 7:10-12.) Paulus verkondig dat die wederkoms van Jesus voorafgegaan sal word deur “die werking van die Satan met allerhande kragtige dade en tekens en wonders van die leuen en met allerhande verleiding van ongeregtigheid.” 2 Tessalonisense 9,10. Johannes verklaar: “Hy doen ook groot tekens, sodat hy selfs vuur uit die hemel laat neerdaal op die aarde voor die oë van die mense. En hy verlei die bewoners van die aarde deur die tekens wat hom gegee is, om voor die oë van die dierte doen.” Openbaring 13:13,14. Dit is nie bloot oëverblindery waarvan hier gepraat word nie. Mense sal mislei word deur wonderwerke wat Satan se agente sal doen, nie wat hulle voorgee om te doen nie.

## Beroep op Intellek

Aan mense met kultuur en verfyndheid, bied die prins van die duisternis spiritualisme aan in die meer verfynde en intellektuele aspekte. Hy verskaf genot aan die verbeeldingskrag met verruklike tonele en elegante uitbeeldings van liefde en liefdadigheid. Hy veroorsaak dat die mens soveel trots in sy eie prestasies en wysheid verkry dat hulle in hul harte eintlik die Ewige Een verag.

Satan verlei mense nou soos hy Eva in Eden verlei het, deur ambisie te prikkel vir selfverheffing. “Julle oë sal oopgaan, sodat julle soos God sal wees,” verklaar hy, “deur goed en kwaad te ken”.
[64] Genesis 3:5. Spiritualisme leer: “die mens is die skepping van vooruitgang ... tot die godheid”, en ook: “Die oordeel sal reg wees, want dit is die selfoordeel... die troon is binne in jou.” Nog iemand anders verklaar: “Enige regverdige en perfekte wese is Christus.”

Satan het die feilbare mens verklaar as die enigste maatstaf vir oordeel. Dit is vordering. Nie boontoe nie maar ondertoe! Die mens sal nooit uitstyg bokant sy standaard van reinheid of goedheid nie. Indien hyself die mens se hoogste ideaal is, sal hy nooit ontwikkel tot iets beter as dit nie. Die genade van God alleen het die krag om die mens te verhef. Aan homself oorgelaat, is die mens se neiging afwaarts.

## Beroep op die Plesier-Liefhebbers

Aan die genotsugtige, die liefhebber van plesier, die sensuele, bied spiritualisme ‘n minder subtiele vermomming. In sy growwer gedaantes vind hulle dit wat in harmonie is met hulle eie neigings. [65]
Satan neem duidelik kennis van elke sondaar se neigings en voorkeure en verseker geleenthede om aan daardie sondige begeertes te voldoen. Satan verlei die mens deur ongebreideldheid sodat hul fisiese, geestelike en morele krag verswak. Hy vernietig duisende deur hul hartstogte te bevredig en verdierlik die hele skepping in die proses. En om sy slinksheid te voltooi verklaar die geeste: Ware kennis plaas die mens bokant alle wette; wat is, is reg; God veroordeel nie; alle sondes is onskuldig. Wanneer die mensdom derhalwe geleer word dat begeerte die hoogste wet is, dat vryheid vergunning is, dat die mens alleenlik aan homself verantwoordelik is, moet ons dan nog steeds wonder waarom korrupsie seëvier? Menigtes aanvaar gretiglik die aanhitsing van hul begeertes. Satan vergaar duisende in sy net, wat verklaar dat hulle Christene is.

Maar God het voldoende lig beskikbaar gestel sodat ons die vangstrikke kan identifiseer. Die basiese fondamente van spiritualisme is in konflik met die Bybel. Die Bybel verklaar dat die dooies niks weet nie, dat hulle gedagtes ontbind het; hulle het geen deel meer aan die vreugdes en hartseer van die wat lewe op aarde nie.

## Verbode Kommunikasie

Verder, het God die kastige kommunikasie met geeste van afgestorwenes verbied. Die “bekende geeste” soos besoekers van ander wêrelde genoem word, word _ verklaar deur die Bybel as “die geeste van duiwels.” Verwys na Numeri 25:1-3; Psalm 106:28; 1 Korinthi-

ërs 10:20; Openbaring 16:14. Gemeenskap met hulle was verbode en strafbaar met die dood. Levitikus 19:31; 20:27. Maar spiritualisme
[66] het 'n weg gevind binne wetenskaplike kringe, het kerke infiltreer; en het guns ontvang in wetgewende liggame, selfs in die voorhowe van konings.

Hierdie kolossale misleiding is 'n herlewing in 'n nuwe gedaante van die heksery van ouds.

Deur voor te gee dat die laagstes van die mensdom in die hemel is en daar hoog geag word, sê Satan vir die wêreld: "Dit maak nie saak of jy glo of nie glo in God en die Bybel nie, lewe soos jy goed vind; die hemel bly jou woning." Maar God se Woord sê: "Wee hulle wat sleg goed noem en goed sleg, wat die duisternis lig maak en die lig duisternis, wat bitter soet maak en soet bitter." Jesaja 5:20.

## Die Bybel Voorgehou as Fiksie

Die apostels, wat verpersoonlik word deur leuenagtige geeste,
[67] word voorgehou om te weerspreek wat hulle geskryf het toe hulle op aarde was. Satan versprei gerugte in die wêreld dat die Bybel fiksie is, 'n boek wat geskik is vir die klein kindertjies van die menslike ras, wat nou as rudimentêr, of uitgediend, beskou moet word. Die boek wat hom en sy volgelinge moet oordeel, wil hy in die skadu sit; die Verlosser van die wêreld wil hy voorhou as niks meer as 'n gewone mens nie.

En diegene wat glo in spiritistiese manifestasies probeer voorgee dat daar niks wonderbaarlik of bonatuurlik was in die aardse lewe van ons Verlosser nie. Hulle eie wonderwerke, verklaar hulle, oorskry die werke van Christus by verre.

Spiritualisme neem huidiglik 'n Christelike vermomming aan. Maar spiritualistiese leerstellings kan nie ontken of weggesteek word nie. In sy huidige vorm is dit 'n meer gevaarlike, meer subtiele misleiding. Huidiglik gee hulle voor dat hulle Christus en die Bybel aanvaar. Maar die Bybel word interpreteer op 'n wyse wat prettig is vir die onvernieude hart. Liefde word uitgelig as die hoof attribuut van God, maar word gedegradeer na 'n swak sentimentalisme. God se veroordeling van sonde en die vereistes van Sy heilige gebooie word nie in berekening gebring nie. Fabels lei mense om die Bybel te verwerp as die fondament van hul geloof. Christus word net so

geredelik verwerp as tevore, maar die misleiding word nie ontleed nie.

Min het ‘n duidelike begrip van die misleidende krag van spiritualisme. Vele ondersoek spiritualisme bloot om nuuskierigheid te bevredig. Hulle sou ontsteld wees by die blote gedagte om hulleself oor te gee aan die kontrolende gees se beheer. Maar hulle waag dit op verbode terrein en die vernietiger oefen sy mag oor hulle uit teen hulle wil. As hulle een keer toegelaat het dat hulle gedagtes onder sy beheer kom, hou hy hulle in gevangenskap. Niks behalwe die krag van God, in antwoord op ernstige gebed, kan hierdie siele red nie.

Almal wie vrywilliglik bekende sondes koester, verwelkom Sa- [68]
tan se versoekings. Hulle skei hulself af van God en die beskerming van Sy engele en beskik oor geen verdediging nie.

“Mense sê julle moet mediums en spiritiste raadpleeg wat fluister en mompel, maar moet ‘n volk nie sy God raadpleeg nie? Waarom sou ‘n mens dooies in belang van lewendes raadpleeg? Terug na die wet en getuienis van die Here! Wie nie volgens hierdie woord praat nie, is sonder toekoms!” Jesaja 8:19,20 (1983 Vertaling).

Indien die mens bereid was om die waarheid aangaande die natuur van die mens en die toestand van die dode te ontvang, sou hulle in die misleidende wondere van spiritualisme Satan se krag in werking raakgesien het.

Maar menigtes sluit hul oë vir die lig en Satan stel sy vangstrikke op rondom hulle “... omdat hulle die liefde tot die waarheid nie aangeneem het om gered te word nie. En daarom sal God hulle die krag van die dwaling stuur, om die leuen te glo.” 2 Tessalonisense 2:10,11.

Hulle wie spiritualisme opponeer veg teen Satan en sy engele.
Satan sal geen duim terugstaan nie, behalwe indien teruggedryf deur [69]
hemelse boodskappers. Hy kan die Skrif huidiglik aanhaal soos in die dae van Christus op aarde en hy sal Sy leringe verdraai. Hulle wie staande wil bly in hierdie tyd van beproewing moet die getuienis van die Skrif persoonlik verstaan en ken.

## Verstaan die Bybel

Geeste van duiwels wie familie en vriende verpersoonlik sal ‘n beroep maak op ons simpatie en sal wonderwerke doen. Ons moet

hulle weerstaan met die Bybelse waarheid, dat die dooies niks weet nie en dat hulle wie as sodanig verskyn, die geeste van duiwels is.

Almal wie se geloof nie gevestig is op die Woord van God nie, sal mislei en oorval word. Satan werk met al die misleidings van ongeregtigheid en sy misleidings sal meer word. Maar diegene wie na kennis soek van die waarheid en hulle siele reinig deur gehoorsaamheid sal in die God van waarheid 'n veilige vesting vind. Die Verlosser sal elke engel uit die hemel stuur om Sy dienaars te beskerm, eerder as om een siel wie op Hom vertrou alleen te laat om deur Satan oorrompel te word. Hulle wie hulself vertroos met die versekering dat daar geen straf is vir die sondaar nie, wie die waarhede verwerp wat die Hemel voorsien het as verdediging vir die dag van vervolging, sal die leuens aanvaar wat Satan aanbied, naamlik die misleidende voorstellings en leerstellings van spiritualisme.

[70] Spotters hou vol om die verklarings van die Bybel met betrekking tot die verlossingsplan en die finale oordeel van die afkeurders van die waarheid, as absurd en belaglik af te maak. Hulle bejammer mense wie so verkramp, swak en bygelowig is om die vereistes van God se gebooie na te kom.

Hulle is oorrompel deur die groot bedrieër en so nou verbind met hom en vasgevang deur sy gees, dat hulle geen inklinasie het om te probeer ontsnap uit sy vangstrikke nie.

Die fondament vir Satan se werk op aarde was reeds vasgelê in die versekering wat Satan gegee het aan Eva in die tuin van Eden, toe hy gesê het: "Julle sal gewis nie sterwe nie." "... julle oë sal oopgaan, sodat julle soos God sal wees deur goed en kwaad te ken." Genesis 3:4,5. Satan se meesterstuk van misleiding sal bereik word in die laaste oorblyfsel van tyd. Soos die profeet gesê het: "En ek het.... drie onreine geeste soos paddas sien kom. Want dit is geeste van duiwels wat tekens doen, wat uitgaan na die konings van die aarde en die hele wêreld, om hulle te versamel vir die oorlog van daardie groot dag van die almagtige God." Openbaring 16:13,14.

Behalwe hulle wie beskerm word deur die krag van God deur geloof in Sy Woord, sal die hele wêreld ingesluit word deur hierdie misleiding. Die mensdom is vinnig besig om gesus te word tot 'n fatale sekuriteit, en sal slegs wakker gemaak word deur die uitstorting van die gramskap van God.

## 6 - Ware Vrede [71]

Oral waar die Woord van God gelowig verkondig is, het resultate gevolg wat getuig van goddelike oorsprong. Sondaars het gevind dat hul gewetens hulle vinniger aankla. Diepe oortuigings het hulle harte en gedagtes vasgevang. Hulle het 'n gevoel vir God se geregtigheid verkry en het uitgeroep: "Wie sal my van hierdie doodsbestaan verlos?" Romeine 7:24. Soos die kruis verduidelik en ontbloot is, het hulle begryp en geglo dat niks anders as die meriete van Christus se dood geregtigheid kon verkry vir hul oortredings nie. Deur die bloed van Jesus het "Hy die sondes ongestraf laat bly, wat tevore gedoen is." Romeine 3:25.

Hierdie siele het geglo, is gedoop en het opgestaan in 'n nuwe lewe, deur die geloof van die Seun van God, deur in Sy voetspore te volg om Sy karakter te reflekteer, en deur hulself te reinig soos Hy rein is. Dinge wat hul voorheen gehaat het, het hulle nou lief gehad en dinge wat hulle voorheen liefgehad het, het hulle nou gehaat. Die trotsaards het sagmoedig geword. Die verwaandes en hooghartiges het ernstig en beskeie geword. Die dronkaards het nugter geword, die onsedelikes rein.

Christene het nie "uiterlike dinge soos haarkapsels, juwele en [72]
sierlike klere (gesoek) nie. Nee,... skoonheid van die innerlike mens... blywende beskeidenheid en kalmte van gees. Dit (wat) by God groot waarde (het)". 1 Petrus 3:3,4.

Herlewings is gekenmerk deur plegtige oproepe tot die sondaar. Die vrugte is gesien in siele wie hul self verloën het en hul verheug het om waardig geag te word om te ly vir hul geloof in Jesus. Mense het positiewe transformasie gesien in persone wie die naam van Jesus bely het. Die resultate was dikwels so positief dat geestelike ontwakings plaasgevind het.

Baie geestelike herlewings van vandag toon 'n heel ander gees. Dit is waar dat baie bekeerd voorkom en dat daar groot toevoegings tot die kerk is. Die resultate is egter nie sodanig dat merkwaardige veranderinge in mense se persoonlike geestelike lewens identifiseer

kan word nie. Die geestelike lig wat opvlam vir ‘n tydperk, gaan dikwels kort daarna weer dood.

Populêre herlewings stimuleerte dikwels die emosies, wat die liefde bevredig vir dit wat nuut en verrassend is. Bekeerlinge wat op hierdie wyse gewen word, het dikwels nie ‘n groot begeerte om na Bybelse waarhede te luister nie en tensy ‘n geestelike diens nie ook ‘n sensasionele karakter het nie, het dit ook nie ‘n groot aantrekkingskrag vir hulle nie.

Met elke werklik bekeerde siel sal die verhouding met God en ewige dinge altyd die groot onderwerp van die lewe wees. Waar in
[73] die populêre kerke van vandag, is die gees van toewyding aan God? Bekeerlinge keer ook nie altyd weg van trots en liefde vir die wêreld nie. Bekeerlinge is ook nie altyd meer bereid om self te verloën en om die sagmoedige Jesus te volg, as voor hul bekering nie.

Kragtige goddellikheid in die kerke het byna verdwyn.

## Ware Volgelinge van Christus

Desnieteenstaande die wydverspreide agteruitgang van die geloof, is daar ware volgelinge van Christus in hierdie kerke.

Voor die finale uitstorting van God se oordeel oor die mensdom op aarde, sal daar onder God se dienaars ‘n herlewing van primitiewe goddelikheid wees, wat nie ervaar is sedert apostoliese tye nie. Die Heilge Gees van God sal uitgestort word. Baie sal van hierdie kerke af weggaan, waar liefde vir die wêreld liefde vir God en Sy Woord vervang het. Baie predikers en mense sal gretiglik die groot waarhede aanvaar wat mense voorberei vir die Here se wederkoms.

Die vyand van siele begeer om hierdie werk te verhinder, en voor die tyd vir so ‘n beweging sal kom, sal hy probeer om dit te verhinder deur ‘n vervalsing in die kerke in te bring.

In daardie kerke wat hy onder sy mag kan bring, sal hy dit laat blyk asof God se seëninge uitgestort word. Menigtes sal uitroep, “God is besig om kragdadig te werkl” terwyl dié werk die werk van ‘n valse gees is. Onder ‘n sogenaamde geestelike vermomming sal
[74] Satan poog om sy invloed oor die Christendom uit te brei. Daar is ‘n emosionele opgewondenheid, ‘n vermenging van die waarheid en die leuen, goed aangepas om te mislei.

In die lig van God se Woord is dit egter nie so moeilik om die karakter van die bewegings te onderskei nie. Oral waar die mens die getuienis van die Bybel verontagsaam het, deur weg te beweeg van die eenvoudige siel-toetsende waarhede wat selfverloëning | en wêreldversaking insluit, daar kan ons verseker weet, is God se seën nie uitgestort nie. “Aan hulle vrugte sal julle hulle ken” (Mattheus 7:16); dit is duidelik dat hierdie bewegings nie die werk van die Gees van God is nie. Die waarhede van God se Woord is ‘n skild teen die misleidings van Satan. Verontagsaming van hierdie waarhede het die deur oopgemaak vir die euwels wat nou wydverspreid in die wêreld is. Die belangrikheid van die Wet van God is tot ‘n groot mate uit die oog verloor. ‘n Verkeerde opvatting van die gebooie van God het gelei tot foute met betrekking tot bekering en regverdigmaking, wat die standaarde van pïeteit verlaag het. Die rede hiervoor is die gebrek aan die Heilige Gees van God in die geestelike herlewings van ons tyd.

## Die Wet van Vyheid

Baie geestelike onderwysers leer dat as gevolg van Jesus se sterwe aan die kruis, God se Tien Gebooie afgeskaf is. Sommiges bied dit aan as ‘n swaar juk en in kontras met die “slawerny” (die gevangenskap) van die wet, bied hulle “vryheid” aan, wat onder die evangelie geniet kan word.

Maar die partriarge, profete en apostels het God se heilige wet
nie só gesien nie. Dawid het gesê: “... en in die ruimte (“vryheid”) [75]
wandel, want ek soek u bevele”. Psalm 119:45. Die apostel Jakobus verwys na die Dekaloog as “... die volmaakte wet van die vryheid ...” Jakobus 1:25.

Johannes, die openbaarder, verkondig ‘n seën aan “die wat Sy gebooie doen, sodat hulle reg kan hê op die boom van die lewe en ingaan deur die poorte in die stad.” Openbaring 22:14.

Sou dit moontlik gewees het vir die wet om verander of ter syde gestel te word, sou dit nie nodig gewees het vir Christus om te sterf om die mens te red van die straf vir die sonde nie. “Dit het die Here behaag ter wille van Sy geregtigheid om die onderwysing groot en heerlik te maak” Jesaja 42:21. Hy het gesê: “Moenie dink dat Ek gekom het om die wet of die profete te ontbind nie”. “Voordat die

hemele en die aarde verbygaan, sal nie een jota of een titteltjie van die wet ooit verbygaan .. Aangaande Homself het hy verklaar: “Om U wil te doen, my God, is my een begeerte, U woord is my hele lewe”. Mattheus 5:17,18; Psalm 40:8 (1983 Vertaling).

Die wet van God is onveranderlik, ‘n openbaring van die karakter van die Outeur daarvan. God is liefde en Sy wet is liefde. “Liefde is die vervulling van die wet.” Die psalmis sê: “U wet is die waarheid; al U gebooie is geregtigheid”. Paulus verklaar: “Die liefde doen die naaste geen kwaad nie, daarom is die liefde die vervulling van die wet”. Romeine 13:10; Psalm 119:142,172; Romeine 7:12. Hierdie wet moet so ewigdurend wees soos die Outeur daarvan.

Dit is die werk van bekering en heiligmaking om die mens met God te versoen deur hulle in akkoord met die beginsels van Sy wet te bring. In die begin was die mens in perfekte harmonie met die wet van God. Maar sonde het hom vervreem van Sy Skepper. Die mens se hart was in oorlog met God se wet. “Omdat wat die vlees bedink, vyandskap teen God is; want dit onderwerp hom nie aan
[76] die wet van God nie, want dit kan ook nie.” Romeine 8:7. Maar “so lief het God die wêreld gehad, dat Hy Sy eniggebore Seun gegee het,” (Johannes 3:16), sodat die mens versoen kan word met God, herstel tot harmonie met sy Skepper. Hierdie verandering is die nuwe geboorte, waarsonder “hy nie die koninkryk van God kan sien nie.”

## Oortuiging van sonde

Die eerste stap tot versoening met God is die oortuiging van sonde, “... want die sonde is wetteloosheid”, “... want die wet is kennis van sonde.” 1 Johannes 3:4; Romeine 3:20. Vir die sondaar om sy oortreding te kan insien, moet hy sy karakter toets in God se spieël, wat die volmaaktheid van ‘n regverdige karakter vertoon en hom in staat stel om die tekortkominge van sy eie karakter te identifiseer.

Die wet wys vir die mens sy sonde uit, maar bied geen vergifnis nie. Dit verklaar dat die dood die lot is van die oortreder. Die evangelie van Christus alleen kan hom verlos van die veroordeling of die ontreiniging van die sonde. Hy moet sondebelydenis doen teenoor God, wie se wet oortree is, en geloof uitoefen in Christus,

sy versoeningsoffer. So ontvang hy vergifnis van sondes wat tevore gedoen is (Romeine 3:25) en word hy kind van God.

### Luther Illustreer Hoe om Vergifnis en Verrlossing te Ontvang

’n Begeerte om vrede met God te vind, het Martin Luther gedryf om homself te verbind tot ‘n kloosterlike lewe. Hier was hy genoodsaak om sloofwerkte verrig en om te bedel van huis tot huis. Hy het geduldig hierdie vernedering verduur, omdat hy geglo het dit noodsaaklik was as gevolg van sy sonde.

Hy het ‘n baie strenge lewe gely en hom beywer deur te vas, nagwake en selfkastyding om sy sondige natuurte onderwerp. Hy het later gesê: “Indien ‘n monnik die hemel kon verdien deur sy [77] werke as monnik, dan moes ek sekeriik daarop geregtig gewees het. Indien dit veel langer moes aangehou het, sou ek waarskynlik my selfkastyding tot die dood toe volhard het.” [1] Selfs met al sy pogings het sy skuldbelaaide siel nie verligting gevind nie. Hy is uiteindelik tot op die rand van wanhoop gedryf.

Toe dit voorgekom het of alles verlore was, het God ‘n vriend opgerig vir Luther. Staupitz het die Woord van God verstaanbaar gemaak vir Luther en hom versoek om nie na homself nie maar na Jesus te kyk. “In plaas van om jouself te martel as gevolg van jou sonde, gooi jouself eerder in die Verlosser se arms. Vertrou op Hom en in die geregtigheid van Sy lewe, asook in die versoening deur Sy dood Die Seun van God ... wie mens geword het om jou die versekering van goddellike guns te gee.” [2] Staupitz se woorde het ‘n groot indruk op Luther gemaak. Luther het vrede vir sy gekwelde siel gevind.

Later is Luther se stem van die kansel af gehoor in ernstige waarskuwing. Luther het aan die mense die afskuwelike karakter van sonde getoon en het bevestig dat dit onmoontlik vir die mens was om deur sy eie werke sy sondeskuld te verminder of om die straf vir die sonde vry te spring. Niks behalwe skuldbelydenis teenoor [78] God en geloof in Jesus Christus kan die sondaar red nie. Die genade van God kan nie gekoop word nie; dit is ‘n gratis geskenk. Luther het

[1] H. Merle D’Aubigne, Historyofthe Reformation ofthe Sixteenth Century, bk. 2, hoofst. 3.

[2] Ibid., bk. 2, hfst. 4. v

by die mense gepleit en aanbeveel om nie vergunnings, of absolusie, te koop nie, maar om eerder in geloof na die kruis en ‘n gekruisigde Verlosserte kyk. Luther het getuig van sy eie pynlike ondervinding en het sy hoorders die versekering gegee dat dit deur geloof in Christus is, dat hy vrede en geluk gevind het.

## Maak Vergifnis Ons Vry Van Gehoorsaamheid?

Is die sondaar wie vergifnis ontvang het, vry om God se wet te oortree? Paulus vra: “Maak ons dan die wet nou tot niet deur die geloof?” “Nee, stellig nie! Ons bevestig die wet.” “Ons wat die sonde afgesterf het, hoe kan ons nog daarin lewe?” Johannes verklaar: “Want dit is die liefde tot God, dat ons Sy gebooie bewaar; en sy gebooie is nie swaar nie.” Met die nuwe geboorte in Christus Jesus word die hart in harmonie gebring met God, in ooreenstemming met Sy wet. Wanneer hierdie verandering gebeur het in die sondaar, het hy van die dood na die lewe transformeer, van oortreding en rebellie na gehoorsaamheid en lojaliteit. Die ou lewe is verby; die nuwe lewe van versoening, geloof en liefde het begin. “Sodat die reg van die wet vervul kon word in ons wat nie na die vlees wandel nie, maar na die Gees.” Die taal van die siel sal wees: “Hoe lief het ek U wet; dit is my bepeinsing die hele dag.” Romeine 3:31; 6:2; 1 Johannes 5:3; Romeine 8:4; Psalm 119:97.

[79] Sonder die wet, het die mens geen werklike oortuiging van die sonde nie en is daar geen behoefte vir skuldbelydenis nie. Die mens besef nie die noodsaaklike behoefte van die versoeningsbloed van Christus nie. Die hoop van verlossing word aanvaar sonder ‘n radikale verandering van hart of hervorming van lewenswandel. Derhalwe is daar volop oppervlakkige bekerings en massas mense wat aansluit by die kerk, wie nooit met Christus verenig het nie.

## Wat is Heiligmaking?

Foutiewe leerstellings van heiligmaking ontstaan ook as gevolg van versuiming of verwerping van die goddellike wet. Hierdie teorieë wat vals in doktrine en gevaarlik in praktiese resultate is, geniet guns by die mensdom in die algemeen.

Paulus verklaar, “Want dit is die wil van God: julle heiligmaking.” Die Bybel gee duidelike onderrig oor wat heiligmaking is en hoe dit verkry moet word. Die Verlosser het vir sy dissipels gebid: “Heilig hulle in U waarheid. U Woord is die waarheid.” Paulus leer verder dat gelowiges .. geheilig deur die Heilige Gees” moet word. 1 Tessalonisense 4:3; Johannes 17:17; Romeine 15:16.

Wat is die werk van die Heilige Gees? Jesus het aan Sy dissipels gesê: “Maar wanneer Hy gekom het, die Gees van die waarheid, sal
Hy julle in die hele waarheid lei,” en die psalmis sê: “U wet is die [80]
waarheid.” Aangesien die wet van God “Heilig, regverdig en goed” is, sal ‘n karakter wat uit gehoorsaamheid tot daardie wet gevorm is, heilig wees. Christus is die perfekte voorbeeld van so ‘n karakter. Hy sê: “Ek het My Vader se gebooie onderhou.” “Ek doen altyd daardie dinge wat Hom welgevallig is.” Johannes 15:10; 8:29. Die volgelinge van Christus moet soos Hy word - deur die genade van God moet hulle karakters vorm wat in harmonie is met die beginsels van Sy heilge wet. Dit is Bybelse heiligmaking.

### Deur Geloof Alleen

Hierdie werk kan alleenlik bereik word deur geloof in Christus, deur die krag van die inwonende Gees van God. Die Christen sal die versoekings van die sonde ervaar, maar hy sal deurlopend oorlog voer teen die sonde. Dit is hier waar Christus se hulp benodig word. Menslike swakheid word verenig met goddellike krag en geloof roep uit: “Maar God sy dank, wat ons die oorwinning gee deur ons Here Jesus Christus.” 1 Korinthiërs 15:57.

Die werk van heiligmaking is progressief. Wanneer in bekering, vind die sondaar vrede met God en die Christenlewe het pas begin.
Nou moet die sondaar groei en “na volmaaktheid voortgaan” om [81]
op te groei “tot die eenheid van die geloof en van die kennis van die Seun van God, tot ‘n volwasse man, tot die mate van die volle grootte van Christus;” . en strek my uit na wat voor is, en jaag na die doel om die prys te verkry van die hoë roeping van God in Christus Jesus”. Hebreërs 6:1; Efesiërs 4:13; Fillipense 3:14.

Hulle wie Bybelse heiligmaking ervaar sal nederigheid manifesteer. Hulle sien hul eie onwaardigheid in kontras met die volmaaktheid van die Oneindige Een. Die profeet Daniël was ‘n voorbeeld

van ware heiligmaking. In plaas daarvan om aanspraak te maak dat hy rein en heilig is, het hierdie geeërde profeet homself identifiseer met die werklike sondigheid van Israel, toe hy by God gepleit het namens sy volksgenote. Daniël 10:11:9:15,18, 20; 10:8,11.

Daar kan geen selfverhoging wees nie, geen spoggerige aanspraak op vryheid van sonde, deur hulle wie in die skaduwee van die kruis op Golgota beweeg. Hulle voel dat dit hulle sondes was wat die doodsangs veroorsaak het wat die hart van die Seun van God gebreek het en hierdie gedagtes sal lei tot selfvernedering. Hulle wie die naaste aan Jesus leef, onderskei meer duidelik die swakheid en sondigheid van die mensdom en dat hul enigste hoop berus op die meriete en geregtigheid verkry deur 'n gekruisigde en opgestane Verlosser.

Heiligmaking wat begin om prominensie in die godsdienstige wêreld te verkry, getuig van 'n gees van selfverhoging en verontagsaming van die wet van God, wat nie skriftuurlik is volgens die Bybel nie. Die advokate van hierdie leerstellings vir heiligmaking leer dat dit 'n kitsproses is en deur geloof alleen, kan perfekte heiligheid verkry word. "Glo," sê hulle "en die seëning is joune." Geen verdere poging is nodig vir die ontvanger nie. Terselfdertyd ontken hulle ook die outoriteit van die wet van God en bevestig hulle dat hulle
[82] vrygestel is van enige verpligting ten opsigte van die gebooie van God. Maar is dit moontlik om heilig te wees sonder om in harmonie te kom met die beginsels wat God se karakter en wil uitspreek en bevestig?

Die getuienis van die Woord van God is teen hierdie verstrikkende leerstelling van geloof sonder werke. Dit is nie geloof wat die guns van die hemel eis, sonder om te voldoen aan die vereistes waarop genade toegestaan en verkry word nie. Dit is aanmatiging. Sien Jakobus 2:14 tot 24.

Laat niemand homself mislei dat hy heilig kan word terwyl hy opsetlik een van God se vereistes oortree nie. Willens-en-wetende sondepleging maak die getuigende stem van die Heilige Gees stil en skei die siel af van God. Alhoewel Johannes die liefde so vollediglik behandel en beklemtoon het, skroom hy nie om die ware karakter van hulle te ontbloot wie beweer dat hulle heilig is terwyl hulle die wet van God oortree en hulle aan die sonde vergryp. "Hy wat sê: Ek ken Hom - en Sy gebooie nie bewaar nie - is 'n leuenaar en in hom is

die waarheid nie. Maar elkeen wat Sy woord bewaar, in hom het die liefde van God waariik volmaak geword. Hieraan weet ons dat ons in Hom is.’l Johannes 2:4,5. Hier is die toets van elkeen se opregte bedoeling. Indien iemand God se gebooie bespot of verkleineer, indien hulle “... een van die minste van hierdie gebooie breek en die mense so leer..(Mattheus 5:18,19), sal ons weet dat hul aansprake vals en ongegrond is.

Die aanspraak om sonder sonde te wees, is ‘n bewys dat wie hierdie aanspraak maak, vêr van heilig is. Hy het geen werklike begrip van die oneindige reinheid en heiligheid van God nie en ook [83]
nie van die kwaadwilligheid en boosheid van sonde nie.Hoe groter die afstand tussen hom en Christus, hoe meer geregtig kom hy voor in sy eie oë.

### Bybelse Heiligmaking

Heiligmaking sluit in en omvat die hele wese - gees, siel en liggaam. Verwys na 1 Tessalonisense 5:23. Christene word beveel om hulle liggame aan te bied “... as ‘n lewende, heilige en aan God welgevallige offer..Romeine 12:1. Elke praktyk wat fisies of geestelik verswak, maak die mens onbekwaam vir diens aan sy Skepper. Hulle wie God liefhet met hul hele hart sal voortdurend poog om elke krag van hul totale wese in harmonie met die wette van God te bring, met die doel om hul bekwaamheid om Sy wil te doen, te bevorder. Hulle sai nie deur toegeeflikheid aan aptyt, wellus of begeerte hulle vleeslike en geestelike offer wat hulle aan hul hemelse Vader aanbied, verswak of ontheilig nie.

Elke sondige bevrediging is geneig om die geestelike en spirituele persepsies te verlam of te verdoof; die Woord of Gees van God sal dan slegs ‘n flou indruk maak op die harte van die betrokkenes. “Laat ons ons van alle besoedeling van die vlees en die gees reinig, en laat ons die heiligmaking in die vrees van God volbring.” 2 Korinthiërs 7:1.

Hoeveel selfverklaarde Christene verlaag nie hulle goddellike menswees deur vraatsug, wyndrinkery of deur verbode plesier niel
Die kerk bemoedig te dikwels hierdie boosheid sodat die kerk se [84]
skatkis aangevul kan word, waar liefde vir Christus te kragteloos is om te voorsien. Indien Jesus vandag se kerke moes besoek en die

feeste aanskou wat in die naam van godsdiens bedryf word, sou Hy nie die ontheiligers uitgedryf het soos hy die geldhandelaars uit die tempel verdryf het nie?

"Of weet julle nie dat julle liggaam 'n tempel van God is, van die Heilige Gees wat in julle is, wat julle van God het, en dat julle nie aan julself behoort nie?" "Want julle is duur gekoop. Verheerlik God dan in julle liggaam en in julle gees wat aan God behoort." 1 Korinthiërs 6:19,20.

Hy wie se liggaam 'n tempel is van die Heilge Gees, sal nie verslaaf word deur 'n vernietigende gewoonte nie. Sy kragte behoort aan God. Sy eiendom behoort aan die Here. Hoe kan hy hierdie kapitaal wat aan hom toevertrou is, verkwis?

Selfverklaarde Christene spandeer jaarliks enorme bedrae geld aan nadelige gewoontes. God word beroof van tiendes en vrywillige offergawes, terwyl hulle op die altaar van sinnelike begeertes meer geld spandeer as wat hulle bewillig vir armoedeverligting of vir die uitbreiding van die evangelie. Indien almal wie aanspraak maak dat hul Christus bely, waarlik heilig was, sou die nuttelose verkwisting eerder aangewend gewees het vir die Here se skatkis. Christene sou dan 'n beeld geskep het van matigheid en onthouding asook selfopoffering. Dan kon hulle die lig vir die wêreld gewees het.

[85] "Want alles wat in die wêreld is - die begeerlikheid van die vlees en die begeerlikheid van die oë en die begeerlikheid van die lewe - is nie uit die Vader nie, maar is uit die wêreld." Hierdie begeerlikhede beheer die massas. 1 Johannes 2:16. Maar Christus se volgelinge het 'n heiliger roeping. "Daarom gaan onder hulle uit en sonder julle at, spreek die Here; en raak nie aan wat onrein is nie, en Ek sal julle aanneem; en Ek sal vir julle 'n Vader wees en julle sal vir My seuns en dogters wees, spreek die Here die Almagtige." 2 Korinthiërs 6:17,18.

### Direkte Toegang Tot God

Elke stap van geloof en gehoorsaamheid bring die siel in nouer kontak met die Lig van die Wêreld. Die helder strale van die Son van Geregtigheid skyn oor die dienaars van God en die dienaars moet Sy strale reflekteer. Die sterre bevestig dat daar 'n lig in die hemel moet wees, met wie se glorie hulle helder gemaak word; daarom

manifesteer Christene hulle geloof in ‘n God wat op ‘n troon in die hemel sit, wie se karakter waardig is om te prys en na te volg. Die heiligheid van Sy karakter sal manifesteer in Sy getuies.

Deur die meriete van Christus het ons toegang tot die troon van Oneindige Krag. “Hy wat selfs Sy eie Seun nie gespaar het nie, maar Hom vir ons almal oorgegee het, hoe sal Hy nie saam met Hom ons [86]
ook alles genadiglik skenk nie?” Jesus sê: As julle dan wat sleg is weet om goeie gawes aan julle kinders te gee, hoeveel te meer sal die hemelse Vader die Heilge Gees gee aan die wat Hom bid?” “As julle iets in My naam vra, sal Ek dit doen.” “Tot nou toe het julle niks in My naam gevra nie. Bid en julle sal ontvang, sodat julle blydskap volkome kan wees.” Romeine 8:32; Lukas 11:13; Johannes 14:14; Johannes 16:24.

Dit is die voorreg van elke persoon om so te leef dat God sy lewe sal goedkeur en seën. Dit is nie die wil van ons hemelse Vader dat ons ooit onder veroordeling moet staan en in duisternis moet leef nie. Daar is geen bewys van egte nederigheid indien ons met hoofde gebuig loop maar met die hart wat vol van gedagtes is wat handel oor onsself nie. Ons kan na Jesus toe gaan en gereinig word en voor die wet staan sonder skaamte of selfverwyt.

Deur Jesus kan die gevalle seuns van Adam, “seuns van God” word. Jesus is nie skaam om hulle broers te noem nie, want hulle “... is almal uit Een; om hierdie rede skaam Hy Hom nie om hulle broeders te noem nie.” Die Christenlewe moet een van geloof, oorwinning en geluk in God wees.

“Moenie bedroef wees nie. Die blydskap van die Here is jou sterkte.” Nehemiah 8:10 [N.I.V.

Vrylik vertaal]. “Wees altyddeur bly. Bid sonder ophou. Wees in alles dankbaar, want dit is die wil van God in Christus Jesus oor julle.”

Hebreërs 2:11; Nehemiah 8:10; 1 Thessalonicense 5:16,17,18.

Dit is die vrugte van Bybelbekering en heiligmaking; en dit is omdat die belangrike beginsels van geregtigheid wat in die wet saamgevat is so onverskillig beskou word, dat hierdie vrugte so min [87]
gesien word. Daarom manifesteer so min diep en blywende werking van die Heilige Gees wat vorige herlewings gekenmerk het.

Dit is deur aanskouing en volharding dat ons verander word. Namate daardie heilige voorskrifte waardeur God die volmaaktheid en

heiligheid van Sy karakter bekend gemaak het, verontagsaam word en die gedagtes van mense eerder aangetrokke word tot menslike voorskrifte en teorieë, volg daar 'n afname in pïeteit in die kerk. Dit is alleen wanneer die gebooie van God herstel word tot sy regmatige posisie, dat daar 'n herlewing kan wees van primitiewe geloof en goddellikheid onder Sy verklaarde volgelinge.

# 7 — Ons Enigste Beskerming [88]

Die dienaars van God word verwys na die Woord as die enigste beskerming teen die misleidende mag van geeste van die duisternis. Satan wend elke moontlike plan aan om te verhoed dat die mens ‘n kennis van die Bybel ontvang. By elke herlewing van God se werk, word Satan gemotiveer om sy aktiwiteite te intensifiseer. ‘n Finale stryd teen Christus en Sy volgelinge sal binnekort begin. So na aan die waarheid sal die vervalsing wees, dat dit onmoontlik sal wees om onderskeid te tref, behalwe deur die bestudering van die Skrifte.

Huile wie strewe om al die gebooie van God te onderhou sal opponeer, bespot en uitgekoggel word. Om hierdie lyding te deurstaan moet hulle die wil van God verstaan soos bekend gemaak in Sy Woord. Hulle sal Hom alleenlik kan eer indien hulle die korrekte begrip het van Sy karakter, regering en doestellings en dienooreenkomstiglik optree. Slegs hulle wie geestelik versterk is met die waarhede van die Bybel, sal staande kan bly deur die laaste groot konflik.

Voor Sy kruisiging het die Verlosser aan Sy dissipels verduidelik [89]
dat Hy gedood sou word en weer sou opstaan. Engele was teenwoordig om Sy woorde op hul harte en gedagtes in te skerp. Maar die woorde is verban uit die dissipels se gedagtes. Toe die toets egter kom, het die dood van Jesus hul hoop vernietig, asof Hy hulle glad nie gewaarsku het nie. Net so word die toekoms vir ons deur die profesieë aangedui, so duidelik soos wat die dissipels die boodskap van Christus ontvang het. Steeds het menigtes geen meer begrip van hierdie toekomstige gebeure, as wat die geval sou wees indien hulle hierdie boodskappe nooit sou ontvang het nie.

Wanneer God waarskuwings stuur, verwag God van elke persoon met verstand om ag te slaan op die boodskap. Die vreeslike oordele oor die aanbidding van die draak en sy beeld (sien Openbaring 14:9-11) behoort aan almal duidelik te maak wat die merk van die dier is en hoe om te vermy om dit te ontvang. [1] Maar die massas van mense

[1] Hierdie onderwerp word aangebied in Die Groot Stryd, Hoofstuk 38.

wil nie die Bybelwaarhede ontvang nie, omdat dit inmeng met die begeertes van die sondige hart. Satan voorsien die tipe misleidings wat mense liefhet.

Maar God se oorblyfsel gelowiges sal die Bybel en die Bybel alleenlik gebruik as maatstaf vir leerstellings en die basis vir hervorming. Die opinies van geleerde manne, die gevolgtrekkings van wetenskaplikes, die besluite van godsdienstige raadsvergaderings, die stem van die meerderheid - nie een van hulle moet beskou word as bewys vir of teen enige leerstellngs van God nie. Ons moet alleenlik aandring op: "So sê die Here!" Satan mislei die mense om na leraars en predikante, pastore en professore van teologie te luister as hulle gidse, in plaas van om die Skrifte self te ondersoek. Deur hierdie leiers te beheer, kan Satan die massas beïnvloed.

Toe Christus na die aarde toe gekom het, het die gewone man
[90] op straat gretiglik na Hom geluister. Maar die hoof van die priesters en leiers in die gemeenskappe het hul self verskans in vooroordeel; hulle het die getuienis van Sy Messiaskap verwerp. "Hoe is dit," het die mense gevra, "dat ons geleerde predikante en leiers nie glo in Jesus nie?" Hierdie leiers het die gewone volk gelei tot verwerping van die Verlosser.

## Verheffing van Menslike Gesag

Christus het 'n profetiese siening gehad van die verheffing van menslike gesag om die gewete te bestuur, wat so 'n vreeslike vloek was deur die eeue. Jesus se waarskuwings om nie blinde leiers te volg nie, is op rekord geplaas, as 'n vermaning en teregwysing vir toekomstige geslagte.

Die Roomse Kerk behou vir die predikante die gesag en die reg voor, om die Skrifte te interpreteer. Alhoewel die Reformasie die geskrifte vir almal gegee het om te lees, weerhou dieselfde beginsels wat onderhou was deur Rome, massas in Protestantse kerke om die Bybel self te ondersoek.

[91] Hulle word geleer om die leerstellings te aanvaar, soos deur die kerk interpreteer. Duisende lidmate durf niks identifiseer in die Skrifte wat teenstrydig is met hul geloofsformulier nie.

Baie is gereed om hul siele toe te vertrou aan die kerkleiers. Hulle stuur feitlik ongemerk verby die Verlosser se Bybelse leringe.

Maar is kerkleiers onfeilbaar en onbedrieglik? Hoe kan ons hulle leiding vertrou, tensy ons verseker weet dat hul God se ligdraers is? 'n Tekort aan morele moed lei baie om geleerde mense te volg en in die proses word hul vasgevang in die leuen. Hulle identifiseer wel die waarheid in die Bybel en kan die krag voel van die Heilige Gees wat hierdie waarheid proklameer, nietemin laat hulle die kerkieiers toe om hulle van die lig af weg te lei.

Satan verseker die lojaliteit van menigtes deur hulle met emosionele bande te verbind aan magte wat vyande is van die kruis. Hierdie verbindings kan verbintenisse wees wat die volgende insluit: ouerlik; kinderlik; egtelik (maritaal) of sosiaal.

Baie glo dit maak nie saak wat jy glo nie, net solank jou lewe reg is. Maar die lewe word bepaal deur die geloof. As die waarheid binne bereik is en ons ignoreer dit, word dit eintlik verwerp, wat beteken dat ons toelaat dat duisternis eerder as lig, heers.

Onkunde is geen verskoning vir die leuen of vir sonde nie, terwyl daar voldoende geleentheid is om die wil van God te ken. As 'n man op reis gaan en hy kom by 'n kruising wat paaie aandui wat lei na verskillende plekke, met naamborde wat die verskillende rigtings aantoon en die man ignoreer dit en neem enige pad wat reg lyk, mag hy wel ernstig wees, maar hy sal homself in alle waarskynlikheid op die verkeerde pad bevind.

## Die Eerste en Grootste Verantwoordelikheid

Dit is nie goed genoeg om goeie voornemens te hê nie, of om te doen wat jy dink reg is nie, of om te doen wat die predikant sê [92]
jy moet doen nie. Elke persoon moet die Bybel self bestudeer. Die Bybel is 'n kaart wat elke pad aandui na die hemel toe en daar hoef nie geraai te word nie.

Dit is die eerste en die grootste verantwoordelikheid van elke rasionele lewende wese om die Bybel te bestudeer en die waarheid te ontdek en om dan in die lig te wandel en om ander aan te moedig om die voorbeeld te volg. Ons is verantwoordelik om ons eie opinies te vorm omdat ons self voor God verantwoording vir ons lewens sal moet doen.

Geleerde mense, met skynvertoon van groot wysheid, leer dat die Skrifte 'n geheimenis bevat, 'n spirituele betekenis wat nie in die

gebruikstaal van die gedrukte Bybel voorkom nie. Hierdie mense is valse leraars. Die boodskap van die Bybel moet verduidelik word in die taal waarin dit gedruk is, volgens die vanselfsprekende betekenis, tensy 'n simbool of syfer gebruik is. Indien mense maar net die Bybel bestudeer soos wat dit lees, sal 'n groot resultaat bereik word wat baie mense by die kerk sal voeg, wie huidiglik in duisternis wandel en in onwaarheid leef.

Baie Skrifgedeeltes wat geleerde mense as onbelangrik beskou, is gemaklik hanteerbare tekste vir hulle wie onderrig ontvang het in die skool van Christus. 'n Begrip van Bybelwaarheid berus nie so swaar op die krag van die intellek wat aangewend word om die ondersoek te doen nie, maar eerder op die doel van die ondersoek en die eerlike begeerte na geregtigheid.

### Resulte van Gebedsversuim en Bybelstudie

Die Bybel moet nooit bestudeer word sonder gebed nie. Die Heilige Gees alleen kan ons help om te onderskei tussen belangrik
[93] en onbelangrik, reg en verkeerd en verhoed dat ons met moeilike waarhede en vraagstukke moet worstel. Hemelse engele berei die hart voor om God se Woord te kan verstaan. Ons sal verheug word met die skoonheid, versterk word met die beloftes. Versoekings kom dikwels voor as onweerstaanbaar, omdat die persoon wat die versoeking ervaar, nie geredelik God se beloftes onthou om Satan se aanvalle met die wapens van die Skrif af te kan weer nie. Engele verkeer rondom hulle wie bereidwillig en begerig is om te leer en die engele sal die waarhede wat benodig word bekend maak en in hul gedagtes lê.

"Hy sal julle alles leer en julle herinner aan alles wat Ek vir julle gesê het." 1 Johannes 14:26. Maar die onderrig van Christus moes voorheen in die gedagtes vasgelê gewees het, vir die Heilige Gees om dit in herinnering in ons gedagtes op te roep, gedurende die tyd van verdrukking.

Die bestemming van die krioelende menigtes op aarde sal binnekort bepaal word. Elke volgeling van Christus moet ernstiglik
[94] navraag doen: "... Here wat wil U hê moet ek doen?" Handelinge 9:6. Ons moet nou 'n diep en lewendige ondervinding verkry in die dinge van die Here. Ons het nie tyd om te verkwis nie. Ons is op

Satan se terrein, op sy betowerde grondgebied. Moenie slaap nie, skildwagte van die Here!

Baie wens hulleself geluk met die verkeerde dade wat hulle nie verrig nie. Dit is nie genoeg om net bome in God se tuin te wees nie. Elke boom moet vrugte dra. In die boeke van die hemel is diesulkes geregistreerd as belemmeraars van die grond. Nogtans, met hulle wie God se genade geminag het en Sy guns nie aanvaar het nie, pleit die hart van lankmoedigheid nog steeds.

In die Somer is daar geen opsigtelike verskil tussen immergroen en ander bome nie; maar wanneer die Winter koue kom, bly die immergroenbome steeds onveranderlik, terwyl die ander bome gestroop word van hul blare. Laat opposisie ontstaan, laat onverdraagsaamheid weer heerskappy voer, laat vervolging inspireer word, dan sal die halfhartige en skynheilige hul geloof verloor, maar die ware Christen sal steeds vaster staan, sy geloof sterker, sy hoop blinker as in die dae van voorspoed.

"Want hy sal wees soos 'n boom wat by die water geplant is en sy wortels uitskiet by die stroom en nie vrees as daar hitte kom nie, maar sy blad bly groen; en in 'n jaar van droogte is hy nie besorg nie en hou hy nie op om vrugte te dra nie." Jeremia 17:8.

[95] # 8 — Ter Verdediging van die Waarheid

Die oproep en verpligting om God te aanbid, berus op die feit dat Hy die Skepper is. "Erken dat die Here God is: Hy het ons gemaak, en ons is Syne, Sy volk en die skape van Sy weide." Psalm 100:3. "Kom, laat ons aanbid en neerbuk; laat ons kniel voor die Here wat ons gemaak het." Psalm 95:6.

In Openbaring 14 word 'n beroep op die wêreld gedoen om die Skepper te aanbid en Sy gebooie te gehoorsaam. Een van hierdie gebooie verwys direk na God as die Skepper. "Maar die sewende dag is die Sabbat van die Here jou God " "Want in ses dae het die Here die hemel en die aarde gemaak, die see en alles wat daarin is en op die sewende dag het Hy gerus. Daarom het die Here die Sabbatdag geseën en dit geheilig." Exodus 20:10,11. Wat die Sabbat betref sê die Here verder: "En heilig My sabatte; en hulle sal 'n teken wees tussen My en julle, dat julle kan weet dat Ek die Here julle God is." Esegiël 20:20. Indien die Sabbat universeel eerbiedig en onderhou was, sou al die mense se gedagtes en toegeneentheid gefokus gewees het op die Here, as die Een wat eerbiedig en aanbid
[96] moet word, en dan sou daar waarskynlik nooit 'n afgodedienaar, 'n ateïs of 'n ongelowige gewees het nie. Die onderhouding van die Sabbat is 'n teken van lojaliteit aan die ware God. "Hy wie die hemel, en die aarde, en die see en al die waterfonteine gemaak het." Dit is dus duidelik dat die boodskap wat die mense beveel om God te aanbid en Sy gebooie te eerbiedig, 'n spesiale beroep doen op hulle om die vierde gebod te onderhou.

### Herstelling van die Waarheid

Sabbat-hervorming in die laaste dae, is geprofeteer in die boek Jesaja: "So sê die Here: Bewaar die reg en doen geregtigheid; want My heil is naby om te kom en my geregtigheid om geopenbaar te word." "En die uitlanders wat hulle by die Here aangesluit het, om Hom te dien en om die Naam van die Here lief te hê deur Sy knegte

te wees - elkeen wat die Sabbat hou, sodat hy dit nie ontheilig nie, en hulle wat vashou aan My verbond", "hulle sal Ek bring na My heilige berg, en Ek sal hulle vreugde laat smaak in my huis van gebed." Jesaja 56:1,2,6,7.

Hierdie woorde is ook van toepassing in die Christen eeu, soos bevestig word in die konteks (vers 8). Hierdie is 'n voorskou van die heidene wat die evangelie van Jesus Christus sou ontvang, wanneer Sy dienaars die goeie tyding aan al die nasies sal verkondig.

Die Here beveel: "Bind die getuienis toe, verseël die wet in die hart van My leerlinge." Jesaja 8:16. Die seël van God se wet word gevind in die vierde gebod. Slegs die vierdie gebod bevat die titel en die naam van die Wetgewer. Toe die Sabbat verander is deur Pouslike Rome, [1] was die seël van die wet weggeneem. Die dissipels van Jesus word versoek om die Sabbat te herstel, deur die Sabbat as die Here se dag te verhoog as die Skepper se aandenkingsdag en teken van Sy gesag.

Protestante verklaar nou omdat Jesus op die derde dag, naamlik [97]
die Sondag, opgestaan het uit die dode, herdenk hulie vandag Sondag [98]
as die Sabbat. Hierdie eer was nie deur Jesus of Sy dissipels aan Sondag gegee nie. Die herdenking van Sondag as die Sabbat het sy oorsprong in daardie "geheimsinnigheid van wetteloosheid" (2 Tessalonisense 2:7, 1983 Vertaling), wat reeds in Paulus se dag al begin werk het. Watter rede vir verandering van die Sabbatherdenking is daar, wat die Bybel nie goedkeur nie?

Protestante erken dat daar in die hele Nuwe Testament met betrekking tot enige spesifieke opdrag vir herdenking van die Sabbat [Sondag is die eerste dag van die week] geen opdrag of reëls vir Sabbatherdenking op Sondag opgeteken is nie. [2]

"Tot die tyd van Christus se dood, is geen verandering in die herdenking van die Sabbat gegee nie", en "die rekords bevestig dat hulle [die apostels] het ook nie enige uitdruklike opdrag gegee vir afstanddoening van die sewende dag Sabbat of vir die herdenking van Sabbat op die eerste dag van die week nie." [3]

Rooms Katolieke erken dat die verandering van Sabbat gemaak [99]
is deur hul kerk en verklaar dat omdat

[1] Hierdie verandering word beskryf in Hoofstuk 3 van Oie Groot Slryd.

[2] George Elliott, The Abiding SaDbath, bl. 184.

[3] A. E. Waffle, The Lord's Day.ble. 186-188.

Protestante ook die Sabbat op Sondag herdenk, dit bewys is dat die Rooms Katolieke Kerk se gesag erken en aanvaar word. Die stelling word gemaak: "Gedurende die ou wet, was Saterdag die Sabbat; maar die Kerk het in opdrag van Jesus Christus en gelei deur die Gees van God, die Saterdag met Sondag vervang; daarom herdenk ons nou die eerste dag en nie die sewende dag nie. Sondag beteken, en is nou, die dag van die Here." [4]

Die bevel is gegee: "Roep uit die keel, hou nie terug nie, verhef jou stem soos 'n basuin! En verkondig aan My volk hulle oortredinge en aan die huis van Jakob hulle sondes." Jesaja 58:1, 2.

Hulle wie die Here uitwys as "My volk" moet bestraf word vir hulle sondes, 'n volk wat hulself sien as regverdig in die diens van God. Maar die ernstige teregwysing van die Ondersoeker van harte, bewys dat hulle Sy heilige voorskrifte vertrap.

Die profeet wys die goddeilike voorskrif wat versaak is uit: "... Die fondamente van vorige geslagte sal jy oprig, en jy sal genoem word: Herbouer van gebreekte mure, hersteller van paaie, om bewoonbaar te maak. As jy jou voet terughou van die Sabbatom nie jou sake op My heilige dag te doen nie, en as jy die Sabbat 'n verlustiging noem en die heilige dag van die Here hoog hou; en as jy dit eer deur nie jou gewone gang te gaan nie, nie geleentheid vir jou sake soek of ydele taal spreek nie; dan sal jy jou verlustig in die Here..." Jesaja 58:12-14.

Die "verbreking" van die wet van God was gemaak toe die herdenkingsdag van die Sabbat verander is deur die Romeinse mag. Maar die tyd het aangebreek om die breuk te herstel.

Die Sabbat was gedenk deur Adam in sy onskuld in Eden; en deur die gevalle dog bekeerde Adam nadat hy verdryf is van sy landgoed af. Die Sabbat was gedenk deur ai die partriarge vanaf Abel tot Noag, tot Abraham, tot Jakob. Toe die Here Israel bevry het, het God Sy wet aan die menigte van nasies bekend gemaak.

[100]

## Werklike Sabbat Altyd Gedenk

Vanaf daardie dag tot vandag word die Sabbat gedenk. Alhoewei die "man van sonde" daarin geslaag het om God se heilige dag te vertrap, het gelowige siele wie weggekruip het in geheime plekke,

[4] Cathoiic Catechism ofChristian Retigion.

hierdie dag tot eer van God gedenk. Sedert die Reformasie het sommiges in elke geslag die Sabbat deurlopend gedenk.

Hierdie waarhede in verband met die "ewigdurende evangelie" sal die kerk van God onderskei in die tyd van Sy verskyning. "... Hier is hulle wat die gebooie van God en die geloof in Jesus bewaar " Openbaring 14:12.

Hulle wie die lig ontvang het aangaande die heiligdom [5] en die wet van God, was gevul met blydskap toe hulle die harmonie van die waarheid gesien het. Hulle het begeer dat hierdie lig aan alle Christene bekend gemaak moes word. Maar waarhede wat verskil met die wêreld, was nie altyd welkom by baie nie, wie daarop aanspraak gemaak het dat hulle Christus volg.

Terwyl die aansprake met verwysing na die Sabbat gemaak was, [101]
het baie gevra: "Ons het altyd Sondag as die Sabbat gedenk, ons vaders het die Sondag gedenk, en baie goeie mense het gesterf terwyl hulle Sondag gedenk het. Die gedenking van 'n nuwe Sabbat sal ons in disharmonie bring met die wêreld. Wat kan 'n klein groepie wie die sewende dag gedenk bereik, teenoor die hele wêreld, wie Sondag gedenk?" Deur soortgelyke argumente het die Jode hulle verwerping van Jesus probeer regverdig. So ook, in die tyd van Luther het pousgesindes geredeneer dat ware Christene gesterf het in die Katoiieke geloof; derhalwe was die Katolieke geloof voldoende. So 'n argument sal 'n versperring wees vir enige geestelike groei of vordering in die geloof.

Baie het redeneer dat Sondagheiliging reeds eeue lank 'n wydverspreide en gevestigde tradisie in die kerk was. Teenoor hierdie argument is getoon dat die Sabbat so oud soos die wêreid self was en ingestel is deur die Oue van Dae.

In die afwesigheid van Bybelse getuienis, het baie ander weer
redeneer en gevra: "Hoekom verstaan die groot manne onder ons [102]
nie hierdie Sabbat vraag nie? Min mense glo soos julle glo. Dit kan nie wees dat julle reg is en al die geleerde mense verkeerd is nie."

Om hierdie argumente te weerlê, was dit alleenlik nodig om die Skrif aan te haal en attent te maak op die Here se hantering van die Sabbat met Sy volk deur die eeue heen. Die rede waarom die Here nie meer dikwels van geleerde mense se getuienisse gebruik maak

[5] Sien hoofstukke 23 and 24 van Die Groot Stryd.

nie, is moontiik omdat hierdie mense dikwels hulself net op hul eie geioofsbelydenisse en teologiese sisteme wil verlaat en nie altyd die behoefte vertoon om van God onderrig te ontvang rakende hierdie tipe vraagstukke nie. Individue wie dikweis min of geen gevorderde formele onderwysopleiding ontvang het nie, word soms deur God gebruik om waarhede te verkondig, nie omdat hul ongeletterd is nie, maar moontlik omdat hulle nie te onafhankiik in denke is nie en bereid is om deur God onderrig te word. Hulle nederigheid en gehoorsaamheid maak hulle groot.

## Geloof en Moed

Dit was nie die bedoeling van God dat Israel vir veertig jaar in die woestyn moes swerf nie; God wou graag vir Israel direk na Kanaán lei en hulle daar vestig as 'n heilige, gelukkige volk.

Maar "ons sien dat hulle deur ongeloof nie kon ingaan nie". Hebreërs 3:19. Net so is dit ook nie die wil van God dat die wederkoms van Jesus Christus so lank vertraag moet word en dat Sy volk so lank in hierdie wêreld van sonde, smart, droefheid en verdriet moet vertoef nie. Ongeloof het hulle van God geskei. In ontferming teenoor die wêreld word Jesus se wederkoms vertraag, sodat sondaars die waarskuwings kan hoor en in Hom skuiling soek, voordat God se gramskap oor die aarde uitgestort sal word.

[103] Nou, soos in vorige eeue, sal die verkondiging van waarheid opposisie genereer en stimuieer. Baie met kwaadwiiligheid in hulle harte val die karakters en motiewe aan van hulle wie onpopulêre waarheid wil verdedig. Elija was beskou as 'n moeilikheidmaker in Israel, Jeremia 'n verraaier, Paulus 'n besoedelaar van die tempel. Van toeka se dae tot nou word hulle wie lojaal is teenoor die waarheid veroordeel as opruiers, ketters en mense wie kerkskeuring veroorsaak.

Die geloofsbelydenis van heiliges en martelare, wat voorbeelde is van heiligheid en rotsvaste integriteit, boesem moed in by diegene wie nou gevra word om op te staan vir die waarheid en as getuies vir
[104] God. Aan die diensknegte van God in hierdie tye word die opdrag gegee: "Roep uit die keel, hou nie terug nie, verhef jou stem soos 'n basuin. En verkondig aan My volk hulle oortreding en aan die huis van Jakob hulle sondes." Jesaja 58:1. "Ek het jou as wag oor

die huis van Israel aangestel; en as jy ‘n woord uit My mond hoor, moet jy hulle van my kant waarsku.” Esegiël 33:7.

Die groot struikelblok vir die aanvaarding van waarheid is die feit dat dit ongerief en verwyt veroorsaak. Dit is die enigste argument teen die waarheid, een wat sy kampvegters nog nooit in staat was om te weerlê nie. Maar ware volgelinge van Christus wag nie totdat die waarheid eers populêr begin word voordat hulle die waarheid verkondig nie. Hulle aanvaar die kruis, met die apostel Paulus se verduideliking: “Want ons ligte verdrukking wat vir ‘n oomblik is, bewerk vir ons ‘n allesoortreffende ewige gewig van heerlikheid”, en nog ‘n ouer voorbeeld van bemoediging is: “en die smaad van Christus groter rykdom geag het as die skatte van Egipte...” 2 Korinthiërs 4:17 en Hebreërs 11:26.

Ons moet die waarheid kies, omdat dit die waarheid is, en die gevolge aan God oorlaat. Die wêreld is baie verskuldig aan sterk manne van beginsels, geloof en moed, wat die groot hervormings moontlik gemaak het. Vir die reformasie en transformasie wat nodig is vir hierdie eindtyd word manne en vroue met dieselfde karaktereienskappe benodig.

[105]

# 9 — Ware Hoop

Die belofte van Christus se Wederkoms om die groot werk van verlossing te voltooi is die grondtoon van die Heilige Skrifte. Sedert Eden het die kinders van geloof gewag vir die Beloofde Een om hulle terug te neem na die verlore Paradys toe.

Henog, ‘n sewende geslag afstammeling van Adam en Eva, en wie vir drie eeue saam met God gewandel het, het verklaar: “Kyk die Here het gekom met Sy heilige tienduisendtalle, om gerig te hou oor almal en al die goddelose onder hulle te straf.” Judas 14,15. Job het in die nag van beproewing uitgeroep: “Ek weet dat my Losser leef, uiteindelik sal Hy op die aarde triomfeer! Ek sal Hom sien. Met my eie oë sal ek Hom sien.” Job 19:25-27. Die digters en profete hetdie boodskap van die koms van Christus met woorde beskryf wat gloei soos vuur. “Laat die hemele bly wees en die aarde juig ... voor die aangesig van die Here; want Hy kom, want Hy kom om die aarde te oordeel; Hy sal die wêreld oordeel in geregtigheid en die volke in Sy trou.” Psalm 96:11,13.

[106] Jesia het gesê: ” En hulle sal in died dag sê: Kyk, dit is onse God op wie ons gewag het, dat Hy ons kan verlos; dit is die Here op wie ons gewag het: laat ons juig en bly wees oor sy hulp.”

Die Verlosser het Sy dissipels vertroos met die versekering dat Hy weer sou kom: “In die huis van My Vader is daar baie Wonings Ek gaan om vir julle plek te berei. En as Ek gegaan het en vir julle plek berei het, kom Ek weer en sal julle na My toe neem.” “En wanneer die Seun van die mens in sy heerlikheid kom en al die heilige engele saam met Hom, dan sal Hy op Sy heerlike troon sit; en voor Hom sal al die nasies versamel word.” Johannes 14:2, 3; Mattheus 25:31,32.

Engele het aan die dissipels die belofte van Sy wederkoms bevestig: “Hierdie Jesus wat van julle af opgeneem is in die hemel, sal net so kom soos wat julle Hom na die hemel sien wegvaar het.” Handelinge 1:11. Paulus het gesê: “Want die Here self sal van die

hemel neerdaal met ‘n geroep, met die stem van ‘n aartsengel en met geklank van die basuin van God.” 1 Thessalonicense 4:16.

Die profeet op die eiland Patmos het gesê: “Kyk, Hy kom op die wolke, en elke oog sal Hom sien.” Openbaring 1:7.

Dan sal die lang volgehoue regering van die duisternis verbreek word: “Die koninkryke van die wêreld het die eiendom van onse Here geword en van sy Christus en Hy sal as koning heers tot in alle ewigheid.” Openbaring 11:15. “... so sal die Here Here geregtigheid en lof laat uitspruit voor die oog van al die nasies.” Jesaja 61:11.

Dan sal die vredevolle koninkryk van die Messias gevestig word: “Want die Here vertroos Sion. Hy vertroos al Sy puinhope en maak sy woestyn soos Eden en Sy wildernis soos die tuin van die Here.” Jesaja 51:3.

Die koms van die Here was deur al die eeue heen die hoop van Sy ware volgelinge. Te midde van lyding en vervolging: “Terwyl ons [107]
die salige hoop en die verskyning van die heerlikheid verwag van die grote God en ons Verlosser, Jesus Christus.” Titus 2:13. Paulus het verwys na die opstanding wat sal plaasvind met die Verlosser se advent, wanneer die dooies in Christus sal opstaan en saam met die lewende regverdiges opgeneem sal word in die lug om die Here te ontmoet. “En so sal ons altyd by die Here wees. Bemoedig mekaar dan met hierdie woorde.” 1 Thessalonicense 4:17,18.

Op die eiland Patmos het die geliefde dissipel gehoor, “Ja, Ek kom gou. Amen, ja kom Here Jesus!”

Van die onderaardse sel, die brandstapel, die skavot waar heiliges en martelare getuies was vir die waarheid, kom hulle uitlatings van geloof en hoop deur die eeue heen. “Wees verseker van Sy persoonlike opstanding en gevolglik ook hulle opstanding, met Sy wederkoms vir hierdie saak”, sê een van hierdie Christene: “Hulle het die dood verafsku en dit is bevind dat hulle verhewe was bo die [108]
dood.” [1] Die Waldensers het dieselfde geloof liefgehad en bewaar. Wycliffe,

Luther, Calvyn, Knox, Ridley en Baxter [2] het almal opgekyk in geloof en verwagting van die Here se wederkoms. Dit was die hoop

[1]Kyk Daniel T. Taylor, The Reign of Christ on Earth: or, The Voice of the Church in AIIAges, bl.33.

[2]ln die volledige boek, Die Groot Stryd, sal lesers die verhaal van die Waldensers en van die ander Protestantse Hervormers lees.

van die apostoliese kerk, sowel as van die “kerk in die wildernis” en ook van die Hervormers.

Profesie gee nie alleen ‘n vooruitskouing van die doel en wyse van Christus se tweede advent nie, maar voorsien ook tekens wat identifiseer sal kan word, as bevestiging dat daardie dag naby is.

“En daar sal tekens wees aan son en maan en sterre.” Lukas 21:25. “... sal die son verduister word en die maan sy glans nie gee nie, en die sterre van die hemel sal val. En dan sal hulle die seun van die mens op die wolke sien kom met groot krag en heerlikheid.”

Markus 13:24-26. Die openbaarmaker beskryf derhalwe die eerste tekens van gebeure wat sal plaasvind voor Jesus se tweede advent. .. daar was ‘n groot aardbewing; en die son het swart geword soos ‘n harige sak, en die maan het geword soos bloed.” Openbaring 6:12.

Die Verlosser het vertel van geestelike verval wat sou plaasvind net voor Sy tweede advent. Vir mense wat leef in hierdie tyd is Christus se waarskuwing: “Wees op julle hoede dat julle gees nie deur onmatige etery en drinkery en deur die sorge van die lewe afgestomp word nie en dat daardie dag julle nie onverhoeds soos ‘n vangnet oorval nie.” “Maar wees waaksaam en bid altyddeur dat ‘

julle krag kan ontvang om deur al hierdie dinge wat gaan gebeur, behoue deur te kom en om voor die Seun van die mens te verskyn.” Lukas 21:34, 36.

## [109] Die Oproep om Voor Te Berei

Met die oog op daardie groot dag, doen die Woord van God ‘n beroep op Sy volk om berouvol Sy aangesig te soek:

“Want die dag van die Here kom, want hy is naby.” .. heilig ‘n vasdag, roep ‘n vergadering saam! Versamel die volk, heilig die gemeente, vergader die oudstes, versamel die kinders en die suigelinge!” “En skeur julle harte en nie julle klere nie, en bekeer julle tot die Here julle God; want Hy is genadig en barmhartig, lankmoedig en groot van goedertierendheid en een wat berou het oor die onheil.” Joël 2:1,15-17,12,13.

Om ‘n volk voor te berei om staande te kan bly op die dag van God, beteken dat grootskaalse hervorming vroegtydiglik moet plaasvind. In Sy groot genade was hy op die punt om ‘n boodskap

van waarskuwing aan Sy volk te stuur, ‘n oproep om voor te berei vir die koms van die Here.

Hierdie waarskuwing word opsigtelik gemaak in Openbaring 14. Hierdie drieledige boodskap word voorgestel as geproklameer deur hemelse wesens en onmiddellik opgevolg deur die koms van die Seun van die Mens vir die “oes van die aarde”. Die profeet sê: “En ek het ‘n ander engel in die middel van die lug sien vlieg met ‘n ewige evangelie om te verkondig aan die bewoners van die aarde en aan alle nasies en stamme en tale en volke.” “En hy het met ‘n groot stem gesê: Vrees God en gee Hom heerlikheid, want die uur van Sy oordeel het gekom; en aanbid Hom wat die hemel en die aarde en die see en die waterfonteine gemaak het.” Openbaring 14:6,7.

Hierdie boodskap is deel van die “ewige evangelie.” Die werk om die woord te verkondig is opgedra aan die mens. Heilige engele lei, maar die evangelie woordverkondiging word fisies uitgevoer deur dienaars van die Here op aarde. [3]

## Gevaar om Weerstand te bied teen die Evangelie Oproep [110]

Die vernietiging van Jerusalem is ‘n ernstige waarskuwing aan almal wie die smekinge van goddellike genade ignoreer of weerstaan. Die Verlosser se profesie met betrekking tot oordele wat oor Jerusalem gekom het, het ‘n tweede vervulling wat van toepassing is. In die lotsbestemming van die gekose stad, naamlik die vernietiging van Jerusalem, sien ons die oordeelsdag en vernietiging van die wêreld, omdat God se genade verwerp is en sy wet vertrap is. Die rekords van menslike ellende wat op die aarde beleef is, is donker. Die resultate van verwerping van hemelse gesag, is vreeslik. Die openbaring van die gevolge van verwerping van hemelse gesag wat nog kom, is egter meer skrikwekkend. Wanneer die beteulende Gees van God ten volle onttrek is van hierdie aarde af, en nie meer die uitbarstings van menslike hartstogte en sataniese gramskap in toom hou nie, sal die wêreld soos nog nooit tevore nie die vernietigende resultate van Satan se koningskap hier op aarde sien en ervaar.

[3]Vir ‘n meer gedetaileerde verslag van hierdie boodskap en van hulle wie begin het om dit te verkondig, sien Die Groot Stryd, Hoofstukke 17 en 18 en daaropvolgende hoofstukke wat die vraagstuk verder bespreek.

Op daardie dag soos in die geval van Jerusalem se vernietiging, sal God se dienaars ook gered word. Lees Jesaja 4:3. Christus gaan met Sy tweede advent al sy lojale volgelinge vir Homself vergader. “En dan sal die teken van die Seun van die mens in die hemel verskyn, en dan sal al die stamme van die aarde rou bedryf en die Seun van die mens sien kom op die wolke van die hemel met groot krag en heerlikheid.” “En Hy sal Sy engele uitstuur met harde trompetgeluid en hulle sal Sy uitverkorenes versamel uit die vier windstreke, van die een einde van die hemele af tot die ander einde daarvan.” Mattheüs 24:30,31.

Die mensdom moet waak daarteen om die woorde van Christus te verontagsaam. Soos Hy Sy dissipels gewaarsku het oor Jerusalem
[111] se vernietiging sodat hulle dit kon ontsnap, so het Hy ook die wêreld gewaarsku oor ‘n dag van afrekening, van finale vernietiging. Almal wat wil, kan die vreeslike gevolge van God se gramskap op hierdie dag van oordeel vermy. “En daar sal tekens wees aan son en maan en sterre, en op die aarde benoudheid van nasies.” Lukas 21:25. Verwys ook na Mattheus 24:9; Markus 13:24-26; Openbaring 6:12-17. “Waakdan ...” Markus 13:35. Hulle wie ag slaan op hierdie waarskuwing sal nie in die duisternis gelaat word nie.

Die wêreld is geensins meer gereed vir hierdie profetiese boodskap as wat die Jode gereed was om Jesus se waarskuwing te ontvang aangaande Jerusalem se vernietiging nie. Die oordeelsdag van die
[112] Here sal die goddeloses onverwags tref. Wanneer die lewe oënskynlik onveranderd voortgaan; wanneer mense vasgevang sal wees in plesier, in besigheid, om geld te maak, wanneer geestelike leiers die wêreldse vooruitgang vergroot en die mense gepaai word met valse sekuriteit - dan, soos die middernagtelike dief steel in die onbewaakte huis, so sal skielike vernietiging die ongoddellikes en agterlosiges oorval “en hulle sal sekerlik nie ontvlug nie”. Sien 1 Thessalonicense 5:2-5.

## Satan Probeer om Mense in sy Mag te Hou

Deur die twee groot leuens, die onsterflikheid van die siel en Sondagheiliging, sal Satan die mense deur misleiding onder sy mag bring. Terwyl eersgenoemde die fondament lê vir spiritualisme, bewerkstellig die tweede ‘n simpatieke band met Rome.

Deur spiritualisme word die beeld geskep dat Satan ‘n weldoener is van die menslike ras, deur siektegenesing en ‘n nuwe stelsel van godsdienstige geloof, terwyl hy terselfdertyd menigtes tot vernietiging lei. Onbeheersdheid onttroon redelikheid; lei tot wellustige inskiklikheid met onmin en bloedvergieting wat volg. Oorlog ontketen die slegste hartstogte van die siel en neem sy slagoffers deurweek met onsedelikheid en bloed, die ewige verderf in.

Dit is Satan se doelwit om konflik onder nasies te ontketen wat
tot oorlog lei, sodat mense se aandag afgelei kan word, om sodoende [113]
te verhoed dat hul vir God se oordeelsdag sal voorberei.

Satan het die geheime van die natuur bestudeer en hy gebruik al sy krag om die natuurelemente te beheer, sover as wat God dit toelaat. Dit is God wie Sy skepsels teen die Vernietiger beskerm.

Maar die Christendom verontagsaam en onteer God se gebooie en die Here sal doen wat Hy gesê het Hy sal doen, naamlik om Sy beskerming weg te neem van hulle wie Sy gebooie verontagsaam en ander ook forseer om God se gebooie te onteer. Satan beoefen beheer uit oor almal vir wie God nie spesiaal beskerm nie. Satan begunstig sekere mense en sorg dat hulle floreer sodat sy planne in die proses bevorder kan word. Satan sal ander in moeilikheid en probleme dompel en hulle mislei om hulle te laat glo dat God verantwoordelik is vir hul teenspoed.

Terwyl hy mag voorkom as ‘n groot geneesheer wie almal se siektes kan genees, sal Satan siektes en teenspoed bring totdat stede verwoes en afgebreek word tot puinhope. In ongelukke ter see en land, verwoestende brande, tornados, haelstorms, orkane, vloede, siklone, vloedgolwe (tsunamis), aardbewings en op ‘n duisend ander maniere is Satan besig om sy mag uit te oefen. Hy vernietig oeste met hongersnood en benoudheid wat volg. Hy veroorsaak lugbesoedeling en besmetting en duisende sterf.

Die groot misleier sal oortreders van God se gebooie oortuig om [114]
al die skuld vir hulle probleme te gee aan hulle wie God se gebooie onderhou; hulle wie altyd as deurlopende aantuiging sal dien vir oortreders se oortredings. Dit sal bekend gemaak word dat God onteer word indien Sondag nie heilig gehou word nie en dat hierdie oortreding rampe en teenspoed veroorsaak en dat Sondagheiliging afgedwing sal word. Hulle wie nie die Sondag heilig hou nie, sal as die oorsake beskou en gebrandmerk word as die rede waarom God

nie sy goddellike guns en seën herstel nie. Sondag-ontheiligers sal aangekla word van afvalligheid of ontrouheid teenoor die regering. Daarom sal die aantyging van die dienaar van God van ouds weer herhaal word: "En toe Agab vir Elia sien, vra Agab vir hom: Is dit jy, jou beroerder van Israel?" 1 Konings 18:17,18.

Hulle wie die Bybel Sabbat eerbiedig, sal beskuldig en aangekla word as vyande van wet en orde, van verontagsaming van die morele standaarde van die samelewing, wat anargie en korrupsie veroorsaak en verantwoordelik is vir God se vonnisse en straf oor die aarde. Predikante wie God se Sabbat nie erken nie, sal landsburgers
[115] se verantwoordelikheid en onderwerping aan regeringsgesag van die kansels afkondig. In wetgewende sale en geregshowe sal hulle wie God se gebooie eerbiedig en hou, beboet en gevonnis word. Sondagontheiligers sal valslik beskuldig word.

Hoogwaardigheidsbekleërs van kerk en staat sal verenig om almal te oorreed of te forseer om Sondag heilig te hou. Selfs in vrye Amerika sal regeerders en wetgewers toegee om Sondagherdenking verpligtend te maak deur wetgewing. Vryheid van gewete wat so teen so 'n hoë prys verwerf is, sal nie langer respekteer word nie. In hierdie vinnig-naderende konflik sal die profeet se woorde bewaarheid word: "En die draak was vertoornd op die vrou, en hy het weggegaan om oorlog te voer teen haar ander nakomelinge wat die gebooie van God bewaar en die getuienis van Jesus Christus hou." Openbaring 12; 17.

Dienaars van God, met gesigte wat blink van heilige inseëning, sal haas van plek tot plek om die boodskap van die hemel te verkondig. Wonderwerke sal gedoen word. Die siekes sal gesond gemaak word. Satan sal leuens en wonderwerke gebruik, om selfs vuur uit die hemel te laat neerdaal. Openbaring 13:13. Die inwoners van die aarde sal hulle standpunte moet inneem.

Die boodskap sal nie so sterk met argumente nie, maar eerder met die diepe oortuiging van die Gees van God uitgedra word. Die argumente is aangebied, die gedrukte media het sy invloed uitgeoefen, maar steeds is baie verhoed om die volledige waarheid te verstaan. Nou word die waarheid egter baie duidelik verstaanbaar gemaak. Familiekennisse en kerkverbintenisse is magteloos om die eerlike kinders van God te beïnvloed. Desnieteenstaande die feit dat verskillende aksies kragte saamsnoer en verenig teen die waarheid,

neem ‘n groot aantal mense die waarheid aan en sluit hulle aan by die Here se volgelinge.

Hulle wie die gebooie van God gehoorsaam sal beskou word [116] as die oorsaak van die vreeslike konflik en bloedvergieting wat die aarde sal vul met smart en ellende. Die krag waarmee hierdie laaste waarskuwing van God se oordeel verkondig is, het die goddeloses woedend gemaak. Satan sal die gees van haat en vervolging ontketen teen almal wie hierdie boodskap ontvang het.

## ’n Geloop Wat Vas Bly Staan

Die tydperk van verdrukking wat op ons wag voor Christus se advent, sal ‘n geloof van ons vereis wat vermoeidheid, ‘n gewag, en hongerte kan verduur, wat nie flou sal word onder ernstige beproewing nie. Jakob se oorwinning is bevestiging van die krag van volharding. Almal wie God se beloftes opeis soos Jakob God se beloftes opgeeis het, sal sukses behaal soos hy sukses behaal het. Om te stoei met God - hoe min mense weet wat dit beteken? Wanneer golwe van wanhoop oor die smeker spoel, hoe min klou vas in geloof aan die beloftes van God?

Verskriklike beelde, van bonatuurlike aard, sal binnekort verskyn in die hemele, ‘n teken van die krag van wonderwerkende demone. Geeste van duiwels sal binnekort uitgaan na die “konings van die aarde” en na die hele wêreld, om hulle te motiveer om met Satan te verenig in sy finale stryd teen die regering van die hemel. Persone sal verskyn wat voorgee om Christus self te wees. Hulle sal wonderwerke van genesing doen en verkondig dat hulle openbarings van die hemel ontvang het, wat heeltemal teenstrydig is met die Bybel.

## Die Glanspuant Gebeurlenis

In die hoogtepunt in die groot drama van misleiding, sal Satan self vir Jesus Christus verpersoonlik. Die kerk spreek al baie lank [117] reeds ‘n verwagting uit na Christus se tweede advent as die vervulling van haar hoop. Nou sal die groot misleier dit laat voorkom dat Christus self arriveer het. Satan sal manifesteer as ‘n majestieuse wese met verblindende glans, ooreenkomstig die beskrywing van

Christus, soos opgeteken in die boek Openbaring. Lees Openbaring 1:13-15.

Sy luister sal groter wees as enigiets wat die menslike oog nog aanskou het! Die uitroepe van triomf sal uitbasuin word. "Christus het gekom!" Die mense sal hulself in eerbied en neergeboëndheid voor hom onderwerp. Hy lig sy hande omhoog en seën hulle. Sy stem is sag en melodieus. Met medelye sal hy sekere hemelse waarhede aan hulle meedeel soos die Verlosser self op aarde gedoen het. Hy sal siekes genees en wondertekens doen en in sy aangenome karakter van Christus sal hy beweer dat hy die Sabbat van Saterdag na Sondag verander het. Hy sal verklaar dat hulle wie steeds die sewende dag Sabbat heilig hou, godslasterlik optree. Hierdie is die sterk, amper oormeesterlike delusie. Menigtes sal ag slaan op hierdie duiwelskunste en dit aanvaar as die waarheid! "En almal klein en groot het hom aangehang en gesê: Hy is die groot krag van God" Handelinge 8:10.

[118]

## God se Oienaars sal Nie Mistei word die

Maar God se volgelinge sal nie mislei word nie. Die leer van hierdie vals Christus is nie volgens die Bybel nie. Sy seën word uitgespreek oor aanbidders van die dier en sy beeld, die spesifieke groep mense op wie, volgens die Bybel, God sy toorn sal uitstort.

Satan sal ook nie in staat wees om die geprofeteerde wyse van die wederkoms van Christus te kan naboots nie. Die Verlosser het Sy volgelinge gewaarsku oor misleiding in verband met Sy advent. "Want daar sal valse christusse en valse profete opstaan en hulle sal groot tekens en wonders doen om, as dit moontlik was, ook die uitverkorenes te mislei.... As hulle dan vir julle sê: Kyk, Hy is in die woestyn - moenie uitgaan nie: Kyk, Hy is in die binnekamer - moet dit nie glo nie. Want, soos die weerlig uit die Ooste uitslaan en tot in die Weste skyn, so sal ook die koms van die seun van die mens wees." Mattheus 24:24-27. Lees ook:Mattheus 25:31; Openbaring 1:7; 1. Thessalonicense 4:16,17. Christus se wederkoms sal nie nageboots kan word nie!

Alleenlik ywerige Bybelstudente wie die liefde van die waarheid ontvang het, sal verskans word teen die kragtige misleiding wat die wêreld gevange sal neem. Deur die getuienis van die Bybel

sal hierdie misleier in sy vermomming uitgewys kan word. Is die dienaars van God nou so stewig gevestig in Sy Woord dat hulle nie sal oorgee aan die getuienis en bevestiging van hulle eie sintuie nie? Sal hulle in so ‘n krisis vashou aan die Bybel en die Bybel alleen?

[119]

# 10 - Die Groot Bevryding

Wanneer die beskerming van menslike wette onttrek sal word van die groep wat die Tien Gebooie van God eer, gehoorsaam en onderhou, sal daar in verskillende lande ‘n besluit geneem word vir gelyktydige optrede teen hulle, om hierdie oortreders te vervolg. Soos die tyd nader kom wat in die dekreet aangekondig en gepubliseer word, sal bose mense ‘n komplot smee om hierdie beskuldigdes in een nag te dood sodat hierdie oortreders se afwykende optrede en teregwysings oor hulle oortredinge van God se gebooie, beeïndig kan word.

God se dienaars - sommige in tronke, sommige in woude en berge - pleit vir goddellike beskerming. Gewapende vervolgers, aangevuur deur bose engele, berei voor om hierdie oortreders te dood. In hierdie finale uur sal God intree: “Maar julle sal sing soos in die nag voor ‘n fees, julle sal vrolik wees soos wanneer mense met fluitspel begin loop na die berg van die Here toe, na die Rots van Israel toe.” “Die Here sal Sy magtige stem laat hoor, Hy sal Sy krag openbaar in gloeiende toorn, verterende vuur, storm, onweer en hael.” Jesaja 30:29, 30.

[120] Terwyl hordes goddelose mense gereed maak om toe te sak op hul geïdentifiseerde prooi, is ‘n donkerte, swarter as die nag, besig om toe te sak op die aarde. Dan verskyn ‘n reënboog in die lug wat voorkom asof dit elke groepie gelowiges wie voortvlugtend is voor hul vervolgers, omsirkel. Die ontstoke hordes vervolgers raak stil. Die oorsake van hul woede is vergete. Hulle staar na die slmbool van God se verbond en smag daarna om beskerm te word teen die simbool se helderheid.

’n Stem uit die hemel word gehoor deur God se dienaars, wat sê: “Kyk op!” Soos Stefanus, die vroeë Christen martelaar, sien hulle die glorie van God en die Seun van die mens op Sy troon sit. Sien Handelinge 7:55, 56. Hulle sien die merke van Sy vernedering en hoor die versoek, “Vader, Ek wil dat waar Ek is, hulle wat U My gegee het, ook saam met My sal wees ...” Johannes 17:24. “Hulle

kom heilig, skadeloos en onbesoedeld! Hulle het My versoek tot lydsaamheid gevolg."

## Verlossing Kom!

Teen middernag manifesteer God Sy krag vir die bevryding van Sy dienaars. Die son verskyn in volle krag. Tekens en wonders volg. Die goddeloses kyk met vrees na die toneel en gebeure terwyl die regverdiges die tekens van hul bevryding gadeslaan. Te midde van die ontstoke hemel is daar een helder spasie met onbeskryflike heerlikheid, waarvandaan 'n stem uitroep: "Dit is verby!" Openbaring 16:17.

Die stem skud die hemel en die aarde. 'n Magtige aardbewing
volg! "En daar het stemme gekom en donderslae en bliksemstrale, [121]
en daar het 'n groot aardbewing gekom soos daar nog nie gewees het vandat die mense op die aarde was nie - so 'n geweldige groot aardbewing." Openbaring 16:18. Gebreekte rotse lê oral, onreëlmatig verstrooid. Die see is onstuimig en briesend van woede. Daar is die geskreeu van 'n orkaan soos die stemme van demone. Die aarde se oppervlakte is besig om op te breek. Dit wil voorkom of die aarde se fondamente ingee. Hawestede wat soos Sodom geword het as gevolg van goddeloosheid, word opgeslurp deur die magtige, onstuimige, verwoede waters. "En die groot Babilon is in gedagtenis gebring voor God, om haar te gee die beker met die wyn van die grimmigheid van Sy toorn." Openbaring 16:19. Groot haelstene bring vernietiging. Trotse stede word vernietig. Weelderige, vorstelike plekke waar die mense hul geld verkwis het, verkrummel voor hul oë. Tronkmure word omgewerp en God se dienaars bevry.

"Baie van die wat ontslaap het, sal uit die graf opstaan, party tot die ewige lewe en party tot die ewige skande en veragting." "Kyk, Hy kom met die wolke, en al die mense sal Hom sien, ook hulle wat Hom deurboor het; en al die volke van die aarde sal oor Hom in selfverwyt weeklaag. Ja, dit is seker!" Daniël 12:2; Openbaring 1:7.

Geweldige weerligstrale omhul die aarde in 'n vlamme-kleed. Stemme wat uitstyg bo die donder, misterieus en ontsagwekkend, kondig die vernietiging aan van die goddeloses. Hulle wie grootpraterig en uitdagend was, sidder nou in vrees. Demone wie saam met die goddeloses bewe, soebat nou om genade.

## Die Dag van die Here

Die profeet Jesaja het gesê: "Daardie dag sal die mense die
[122] afgode van silwer en goud wat hulle gemaak het om voor te buig, weggooi vir die rotte en die vlermuise." "As die Here die aarde begin skud, sal hulle die rotsholtes en die klipskeure invlug vir die verskrikking wat van Hom kom en vir die glans van Sy majesteit." Jesaja 2:20,21.

Hulle wie bereid was om alles op te offer vir Christus is nou veilig. Hulle het voor die mense en in die gesig van die dood hul lojaliteit teenoor Christus wie vir hulle sondes gesterf het, bevestig.

Hul gesigte wat tot nou toe bleek en vervalle was, is nou helder in verwondering. Hul stemme verrys in oorwinnende sang: "God is vir ons 'n toevlug en 'n beskerming; Hy was nog altyd bereid om te help in nood." "Daaroom is ons nie bang nie, al gee die aarde pad, al skuif die berge in die dieptes van die see." Psalm 46:2,3.

Terwyl die woorde van heilige vertroue opstyg na God, kan die glans van die heilige stad wat deur die poorte straal, reeds op 'n afstand waargeneem word. Dan verskyn daar in die lug 'n hand met twee tablette van klip. Daardie heilige wet wat op die berg Sinai proklammeer is, word nou onthul as die wet van oordeel. Die woorde is so duidelik, dat almal dit kan lees. Die geheue word gestimuleer. Die duisternis van bygeloof en kettery word uit elke menslike gedagte uitgevee.

Dit is onmoontlik om die ontsteltenis en vertwyfeling te beskryf van hulle wie God se gebooie verontagsaam het. Om die guns van mense te verkry het hulle God se gebooie nie eerbiedig nie en het hulle ander ook geleer om die gebooie te oortree. Nou word hulle beoordeel deur dieselfde wet wat hulle geminag het. Hulle besef hulle het geen verskoning om aan te bied nie. Die vyande van God se gebooie het nou 'n nuwe begrip van waarheid en plig. Te laat besef hulle dat die Sabbat die seël is van die lewende god. Te laat besef hulle dat hulle op sand gebou het. Hulle het al die tyd teen
[123] God geveg. Geestelike leiers het siele na die verdoemenis toe gelei, terwyl hulle gemeen het om hulle na die Paradys toe te lei. Hoe groot is die verantwoordelikheid van geestelike leiers nie. Hoe vreeslik die resultate van hul ontrouheid!

## Die Koning van die Konings Verskyn

Die stem van God word gehoor wat die dag en uur van Jesus se wederkoms aankondig. Die Israel van God staan en luister en hul gesigte is verhelder deur Sy glorie. Skielik verskyn daar in die Ooste ‘n klein swart wolkie. Dit is die wolk wat die Verlosser omring. In eerbiedige stilte hou God se dienaars die wolk dop wat al nader beweeg, totdat dit ‘n groot wit wolk is, waarvan die basis ‘n glans van verterende vuur is en bokant dit die reënboog van die verbond. Nou nie meer "‘n man van verdriet" nie, maar as ‘n magtige oorwinnaar. ‘n Groot menigte van heilige engele vergesel Hom, "tien duisend maal tien duisend en duisende van duisende". Elke oog aanskou die Prins van Lewe. ‘n Kroon rus op Sy voorkop. Sy voorkoms is helderder as die middagson.

"Op Sy klere by Sy heupe was daar ‘n naam geskrywe: Die Koning van die konings en die Here van die Heersers". Openbaring 19:16.

Die Koning van die konings wat kom op die wolke, daal neer, [124]
omhul in vlammende vuur. Die aarde bewe voor Hom: "Ons God kom, Hy bly nie stil nie. Voor Hom uit brand ‘n vuur, rondom Hom woed ‘n storm. Hy roep die hemel en die aarde op vir die saak teen Sy volk." Psalm 50:3,4.

"En die konings van die aarde en die grotes en die rykes en die owerstes oor duisend en die magtiges en al die slawe en al die vrymense het hulle weggesteek in die spelonke en in die rotse van die berge, en vir die berge en die rotse gesê: Val op ons en verberg ons vir die aangesig van Hom wat op die troon sit, en vir die toorn van die Lam; en die groot dag van Sy toorn het gekom en wie kan bestaan?" Openbaring 6:15-17. Bespotting het opgehou, leuentaal is gestaak. Niks anders word gehoor behalwe stemme van aanbidding en die geluide van mense wat huil nie. Die goddeloses bid om liewer deur die rotse bedek te word eerder as om die gesig van Jesus wie hulle verag het, se glorie te aanskou. Hulle ken die stem wat selfs die ore van die dooies penetreer. Hoe dikwels het hierdie sagte stem hulle nie geroep tot belydenis van sonde nie? Hoe dikwels is hierdie stem nie gehoor deur die gesoebat van ‘n vriend, of ‘n broer of die Verlosser nie? Daardie stem verfris die herinneringe van waarskuwings wat verag is en uitnodigings wat geweier is.

Daar is hulle wie Jesus gespot het tydens Sy vernedering. Hy het verklaar: "Van nou af sal julle die Seun van die mens sien waar Hy aan die regterkant sit van Hom wat magtig is en julle sal Hom sien kom op die wolke van die hemel". Mattheus 26:64. Hulle sien Hom nou in Sy heerlikheid ; hulle moet Hom nog sien sit aan die regterkant van krag. Daar is die hovaardige Herodus wie gespot het met Sy koninklike titel; daar is die manne wie op Sy
[125] voorhoof die doringkroon gesit het en in Sy hand die nagemaakte koninklike septer - hulle wie voor Hom gebuig het met godslasterlike bespotting, wie op die Prins van Lewe gespoeg het. Hulle vlug van Sy teenwoordigheid af weg. Hulle wie die spykers deur sy hande en voete geslaan het, aanskou die merke in vrees en berou.

Met aaklige helderheid onthou priesters en regeerders die gebeure van Golgota, hoe hulle hul koppe in sataniese verheuging geknik het toe hulle uitgeroep het: "Ander het Hy gered, maar homself kan Hy nie red nie. Hy is mos die koning van Israel! Laat hy nou van die kruis afkom en ons sal in Hom glo." Mattheüs 27:42. Harder as die geskreeu van: "Kruisig hom! Kruisig hom!" wat deur Jerusalem se strate basuin het, styg die jammerlike klaag: "Hy is die Seun van God!" Hulle wil wegvlug van die teenwoordigheid van die Koning van die Konings.

In die lewens van almal wie die waarheid verwerp, is daar tye wanneer die gewete ontwaak, wanneer die siel geteister word met verwyte. Maar wat is hierdie vergeleke met die selfverwyt op daardie oordeelsdag! Te midde van hul verskrikking, hoor hulle die stemme van die heiliges wat uitroep: "Kyk dit is ons God op wie ons gewag het, dat Hy ons kan verlos." Jesaja 25:9.

## Opstanding van God se Volk

Die stem van die Seun van God roep die ontslape regverdiges. Dwarsdeur die wêreld sal die dooies Sy stem hoor en hulle wie
[126] hoor sal lewe, 'n groot menigte van elke nasie, ras, taal en volk. Van die tronk van die dood af kom hulle bekleed met onsterflikheid en heerlikheid en roep uit: "Dood waar is jou angel? Doderyk, waar is jou oorwinning?" 1 Korinthiërs 15:55.

Almal kom uit die grafte in dieselfde gestalte as wat hulle die graf ingegaan het. Maar almal herrys met die varsheid en vitaliteit van ewige jeuglikheid.

Christus het gekom om alles wat verlore is, te herstel. Hy herstel ons ellendige liggame en verander dit om te wees net soos Sy eie verheerlikte liggaam. Die sterflike, bederfbare liggaam, wat eens met sonde besmet was, verander na volmaak, mooi en onsterflik. Enige letsel of gebrek bly agter in die graf. Die verlostes sal "opgroei" tot die volle statuur van die ras in sy oorspronklike glorie, en die laaste bewysstukke van sonde word verwyder. Christus se gelowige, geregverdigde, geheiligdes se verheerliking sal verseker dat hulle in gees, siel en liggaam, die perfekte ewebeeld is van hulle Here.

Die lewende regverdiges word verander "in 'n oomblik, in 'n oogknip." 1 Korinthiërs 15:52. Op God se bevel word die regverdiges wie nog leef se liggame verheerlik en onsterflik gemaak en saam met die opgestane regverdiges opgeneem in die hemel om die Here te ontmoet. Engele vergader die uitverkorenes van die vier windstreke van die wêreld, van die een kant van die hemel tot die anderkant. Klein kindertjies word weer besorg in die arms van hul moeders. Vriende wie lank reeds deur die dood geskei is, word weer verenig, om nooit weer geskei te word nie en met gesange van blydskap vaar hulle saam op na die stad van God.

## In die Heilige Stad [127]

Deurentyd hou die ontelbare menigte verlostes hulle oë gevestig op Jesus. Elke oog aanskou die heerlikheid van hom wat "so misvormd [was] dat hy nie meer soos 'n mens gelyk het nie, nie meer die voorkoms van 'n mens gehad het nie." Op die voorhoofde van die wie oorwin het, plaas Jesus die kroon van oorwinning. Vir elkeen is daar 'n kroon met sy eie "nuwe naam" (Openbaring 2:17) met die inskripsie: "Heiligheid vir die Here." In elke hand word 'n oorwinnaarstaf en skitterende harp geplaas. Dan, sodra die bevelvoerende engel die toon aangee, bespeel elke hand die snare met bedrewenheid in ryk melodieuse klanke. Elke stem word verhef in dankbare lofsang. "Aan Hom wat ons liefgehad het en ons van ons sondes gewas het in sy bloed en ons gemaak het konings en priesters

vir Sy God en Vader, aan Hom die heerlikheid en die krag tot in alle ewigheid! Amen." Openbaring 1:5, 6.

Voor die verloste menigtes is die Heilige Stad. Jesus open die hekke en die nasies wie die waarheid bewaar het, gaan binne. Dan word Sy stem gehoor, "Kom julle geseëndes van My Vader, beërf die koninkryk wat vir julle berei is van die grondlegging van die
[128] wêreld af." Mattheus 25:34. Christus stel die wie vrygekoop is deur Sy bloed aan Sy Vader bekend en verklaar: "Hier is Ek en die kinders wat God My gegee het," en "Oor die wat U My gegee het, het Ek gewaak." O, hoe wonderlik die verrukking van daardie uur wanneer die Ewige Vader die verlostes gadeslaan en Sy beeld aanskou, sonde se onmin verban is en die mens opnuut in harmonie met die godheid is! Die Verlosser se vreugde is om die siele, wie deur Sy baie pyn en vernedering gered is in die koninkryk van glorie te kan sien. Die verlostes sal deel in Sy vreugde; hulle sal daardie persone sien wie vir God se koninkryk gewen is, deur hulle gebede, arbeid en opofferende liefde. Blydskap sal hulle harte vul wanneer hulle sien dat een persoon wie gered is ook ander gehelp het om gered te word en dat daardie persone weer gehelp het om nog anderte kon help om gered te word.

## Die Twee Adams Ontmoet

Wanneer die verlostes verwelkom word in die stad van God, gaan daar 'n juigkreet op. Die twee Adams staan op die punt om te ontmoet. Die Seun van die Mens is gereed om die vader van ons ras te ontmoet - wie Hy geskape het, wie gesondig het en vir wie se sonde die merke van die kruisiging aan die Verlosser se liggaam getuig. Soos Adam die merke van die spykers onderskei, werp hy homself in vernedering voor Christus se voete neer.

Die verlosser tel hom op en versoek hom om nog 'n keer na die Eden landgoed te kyk, waarvandaan hy so lank gelede verban is.

[129] Adam se lewe was gevul met verdriet. Elke sterwende blaar, elke slagoffer vir offerande, elke klad op die reinheid van die mens, was 'n herinnering aan sy sonde. Vreeslik was die pyn van sy selfverwyt oor die oneer wat hy homself aangedoen het, deur beskuldigings dat hy die oorsaak vir sonde was. Gelowig het hy sy sondes bely en het

hy gesterf met die hoop van ‘n opstanding. Deur versoening word Adam nou weer ingestel.

Vervul met blydskap aanskou hy die bome wat voorheen vir hom ‘n vreugde was, wie se vrugte hyself bymekaar gemaak het in die dae van sy onskuld. Hy sien die wingerde wat deur sy eie hande gesnoei is en al die blomme wat hy so lief was om te versorg. Dit is waarlik Eden wat herstel is!

Die Verlosser lei hom na die boom van die lewe toe en nooi hom om te eet. Hy aanskou ‘n menigte van sy familie wie almal verlos is. Dan sit hy sy kroon neer voor die voete van Jesus en omhels die Verlosser. Hy neem die harp op en die hemelse gewelf eggo die oorwinningslied: “Die Lam wat geslag is, is waardig om te ontvang die krag en rykdom en wysheid en sterkte en eer en heerlikgheid en lof.” Openbaring 5:12. Die familie van Adam lê hulle krone neer voor die voete van Jesus as hulle neerbuig in aanbidding. Engele het geween toe Adam gesondig het en het hul verbly toe Jesus die grafte oopmaak van almal wat in Sy naam glo. Hulle aanskou nou die resultate van die voltooide verlossingsplan en verenig hul stemme in verheerliking.

“En Ek het gesien iets soos ‘n see van glas, gemeng met vuur” waar ‘n groep vergader het. “En die oorwinnaars oor die dier en oor sy beeld en oor sy teken, en oor die getal van sy naam, het ek by die see van glas sien staan.” Die een honderd vier en veertig duisend ver- [130]
lostes is uit die mense opgeneem.” “En hulle het die lied gesing van Moses, die dienskneg van God en die lied van die Lam.” Openbaring 15:2,3. Niemand behalwe die 144,000 kan die lied leer nie, omdat dit ‘n lied is van ondervinding soos geen ander groep nog gehad het nie. “.. .dit is hulle wat die Lam volg waar Hy ook heengaan; dit is hulle wie gekoop is uit die mense as eerstelinge vir God en die Lam. Openbaring 14:4,5. Hulle het ‘n tyd van verdrukking ervaar soos nooit tevore nie, hulle het die smart, lyding en verdrukking ervaar soos in die tyd van Jakob se verdrukking; hulle het staande gebly sonder ‘n intersessor, deur die finale tyd van uitstorting van God se vonnisse. “... hulle het hul klere gewas en hul klere wit gemaak in die bloed van die Lam.” “En in hulle mond is daar geen bedrog gevind nie; want hulle is sonder gebrek voor die troon van God.” “Hulle sal nie meer honger en nie meer dors hê nie en nooit sal die son of enige hitte op hulle val nie; want die Lam wat in die middel

van die troon is, sal hulle laat wei en hulle na lewende waterfonteine lei, en God sal alle trane van hulle oë afvee.” Openbaring 7:124; 14:5; 7:16, 17.

### Die Verlostes in Glorie

ln alle eeue het God se uitverkorenes langs smal weë gewandel. Hulle is gelouter in die vuur van beproewing. Vir Jesus seonthalwe het hulle haat, skindertaal, selfverloëning:en bittere teleurstelling moes verduur. Hulle het die boosheid van sonde ondervind, die mag, die skuldgevoel en smart en hulle beskou dit met afsku. ‘n Begrip vir die oneindige opoffering wat vir die genesing van sondes gemaak moes word maak hulle nederig en vul hul harte met dankbaarheid.
[131] Hulle het baie liefde want hulle is baie vergewe. Verwys na Lukas 7:47. Deelnemers aan Christus se lyding is ook deelnemers aan Sy glorie.

Die erfgename van God kom van dakkamers, krotte, onderaardse selle, stellasies, berge, woestyne en grotte af. Hulle was “behoeftig, geteister en gemartel”. Miljoene is sonder eerbetoon graf toe omdat hulle geweier het om voor Satan te buig en aan hom oor te gee. Maar nou word hulle nie meer beproef, verstrooi of onderdruk nie. Voortaan staan hulle gekleed in meer majestueuse klere as wat die mees geëerde mense op aarde aangetrek het, met krone meer glorieryk as wat ooit voorheen op die hoofde van aardse monarge geplaas is. Die Koning van glorie het die trane van alle gesigte afgevee. Hulle sing ‘n lofsang wat helder, aangenaam en harmonieus is.

Die lofsang weerklink deur die sale van die hemel: “... en hulle het met ‘n groot stem geroep en gesê: Heil aan ons God wat op die troon sit en aan die Lam,” en almal het gesê: “Amen! Die lof en die heerlikheid en die wysheid en die danksegging en die eer en die krag en die sterkte aan onse God tot in alle ewigheid. Amen!” Openbaring 7:10,12.

In hierdie lewe kan ons net begin om die wonderlike tema van verlossing te verstaan. Met ons beperkte begrip kan ons met alle erns die skande, die glorie, die lewe, die dood, die geregtigheid en die genade van die kruis net begin verstaan; maar selfs met die uiterste poging van al ons verstandelike vermoëns faal ons nog steeds om die volle omvang te begryp.

Die lengte en die breedte, die diepte en die hoogte van verlossende liefde kan slegs vaagweg verstaan word. Die verlossingsplan sal nie ten volle. verstaan word nie, selfs al sien die verlostes soos [132]
hulle gesien word en ken hulle soos hulle geken word; maar deur die eeue heen sal nuwe waarheid deurlopend en aanhoudend bekend word aan die verwonderde verstand. Alhoewel die hartseer en die pyn en versoekings van die aarde sal stop en die oorsaak verwyder sal word, sal God se volk altyd 'n duidelike, intelligente kennis besit van die geweldige hoë prys waarteen hul saligheid verkry is.

Die kruis sal die lied van verlossing wees tot in alle ewigheid. In die verheerlikte Christus sien hulle die gekruisigde Christus. Nooit sal dit vergeet word dat die Majesteit van die hemel Homself verneder het om die gevalle mens te verhef nie, dat Hy die skuld en skande van sonde en straf van die Vader se gesig moes verduur totdat die ellende van 'n verlore wêreld Sy hart gebreek het en Sy lewe geneem is. Die Skepper van al die wêrelde het Sy heerlikheid vrywilliglik afgelê weens liefde vir die mens - dit sal vir altyd die bewondering van die heelal geniet. Wanneer die menigtes verlostes na hul Verlosser kyk en besef dat Sy koninkryk geen einde het nie, breek hulle uit in sang: "Waardig is die Lam wat geslag is, wat ons verlos en bevry en versoen het met God, deur Sy kosbare bloed!"

Die geheimenis van die kruis verklaar alle geheimenisse. Dit sal verstaan word dat Hy wie oneindig is in wysheid, geen ander plan kon ontwerp het vir ons verlossing nie, behalwe die offer van Sy eie geliefde Seun. Die beloning vir hierdie offerande is die vreugde daarvan om die aarde te bevolk met heilige, gelukkige en onsterflike verloste siele. So waardevol is die siel dat God die Vader bereid was om hierdie prys te betaal. Christus self aanskou die vrugte van Sy offerande en is tevrede.

[133]

# 11 - Oorwinning va Liefde

Na afloop van die duisend jaar, [1] keer Christus terug na die aarde toe vergesel deur al die verlostes en 'n skare van engele. Hy beveel die goddelose dooies om op te staan en hul vonnis en straf te ontvang. Hulle kom na vore in ontelbare hoeveelhede, soos die sand van die see, met die spore van siekte en dood. Wat 'n kontras teenoor hulle wat deel was van die eerste opstanding!

Elke oog sal die heerlikheid van die Seun van God aanskou. Met een stem sal die goddelose menigte uitroep: "Geseënd is hy wie kom in die naam van die Here!" Mattheus 23:39. Dit is nie liefde wat hierdie uitroep inspireer nie. Die krag van die waarheid forseer die woorde van onwillige lippe. Soos die goddeloses graf toe is, so kom hulle na vore met dieselfde vyandiggesindheid teenoor Christus en dieselfde opstandige gees van rebellie. Hulle sal nou geen nuwe proeftydperk ontvang om hulle ou lewenswandel te herstel nie.

"En in die dag sal Sy voete staan op die Olyfberg wat voor Jerusalem lê, aan die Oostekant; en die Olyfberg sal middeldeur
[134] gesplyt word." Sagaria 14:4. Wanneer die nuwe Jerusalem neerdaal uit die hemel, sal dit gaan rus op die plek wat voorberei is en Christus, met Sy volk en die engele, sal die heilige stad binnegaan.

Terwyl hy afgesny is van sy werk van misleiding, is die prins van boosheid teneergedruk en neerslagtig, maar wanneer die goddelose dooies opgewek word en Satan die ontsaglike menigtes sien wat aan sy kant is, word sy hoop herstel. Hy is gedetermineerd om nie die groot stryd gewonne te gee nie. Hy verenig die goddeloses onder sy mag. Deur Christus te verwerp, het hulle die gesag van die rebeile leier aanvaar, gereed om sy opdragte uit te voer. Getrou aan sy misleiding identifiseer hy homself nie as Satan nie. Hy maak aanspraak daarop dat hy die regmatige erfgenaam is van die wêreld, wie se erfporsie van hom afgeneem is. Hy stel homself voor as 'n verlosser en verseker die goddeloses dat sy krag hulle uit die doderyk

[1] 'Dit is die millenium, wat beskryf word in die Bybel, Openbaring 20:1-6 en in die boek, Die Groot Stryd, Hoofstuk 41.

uit opgewek het. Satan maak die swakkes sterk en inspireer almal met sy energie en lei hulle om die stad van God oor te neem. Hy oortuig die ontelbare miljoene wie uit die doderyk opgewek is, dat [135]
hy as hulle leier in staat is om die troon en koninkryk weer terug te neem.

Ingesluit in hierdie groot menigte is die goddeloses wie geleef het voor die Vloed, manne wie baie groot in liggaamsbou is en wie reuse intellek besit; manne wie se wonderlike werke die wêreld inspireer het om hul genialiteit te verafgod, maar wie se wreedheid en bose doelwitte God oorreed het om hulle te vernietig. Onder hulle is konings en generaals wie nog nooit 'n oorlog verloor het nie. In die dood het hierdie goddeloses nie verander nie. Soos hulle uit die doderyk uit opgewek is, het hulle steeds dieselfde bose ideale en begeertes om te oorwin, wat en wie ook al oor hul regeer en of triomfeer het, voor hulle dood.

## Die Finale Aanslag Teen God

Satan konsulteer met hierdie magtige mense. Hulle verklaar dat die weermag binne die heilige stad klein is vergeleke met hulle weermag en dat die stad oorwin kan word. Kundiges en vernuftige vakmanne ontwerp en vervaardig wapentuig. Militêre leiers kommandeer oorlogsugtige mense op en organiseer hulle in kompanies en divisies.

Uiteindelik word die bevel gegee om God se stad te naderen die ontelbare menigte kom in beweging, 'n weermag wat groter is as al die gekombineerde weermagte wat deur al die eeue heen in die wêreld bestaan het. Satan lei self die voorhoede met die konings en soldate wat volg. Met militêre noukeurigheid beweeg die aanvalsmag nader oor die gebreekte oppervlakte van die aarde tot by die stad van God. Op bevel van Jesus word die hekke van die nuwe Jerusalem gesluit en die leërmagte van Satan maak gereed vir die aanval.

Nou verskyn Christus in die sig van Sy vyande. Vêr bokant die [136]
stad, op 'n fondament van poleerde goud, is 'n troon. Op hierdie troon sit die Seun van God en rondom hom is die onderdane van Sy koninkryk. Die glorie van die Ewige Vader omhul Sy Seun. Die helderheid van Sy teenwoordigheid vloei na buite toe deur die hekke en oorstroom die wêreld met Sy luisterrykheid.

Naaste aan die troon is hulle wie hulself eens vuriglik vir Satan se doelwiite beywer het, maar wie soos brandende stompe uit die vuur geruk is en die Verlosser daarna met intense toewyding gevolg het. Die volgende groep is hulle wie perfekte karakter gebou het ten spyte van valsheid en ontrouheid, wie die wet van God geëer het toe die wêreld dit nietig verklaar het en die miljoene van alle ouderdomsgroepe wie gemartel is vir hulle geloof.

Oorkant was .. 'n groot menigte wat niemand kon tel nie, uit alle nasies en stamme en volke en tale... bekleed met wit klere en met palmtakke in hulle hande." Openbaring 7:9. Hulle oorlogvoering is beeïndig, die veldslag gewen. Die palmtak is simboliek van oorwinning. Die wit kleed is 'n embleem van die geregtigheid van Christus, wat nou aan hulle behoort.

In al daardie menigtes, is daar niemand wie geregtigheid vir hulself deur hul eie goedheid kan verkry nie. Niks word vermeld oor wat hulle moes ly nie; die hooftoon van elke lofgesang is saligheid aan God en aan die Lam.

## Vonnis Uitoesoreek Teen Die Rebelle

ln die teenwoordigheid van die versamelde inwoners van die aarde en die hemel, vind die kroning plaas van die Seun van God. En nou, bekroon met oppergesag en krag, spreek die koning van
[137] die konings vonnis uit oor die rebelle wie Sy wet oortree het en Sy volgelinge onderdruk het. "En ek het 'n groot wit troon gesien en Hom wat daarop sit, voor wie se aangesig die aarde en die hemel weggevlug het en daar is geen plek vir hulle gevind nie. En ek het die dode, klein en groot, voor God sien staan, en die boeke is geopen; en 'n ander boek, die boek van die lewe, is geopen. En die dode is geoordeel na wat in die boeke geskryf is, volgens hulle werke." Openbaring 20:11,12.

Wanneer Jesus se oë oor die goddeloses gaan, is hulle bewus van elke sonde wat hulle nog ooit gepleeg het. Hulle besef waar hulle afgedraai het van die pad van geregtigheid af. Die verleidelike versoekinge wat hulle aangemoedig het deur toegeeflikheid aan sonde, die boodskappers van God wat verag is, die waarskuwings wat verwerp is, die genadepogings wat afgeweer is deur die hardkoppige,

onbelydende hart, kom almal voor asof dit geskryf is met letters van vuur.

Bokant die troon word die kruis onthul. Soos in 'n panoramiese [138] beeld word die tonele van Adam se sondeval vertoon asook die opvolgende stappe in die Plan van Verlossing. Die Verlosser se eenvoudige geboorte; Sy lewe van eenvoud; Sy doop in die Jordaanrivier; Sy vas en versoeking in die woestyn; Sy bediening wat ontvou en aan die mens die hemelse seëninge bevestig; Sy dae wat oorlaai was met dade van genade; die nagte van aanbidding in die berge; die komplotte van afguns en jaloesie wat beantwoord is met Sy seëninge; die misterieuse lyding in die tuin van Getsemanie onder die gewig van die sonde van die wêreld; Sy verraaiing en uitlewering aan die gepeupel; die gebeure van daardie nag van verskrikking - die weerstandlose gevangene wat deur Sy dissipels verlate is; Sy aanklaging voor die tribunaal in die hoëpriester se paleis; in die geregshof van Pilatus; verskyning voor die lafhartige Herodus; die bespotting, die belediging, die veroordeling tot die dood, word alles sterk uitgebeeld.

En nou voor die skare word die finale gebeure uitgebeeld; die [139] geduldige Slagoffer op pad na Golgota; die Prins van die hemel wat hang aan die kruis; die priesters en gepeupel wat Sy finale lyding bespot; die bonatuurlike duisternis van die oomblik toe die wêreld se Verlosser Sy lewe oorgegee en Sy asem uitgbelaas het.

Die verskriklike skouspel word vertoon net soos dit was. Satan en sy onderdane kan geensins wegdraai van die uitbeelding van hierdie gebeure nie. Elke rolspeler herroep die rol wat hy vervul het. Herodus, wie die onskuldige babatjies in Bethlehem laat doodmaak het; die laaghartige Herodias, op wie se siel die dood van Johannes die Doper rus; die veranderlike Pilatus; die bespottende soldate; die ontstoke gepeupel wie uitgeskreeu het; "Ons aanvaar die verantwoordelikheid vir sy bloed, ons en ons kinders!" - almal soek tevergeefs 'n geleentheid om weg te kruip van die majesteit van Sy goddellike aangesig, terwyl die verlostes hul krone neerlê voor die Verlosser se voete en uitroep, "Hy het virmy gesterf!"

Daar is Nero, die monster van wreedheid en onsedelikheid, wat die verheerliking aanskou van hulle wie se foltering aan hom sataniese genot verskaf het. Nero se moeder wat haar eie werk aanskou, hoe die hartstogte wat deur haar in hom aangemoedig is en haar

invloed en voorbeeld wat sy vir hom gestel het, vrugte gedra het van misdade wat die wêreld laat sidder het.

Daar is pousgesinde priesters en biskoppe wie verklaar het dat
[140] hulle Christus se ambassadeurs is wie die pynbank, ondergrondse tronkselle en folterpale gebruik het om mense te beheer en te forseer. Daar is die trotse pouse wie hulself verhef het bo God en vermoedelik ten doel gehad het om die tien gebooie van die Almagtige God te verander het. Hierdie pouse wie voorgee om Vader van die Kerk te wees, het verantwoording om te doen aan God. Te laat sal hulle besef dat die Alomteenwoordige Een jaloers is op sy wet. Hulle leer nou dat Christus Sy belange identifiseer met Sy lydende volk.

Die hele goddelose wêreld staan skuldig op die aanklag van hoogverraad teen die regering van die hemel. Hulle het niemand om hul saak te bepleit nie; hulle is sonder verskoning en die vonnis van die ewige dood word uitgespreek oor hulle.

Die goddelose besef nou wat hulle verbeur het deur rebellie. “Dit alles,” huil die verlore siel, “kon ek moontlik gehad het.” “0, buitengewone verblindheid! Ek het vrede, geluk en eer prysgegee
[141] vir miserabelheid, eerloosheid en vertwyfeling.” Almal sien en besef dat hul uitsluiting uit die hemel regverdig is. Deur hul lewens het hul verklaar: “Ons sal nie dat hierdie man [Jesus] oor ons regeer nie”.

## Satan Oorwin

Asof betower, aanskou die goddeloses die kroning en inhuldiging van die Seun van God. Hulle sien in Sy hande die tablette van die heilige wet wat hulle verag het. Hulle aanskou die uitbarsting van die verlostes; en soos die golf van melodieë oor die menigtes weerklink deur die stad, roep almal uit: “Groot en wonderlik is U werke, Here God, Almagtige; regverdig en waaragtig is u weë, o Koning van die heiliges!” Neergeval en uitgestrek op die grond, verheerlik hulle die prins van die lewe. Openbaring 15:3.

Dit wil voorkom of Satan verlam is. Eens ‘n bedekkende gerub, onthou hy waarvandaan hy geval het.

Van die Hemelse Raad waar hy altyd vereer is, is hy nou vir altyd uitgesluit. Hy sien ‘n ander nou naby die Vader staan, ‘n engel met majestueuse teenwoordigheid. Hy weet dat die verhewe posisie van hierdie engel syne kon gewees het.

Hy onthou die huis van sy onskuld, die vrede en tevredenheid wat syne was tot by sy rebellie. Hy neem 'n oorsig van sy werk onder die mense en die gevolge: die vyandskap tussen die mens en sy medemens; die verskriklike vernietiging van lewe, die omverwerping van trone, die krygsgedruis, konflikte en revolusies. Hy herroep sy volgehoue pogings om die werk van Christus te opponeer. As hy terugkyk na die vrugte van sy arbeid, sien hy net mislukkings. Hy is telkens gedurende die groot stryd oorwin en hy moes telkens noodgedwonge oorgee.

Die werklike doel van die groot rebel was altyd om die goddellike regering verantwoordelik te probeer maak vir die rebellie. Satan het groot menigtes oortuig van sy weergawe, dat die goddeliike regering [142]
selt die oorsaak van die rebellie was. Vir duisende jare het hierdie hoof van sameswering valsheid vir die waarheid voorgehou. Maar die tyd het aangebreek vir die geskiedenis en karakter van Satan om openbaar gemaak te word. In sy laaste poging om Christus te onttroon, Sy mense te vernietig en om eienaarskap van die stad van God oor te neem, is die groot misleierten volle ontmasker. Hulle wie met hom verenig het, sien die totale mislukking van sy stratgiese planne en doelwitte.

Satan sien dat sy vrywillige rebellie hom ongeskik gemaak het vir die hemel. Hy het sy kragte geoefen om oorlog te maak teen God; die reinheid en harmonie in die hemel sal vir Satan uiterste marteling gewees het. Hy buig neer en erken die regverdigheid van sy vonnis.

Elke kwessie van waarheid en leuen in die langdurige groot stryd, word nou duidelik gemaak. Die resultate van die afskaffing van die goddellike wette word bekend gemaak aan die hele skepping. Die geskiedenis van die sonde sal staan deur die ewigheid heen as getuie dat, in die onderhouding van God se wet, opgesluit is die geluk van al die skepsels wat God geskape het.

Die hele skepping, die lojale dienaars en rebelle, verklaar met een akkoord: "Regverdig en reg is u weë, o Koning van die heiliges."

Die uur het gekom om Christus te verheerlik bo aile name. Vir [143]
die blydskap wat nou voor Hom heers - die feit dat Jesus so baie siele kon red - het Hy die kruis verduur. Hy kyk na die verlostes, wie almal hernu is na Sy beeld. Hy sien in hulie die opbrengs van die trawal wat Sy siel moes verduur en Hy is tevrede. Jesaja 53:11.

Met ‘n stem wat al die menigtes bereik, regverdiges en goddeloses, verklaar Hy: “Aanskou die losgekooptes van My bloed! Vir hulle het Ek gely, vir hulle het Ek gesterf.”

## Geweldadige Einde van die Goddeloses

Satan se karakter bly onveranderd. Rebellie bars uit soos ‘n magtige stortvloed. Hy is gedetermineerd om nie die laaste desperate geveg teen die Koning van die hemel gewonne te gee nie. Maar al die ontelbare miljoene wie hy tot rebellie opgesweep het, erken nou nie meer sy gesag nie. Die goddeloses is almal gevul met dieselfde haat vir God as wat Satan inspireeer, maar hulle besef dat hulle saak hopeloos is.

Vuur daal neer van God uit die hemel. Die aarde word opgebreek. Verterende vlamme bars uit elke kloof en skeur.

Selfs die rotse breek uit in vuur. Die elemente smelt met gloei-
[144] ende vuur, asook die aarde, en al die werke daarop word uitgebrand. 2 Petrus 3:10. Die aarde se oppervlakte lyk soos een smeltende massa - ‘n groot kokende meer van vuur. “Want die Here hou ‘n dag van wraak, ‘n jaar van vergelding in die regsaak van Sion.” Jesaja 34:8.

Die goddeloses word gestraf, “elkeen volgens sy dade.” Satan word gestraf nie net vir sy eie rebellie nie, maar ook vir al die sondes wat hy veroorsaak het en God se dienaars hulle skuldig aan gemaak het. In die vlamme word die goddeloses uiteindelik almal vernietig, wortels en takke - Satan, die wortels en sy volgelinge, die takke. Die volle straf van die wet is uitgedien; daar is voldoen aan die vereistes van die wet. Satan se vernietigingswerk is vir altyd beeïndig. Nou is God se skepsels vir altyd bevry van sy versoekinge.

Terwyl die aarde omhul is in vuur, woon die regverdiges veilig in die Heilige Stad. Terwyl God vir die goddeloses ‘n verterende vuur is, is Hy vir Sy volk, ‘n skild van beskerming. Lees Openbaring 20:6 en Psalm 84:11.

## Ons Finale Woning

“Toe het ek ‘n nuwe hemel en ‘n nuwe aarde gesien: Die eerste hemel en die eerste aarde het verdwyn. Openbaring 21:1. Die

vuur wat die goddeloses vernietig, reinig die aarde. Elke spoor van die vloek is verníetíg. Geen ewigdurende brandende hel sal vir die verlostes die vreeslike gevolge van sonde voorhou nie.

Een herinnering alleen is blywend: ons Verlosser sal vir altyd die merke dra van Sy kruisiging, die enigste spore van die wrede werk wat sonde gesmee het. Deur ewigdurende eeue heen sal die wonde van Golgota Sy lof besing en Sy krag bevestig.

Christus het Sy dissipels verseker dat Hy gegaan het om vir [145]
elkeen 'n plek voor te berei in Sy Vader se woning. Menslike taal is onbevoeg om die beloning van die regverdiges te beskryf. Dit sal alleenlik bekend wees aan hulle wie dit sal ontvang. Geen menslike verstand kan die glorie van die Paradys van God begryp niel

In die Bybel word die erfporsie van die verlostes beskryf as "'n land". Hebreërs 11:14-16. Daar sal die hemelse Herder Sy skape lei na fonteine van lewende waters. Daar is altydvloeiende strome, helder soos kristal en langs hulle, golwende bome wat hul skadus gooi op die paaie wat voorberei is vir die verlostes van die Here. Wydverspreide vlaktes kring uit voor heuwels van prag en in die agtergrond is die berge van God met hul hoë spitse. Op hierdie vreedsame vlaktes, langs daardie lewende strome, sal God se volk wat so lank pelgrims en swerwers was, 'n tuiste vind.

"En hulle sal huise bou en bewoon, en wingerde plant en die vrugte daarvan eet: hulle sal nie bou dat 'n ander dit bewoon nie; hulle sal nie plant dat 'n ander dit eet nie; want die dae van my volk sal wees soos die dae van die bome, en my uitverkorenes sal die werk van hulle hande self geniet."

"Die woestyn, die dor land, sal jubel, die droë wêreld sal juig, oortrek met affodille." "Wolwe en skape sal dan saam bly, luiperds sal tussen bokkies lê, kalwers, leeus en voerbeeste sal bymekaar wees en klein seuntjies sal vir almal sorg." "Op My heilige berg sal niemand kwaad aanrig of iets verniel nie." Jesaja 65:21, 22; Jesaja 35:1; Jesaja 11:6, 9.

Pyn kan nie bestaan in die hemel nie. Daar sal nie meer trane [146]
wees nie, geen begrafnisstoet nie. "Daar sal geen dood meer wees nie; ook droefheid en geween en moeite sal daar nie meer wees nie, want die eerste dinge het verbygegaan." "Niemand in die stad sal meer sê: 'Ek is siek' nie; die sonde van die volk wat in Sion woon, is vergewe." Openbaring 21:4; Jesaja 33:24.

Daar is die nuwe Jerusalem, die metropool van die glorieryke nuwe wêreld. “En dit het die heeriikheid van God gehad en sy lig was soos ‘n baie kosbare steen, soos die kristalhelder jaspissteen.” “Die nasies sal in die stad se lig lewe en die konings van die aarde bring hulle skatte daarheen ” “Die tabernakel van God is by die mense en Hy sal by hulle woon en hulle sal Sy volk wees; en en God self sal by hulle wees as hulle God.” Openbaring 21:11,24; Openbaring 21:3.

“Daar sal nie meer nag wees nie.” Openbaring 22:5. Daar sal nie meer vermoeidheid wees nie. Ons sal altyd die varsheid van die móre geniet.

Die lig van die son sal vervang word deur ‘n glansryke lig wat nie pynlik verblindend is nie, maar wat onmeetlik helderder is as die middagson. Die verlostes wandel in die glorie van onverganklike lig.

” ‘n Tempel het ek nie in die stad gesien nie, want sy tempel is die Here God, die Almagtige en die Lam.” Openbaring 21:22. Die volk van God is bevoorreg om ope gemeenskap met God die Vader en die Seun te kan geniet. Nou sien ons die beeld van God asof in ‘n spieël, maar dan sal ons Hom van aangesig tot aangesig sien, sonder ‘n sluier wat die beeld verdof.

[147]

## Die Triemf van God se Liefde

Daar sal al die liefde en simpatie wat God self in die siel ingeplant het, sy opregste en soetste oefening kry. Die suiwer gemeenskap met heilige wesens en die gelowiges van alle eeue, die heilige bande wat “die hele gemeenskap van gelowiges in hemel en op aarde” verbind - dit help om die geluk van die verlostes saam te stel. Efesiërs 3:15.

Daar sal onsterflike denke, met onophoudelike vreugde, die wonders van kreatiewe kragte en die geheime van bevrydende liefde bedink. Elke fakulteit van die mens sal ontwikkel word, elke kapasiteit vermeerder of verhoog word. Die versameling en verkryging van kennis sal nie die energiebronne uitput nie. Die mees verhewe ondernemings sal van stapel gestuur kan word, die hoogste aspirasies bereik word, die hoogste ambisies realiseer word. Steeds sal daar nuwe hooogtes kom wat oorwin kan word, nuwe wonders om te admireer, nuwe waarhede om te ontdek, nuwe objekte om die kragte van die gees, siel en liggaam uit te daag en te ontwikkel.

Al die skatte van die aarde sal toeganklik wees vir die verlostes. [148]
Onbekommerd oor sterflikheid, sal hulle onvermoeid ander wêrelde verken. Die kinders van die aarde verkry toegang tot die vreugdes en kennis van ongevalle wesens en deel in hulle skatte van kennis wat deur eeue versamel is. Met onbelemmerde sig neem hulle kennis van die glorie van die skepping, sonne en sterre, almal in hul vasgestelde bane, wat om die troon van die Godheid wentel.

En die jare van die ewigheid, soos dit verbygaan, sal steeds meer en meer glorieryke ontdekkings van God en van Christus bekend maak. Hoe meer die mens leer van God hoe meer sal die mens God se karakter admireer. Soos Jesus die rykdom van bevryding en die verbasende suksesse wat behaal is teen Satan in die groot stryd bekend maak, sal die harte van die verlostes juig van toewyding en sal tien duisend maal tien duisend stemme verenig in lofsang om God te verheerlik en te prys.

"En elke skepsel wat in die hemei en op die aarde en onder die aarde en wat op die see is, en alles wat in hulle is, het ek hoor sê: Aan Hom wat op die troon sit, en aan die Lam kom die lof toe en die eer en die heerlikheid en die krag tot in alle ewigheid!" Openbaring 5:13.

Die groot stryd is verby. Sonde en sondaars is daar nie meer nie. Die totale heelal is skoon. Een pols van harmonie en blydskap klop deur die totale skepping. Van Hom wie alles geskep het, vloei lewe en lig en blydskap deur die ryke van grenslose ruimtes. Van die kleinste atoom tot die grootste wêreld, alle dinge lewend en dood, in hul onbelemmerde skoonheid en perfekte blydskap, verklaar: God is liefde!